NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

*Dit begin alles hier*™

# JAARVERSLAG

2012

**15** fakulteite

VSA-geregistreerde patente **11**

**13** tegnologie-newemaatskappye

**3** NWU-kampusse

**58 752** ingeskrewe studente

**42** RSA-gepatenteerde uitvindings



**14 669** kwalifikasies toegeken

totale navorsingsuitset neem toe vanaf

1 483 (2011) ▶ 1 830 (2012)

= **23%** GROEI

**19%** studente van die noordwesprovinsie

**21%** studente van gauteng

**154** *PhD's toegeken*

**670** *meestersgrade toegeken*



GESLAG



67% vrouestudente

33% manstudente

# inhoud


4 ons visie, waardes en missie
5 ons manifes
6 oor hierdie verslag
7 ons profiel
8 ons strewe na volhoubaarheid
10 bestuursopsomming

## 13 ons korporatiewe bestuur

14 boodskap van die kanselier
16 verslag van die voorsitter van die raad
20 raadsverslag oor korporatiewe bestuur
24 ontmoet ons raadslede
30 verslag van die institusionele forum

32 senaatsverslag

33 - ons studente
38 - ons onderrig-leer
43 - ons navorsing

## 49 hoe ons die nwu bestuur

50 ontmoet ons institusionele bestuur
52 bereiking van ons doelwitte (institusionele plan)

60 verslag van die visekanselier

62 - ons bemagtig ons werknemers (mensekapitaal)
66 - ons maak goeie korporatiewe en ander bestuur moontlik (institusionele registrateur)

68 - ons voorsien stewige fondamente vir die toekoms (finansies en fasiliteite)
72 - ons tegnologie en innovasie ondersteun kennisdeling (innovasie, tegnologie, gemeenskapsverbintenis en internasionalisasie)
76 - ons laat ons stem hoor (korporatiewe sake en verhoudinge)

## 81 ons kampusse

82 mafikengkampus
86 potchefstroomkampus
92 vaaldriehoekkampus

## 97 ons finansies

98 verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en uitvoerende direkteur: finansies en fasiliteite
105 gekonsolideerde staat van finansiële stand op 31 desember 2012
106 gekonsolideerde staat van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 desember 2012

107 lys van afkortings
116 dankbetuigings

## volg ons voetspore

Ons as die NWU erken ons verantwoordelikheid teenoor alle belanghebbers om ons doelwitte met integriteit na te streef terwyl ons voortdurend in gedagte hou dat alles wat ons doen ‘n impak op mense en die omgewing het.

Ons is bewus dat ons op so ‘n wyse moet optree dat die instelling, ons aktiwiteite en die voordele daarvan in die toekoms voortgesit kan word. Met ander woorde: ons moet streef na volhoubare ontwikkeling.

Vir die doel van hierdie jaarverslag word volhoubare ontwikkeling beskou as ontwikkeling wat aan die behoeftes van mense vandag voldoen, sonder om die vermoë van toekomstige geslagte om aan hul eie behoeftes te voldoen in die gedrang te bring.

Vir ons gaan dit oor meer as om net ons koolstof-voetspoor te verminder en op die omgewing te fokus. Dit beteken ook om aandag te gee aan sake soos mense-regte, arbeidspraktyke, gemeenskapsverbintenis, aanspreeklikheid vir produkte en dienste, en finansies.

Ons nooi jou, die leser, om ons “voetspore” te volg terwyl jy deur hierdie publikasie blaai. Die voetspore wys hoe ons probeer om verantwoordelik op te tree om die impak van ons aktiwiteite op ons eie volhoubaarheid sowel as op dié van ons belanghebbers en die omgewing te bestuur.




*Ons impak op mense* | *Ons ekonomiese impak* | *Ons omgewingsimpak*

# ons visie, waardes en missie

## visie

Om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

## waardes

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die waardes van menswaardigheid, gelykheid,vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid.

## missie

Om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en sy kundigheid op 'n innoverende wyse te implementeer. Die universiteit sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

## die missie het vyf kenmerkende elemente:

1

### missie-element 1:

Om transformasie te dryf as 'n geïntegreerde, dringende, regverdige en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering ten einde institusionele ongelykhede aan te spreek terwyl daar ag geslaan word op die behoeftes van die land en sy mense. Die NWU doen dit deur die bemagtiging van sy mense deur kwaliteitopvoeding, wêreldklasnavorsing en betekenisvolle implementering van kundigheid.

2

### missie-element 2:

Om deur middel van innoverende onderrig en leer van hoë gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink in hul diens aan die land en sy mense.

3

### missie-element 3:

Om relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte wat belyn is met nasionale prioriteite te ontwikkel en in stand te hou, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.

4

### missie-element 4:

Om ons kundigheid in onderrig en leer en navorsing – kommersieel sowel as gemeenskapsgerig – te implementeer tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland, en uiteindelik die wêreld.

5

### missie-element 5:

Om die NWU in die sektor te posisioneer as 'n aanspreeklike, doeltreffende, goed-bestuurde, finansieel lewensvatbare en innoverende instelling met 'n sterk kliëntefokus ten einde die gehalte van die kernbesigheid te versterk en te verbeter en volhoubaarheid te verseker.

# ons manifes

Dit gaan oor meer as net onderrig – dit gaan oor die **GELEENTHEDE** wat onderrig bring.

Hierdie is 'n plek...waar enigiets moontlik is.
'n Plek waar die verbeelding geen grense het nie,
en drome begin.
'n Plek wat 'n stem gee aan wie jy waag om te wees.

Waar elke nuwe dag 'n geleentheid is om...
die volgende grootste - vinnigste - hoorbaarste - trotsste...die volgende eerste te wees.

Dis 'n plek waar stemme duideliker word, strewes gevisualiseer word, en toekomstige suksesse ontwikkel.

Anderkant die deure lê ons roeping...
Hier word ons nuwe nalatenskap neergeskryf,
en floreer ons eenheid binne diversiteit.

Dit is die plek waar
"wat as" verander na "wat is";
waar "as" verander na "wanneer";
en "dalk" verander na "kan."

Die NWU is die plek waar
jou beste
die geleentheid het
om beter te word.

# omtrent hierdie verslag

Die NWU besef dat die inligting wat in hierdie verslag ingesluit is belangrik is om belanghebbers in staat te stel om ons prestasies behoorlik te evalueer en dan daarvolgens op te tree.

In die opstel van hierdie verslag het die NWU die volgende riglyn van die Global Reporting Initiative (GRI) in aanmerking geneem:

## die beginsel om die inhoud van die verslag te bepaal

**Inklusiwiteit van belanghebbers**

Die NWU het sy belanghebbers geïdentifiseer as daardie groepe of individue wat deur die universiteit se aktiwiteite en dienste geraak word, en wie se optrede op hulle beurt weer 'n invloed het op die vermoë van die universiteit om sy strategieë te implementeer en sy doelstellings te verwesenlik.

Tydens ons daaglikse kontak met ons belanghebbers het ons nuttige insette gekry vir besluite oor wat om in hierdie verslag in te sluit. Om die waarheid te sê, toe die inhoud van hierdie verslag bepaal is, het ons die redelike verwagtinge en belange van ons hoofbelanghebbers (soos in die tabel hieronder uiteengesit) in gedagte gehou.

| Vlak 1-belanghebbers |
|---|
| Studente (huidig, nagraads) |
| Personeel (akademies, ondersteuning, kontrak) |
| Werkgewers, besigheid, nywerheid |
| Eweknieë, akademiese en navorsingsinstansies |

| Vlak 2-belanghebbers |
|---|
| Ouers en familie (van geregistreerde studente) |
| Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, Hoëronderwyskwaliteitskomitee, Hoër Onderwys Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid |
| Skole (graad 11- en 12-leerders) |
| Donateurs, borge, beskermhere |
| Media |

| Vlak 3-belanghebbers |
|---|
| Die regering en staatsdepartemente |
| Alumni en Konvokasie |
| Senaat en Raad |
| Bestuur |
| Professionele rade, akkrediteringsinstansies |
| Gemeenskap, plaaslike ekonomie, besigheid |
| Plaaslike regering, munisipaliteite, burgerlike organisasies |
| Afrikaanse gemeenskap |

| Vlak 4-belanghebbers |
|---|
| Suid-Afrikaanse, algemene publiek (insluitende Afrika) |
| Biblioteke, Biblioteekinligtingsvereniging van SA, Biblioteekadviesraad |
| Fakulteite (NWU) |
| Kerke |
| Provinsiale Regering |
| Vakbonde met NWU-lede |
| Internasionale ontwikkelingsinstansies |
| Eduloan, Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente |
| Diensverskaffers |

| Vlak 5-belanghebbers |
|---|
| Politici, politieke partye |
| Boere |
| Tradisionele leiers, hoofmanne |
| NRO's |
| VOO-kolleges |
| Statutêre liggame |
| Voornemende ouers |

## beginsels om die kwaliteit van die verslag te bepaal

**Balans:** Die verslag weerspieël positiewe sowel as negatiewe aspekte van die NWU se prestasie om so 'n beredeneerde evaluering van prestasie in die geheel moontlik te maak.

**Vergelykbaarheid:** Die NWU het die inligting konsekwent geselekteer, saamgestel en gerapporteer en dit so aangebied dat belanghebbers enige veranderinge in die organisasie se prestasie oor tyd heen kan ontleed.

**Akkuraatheid:** Die gerapporteerde inligting is akkuraat en gedetailleerd genoeg vir belanghebbers om die organisasie se prestasie te kan evalueer.

**Tydigheid:** Die NWU rapporteer volgens 'n gereelde skedule (jaarliks) sodat inligting betyds beskikbaar is vir belanghebbers om ingeligte besluite te neem. Inligting in die verslag gee 'n duidelike aanduiding van die tydperk waarop dit van toepassing is.

**Betroubaarheid:** Die proses wat in die opstel van hierdie verslag gevolg word, kan aan ondersoek onderwerp word en die oorspronklike bron van die inligting kan deur die NWU geïdentifiseer word. Betroubare bewyse ter ondersteuning van aannames of komplekse berekeninge is beskikbaar.

# ons profiel

## naam van die organisasie
**Noordwes-Universiteit**

## primêre handelsmerke, produkte en dienste

Ons kernbesigheid bestaan uit onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid.

## lande waar die organisasie werksaam is

Ons is hoofsaaklik in Suid-Afrika werksaam, maar deur ons daaglikse aktiwiteite werk ons ook baie saam met instansies en mense dwarsoor die wêreld. In 2012 het die NWU ongeveer 49 aktiewe ooreenkomste en memorandums van verstandhouding gehad.

## ligging

Die NWU is 'n Suid-Afrikaanse universiteit met drie kampusse en 'n Institusionele Kantoor.

Die kampusse is geleë in

- Potchefstroom
- Mafikeng
- Vaaldriehoek

Die Institusionele Kantoor (hoofkantoor) is ook in Potchefstroom geleë.

## aard van eienaarskap en regsvorm

Die NWU is een van 23 openbare hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika en word ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 gereguleer.

## markte bedien

Hoewel die NWU se hoofkliënte sy studente is, het die universiteit ook interaksie met verskeie ander groepe belanghebbers. (Kyk tabel op bl 6)

## skaal van die organisasie

In 2012 was daar 58 752 ingeskrewe studente en 7 476 personeellede in diens.

## netto inkomste

Die totale inkomste van die universiteit was R2 713,3 miljoen vir die 2012- finansiële jaar (totale uitgawes: R2 609,3 miljoen).

## hoeveelheid dienste voorsien

14 669 studente het gedurende 2012 grade en diplomas ontvang.

# ons strewe na volhoubaarheid

'n Verbintenis tot volhoubaarheid is noodsaaklik in die hedendaagse wêreld. In Suid-Afrika, waar die ontwikkelingsuitdagings reusagtig is, word daar van hoëronderwysinstellings vereis om uitdagings wat meer as hul kernbesigheid behels, aan te pak. Om die belange van huidige en toekomstige geslagte te beveilig, moet hierdie instellings volhoubare ontwikkeling bevorder wat tot 'n sterk en gesonde omgewing, ekonomie en gemeenskap bydra.

In ons missiestelling en waardes streef die NWU na verantwoordelike korporatiewe burgerskap, respek en goeie korporatiewe bestuur. Ons is tot volhoubare omgewingspraktyke verbind en, deur ons strategie vir gemeenskapsverbintenis, tot sosio-ekonomiese bemagtiging.

As 'n lid van die wêreldwye Talloires Network het ons ons daartoe verbind om volhoubaarheid 'n opvoedkundige (onderrig-leer-) en navorsingsdoelwit te maak.

Ons het ook die Southern African Regional Universities Association (SARUA) se Program vir Klimaatsverandering-kapasiteitsontwikkeling wat deur die hele hoëronderwyssektor van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) strek, onderskryf. Daarby neem die universiteit ook aan die jaarlikse akademiese impakverslag van die Verenigde Nasies deel.

## strategie en analise

Die NWU streef daarna om een van die toonaangewende universiteite in Suid-Afrika op die gebied van volhoubare ontwikkeling te word. Ons het ons reis onderweg na volhoubaarheid en ons eerste geïntegreerde verslag met 'n logiese benadering aangepak.

Die beginpunt was om 'n omgewingswetgewing-voldoeningsoudit uit te voer, en daarna ons breed-gebaseerde 'groen' inisiatiewe uit te brei. Laasgenoemde inisiatiewe bestaan hoofsaaklik uit bewusmakings-, herwinnings- en energiebesparingsprojekte.

Ons volhoubaarheidsinisiatief is tans aan die kantoor vir gemeenskapsverbintenis gekoppel. Hierdie kantoor het 'n strategiese fokus op die drievuldige winsgrens, vir interne projekte sowel as programme vir gemeenskapuitreiking. Die doel is om weg te beweeg van suiwer filantropie na bemagtigende vennootskappe met ons plaaslike gemeenskappe.

Die universiteit het strategiese fondse opsygesit om personeel en bestuur deur 'n reeks werkswinkels oor gemeenskapsverbintenis, volhoubaarheid en geïntegreerde verslagdoening op te lei. Hierdie fondse sal ook gebruik word om tekortkominge reg te stel wat in die omgewingswetgewing-voldoeningsoudit geïdentifiseer is.

'n Belanghebber-betrokkenheidsproses om die kwaliteit en wesenlikheid van ons geïntegreerde verslag te bepaal word vir 2013 beplan.

## oudit: omgewingswetgewing

'n Begrip van ons eie omgewingsimpak en die soeke na 'n vermindering van ons ekologiese voetspoor is die eerste stappe onderweg na 'n meer volhoubare toekoms vir almal. In 2012 het die NWU die Sentrum vir Omgewingsbestuur opdrag gegee om omgewingswetgewing-voldoenings-oudits vir al ons kampusse uit te voer. Die proses het uit vyf fases bestaan: (1) Vooroudit-openbaarmaking (2) Ouditbeplanning en -skedulering (3) Ouditenuitvoering (4) Verslagdoening (5) Ouditopvolging en afsluiting.

Die ouditdoelstellings was om enige afwykings van die vereistes van die omgewingswetgewing te identifiseer, te soek na geleenthede vir verbetering en bevestigde voldoening aan omgewingswetgewingvereistes te vier.

Die oudits is in 'n gees van samewerking uitgevoer. Alle partye wat aan oudit onderhewig was, was gretig om deel te neem en was oop en eerlik omtrent hul werk. Op baie gebiede was dit duidelik dat aansienlike energie bestee is aan pogings om aan die betrokke wetgewingsvereistes te voldoen. Die hoofredes vir nie-voldoening was 'n gebrek aan kennis omtrent regsvereistes en uitdagings in die vertolking en toepassing van hierdie vereistes.

'n Implementeringsplan is opgestel om nie-voldoening reg te stel. Gebiede vir verbetering is geprioritiseer volgens risiko-evaluering (inherente risiko), wetsoortredings/risiko van vervolging, reputasieskade, risiko vir personeel en studente, die risiko vir die omgewing of vir hulpbronne en ekonomiese/finansiële bedreigings.

Hierdie plan sal in 2013/2014 geïmplimenteer word. Ons topprioriteite sal wees om te fokus op aspekte wat met infrastruktuurontwikkeling en -instandhouding, afvalbestuur (algemene en gevaarlike afval), die bestuur van gevaarlike goedere en gevaarlike stowwe, en grond- en biodiversiteitsbestuur te make het.

Aksiestappe wat in die implementeringsplan gedoen sal word, sluit in sifting van nuwe ontwikkelings en navorsingsprojekte vir toepaslike regsvereistes, aansoeke om omgewingsmagtiging (OM), en ondersoek van bestaande aktiwiteite, fasiliteite en infrastruktuur op alle kampusse aan die hand van regs- en OM-vereistes. Ons sal enige onwettige aktiwiteite regstel. Ons sal ook

formele reëlings ontwikkel vir die bestuur van algemene en gevaarlike afval by die NWU, en ons sal inisiatiewe vir die implementering van die afvalbestuurshiërargie ondersoek en uitvoer deur afval te verminder, te hergebruik en te herwin.

Laastens sal die NWU formele reëlings vir die bestuur van grond en biodiversiteit ontwikkel, asook vir die opleiding van personeel en studente in al hierdie opsigte.

## groen inisiatiewe in 2012

Die NWU implementeer meer as 50 groen inisiatiewe op die kampusse en by die Institusionele Kantoor om ons koolstofvoetspoor op 'n volhoubare wyse te verminder. Die studenterade op die kampusse bestuur talle van hierdie projekte en studente is aktief daarby betrokke.

Die projekte fokus hoofsaaklik op afvalbestuur en energiebesparing:

- ➞ Om koolstofvrystellings te verminder, word personeel en studente op die Potchefstroomkampus aangemoedig om fiets te ry klas toe en die kampuspendeldiens te gebruik.
- ➞ Op al drie kampusse ding studente wat in koshuise woon mee om minstens 10% van hul normale elektrisiteitsverbruik te bespaar. Maatreëls vir energiebesparing sluit die installasie van sonwaterverwarmers en energiebeheertoestelle in. Die Potchefstroomkampus alleen het tot dusver R1 miljoen op elektrisiteit bespaar.
- ➞ Die bestuurskomitee van die Potchefstroomkampus hou papierlose vergaderings en verskeie fakulteite op hierdie kampus het hulle voorbeeld gevolg. Die uitvoerende bestuur van die Mafikengkampus het ook papierlose vergaderings begin hou.
- ➞ Elektroniese kommunikasie word wyd vir onderrig-leer en vir interaksie met studente gebruik. Die Vaaldriehoekkampus publiseer sy studentekoerant, Student 24/7, slegs in elektroniese formaat.

  Die Fakulteit Teologie gee ook reeds sedert 2011 eerste-jaarstudiegidse slegs in elektroniese formaat uit.
- ➞ Die Vaaldriehoekkampus het 'n onderneming oor klimaatsverandering met ander universiteite en kolleges onderteken.

'n Aantal van die NWU se groen inisiatiewe het ook sterk komponente van gemeenskapsverbintenis:

- ➞ In sekere uitreikingsprogramme van die Potchefstroomkampus word skoolleerders wat nie elektrisiteit by die huis het nie, van mobiele sonkragpanele voorsien.
- ➞ 'Ruilwinkels' word by plaaslike skole bedryf om leerders aan te moedig om herwinbare produkte vir skryfbehoeftes, speelgoed en ander items te verruil.

  Gedurende die tweede week ná die aanvang van die projek het leerders by een skool meer as 450 kilogram herwinbare materiaal verruil vir onder andere toiletware en sporttoerusting.
- ➞ As deel van die Farm Labour and General Health- (FLAGH-) gemeenskapsprojek word vroue geleer om verskeie items van herwinbare materiaal soos glas, papier, hout en plastiek te maak en te verkoop.

Om omgewingsverantwoordelik te wees, is nou 'n belangrike deel van die NWU-kultuur. Die universiteit aanvaar sy verantwoordelikheid teenoor die planeet en sy inwoners en die taak om hulpbronne te bewaar en omgewingskwaliteit met die oog op 'n beter toekoms te bevorder.



# bestuursopsomming

## die NWU-storie in 2012

Hierdie jaarverslag vertel die storie van die suksesse van ons studente, personeel en ander sleutelbelanghebbers gedurende 2012.

Die NWU skep 'n omgewing wat dit moontlik maak vir studente om te word wat hulle wil wees, personeel om suksesvolle loopbane te bou, en werkgewers om die graduandi wat hulle nodig het, te kry.

Die boustene van hierdie omgewing is finansiële stabiliteit, goeie korporatiewe bestuur, vaardige en gemotiveerde mense, goed toegeruste geboue en fasiliteite, en sterk verhoudings met belanghebbers.

Goeie nuus is dat 88,2% van ons voorgraadse studente hierdie jaar geslaag het, wat weereens heelwat beter as die nasionale gemiddelde is.

Die vaardighede van NWU-akademici en -navorsers toon ook 'n egalig stygende tendens. Teen die einde van 2012 het die NWU byvoorbeeld 140 navorsers met graderings van die Nasionale Navorsingstigting gehad. Dit is belangrik, want dit beteken dat die mense wat hul kennis aan studente oordra, ware kundiges in hul dissiplines is.

Vir navorsing aan die NWU was 2012 een van die beste jare sedert die samesmelting in 2004. Die totale navorsingsuitset was 1 830, wat 23% hoër as die vorige jaar is. As een van Suid-Afrika se voorste navorsingsuniversiteite doen ons baanbrekerswerk op baie gebiede, vanaf sonkragvoertuie en behandeling van hoë bloeddruk tot watergehalte, inheemse kennisstelsels, biodieselbrandstof en positiewe sielkunde.

NWU-studente woon, werk en ontspan in moderne geboue en fasiliteite wat goed toegerus en in stand gehou word. Gedurende die jaar is R219 miljoen aan die oprigting of instandhouding van geboue op al drie kampusse en by die Institusionele Kantoor bestee. Die NWU se totale begroting vir 2012 was R2,7 miljard, wat befonds is deur 'n kombinasie van staatsubsidies (41%), studentegelde (26,5%) en geld wat deur kommersiële aktiwiteite verdien is, insluitende tantiemes, lisensiegelde en werk wat vir die sakewêreld en die nywerheid gedoen is.

Ons is bevoorreg dat ons in hierdie moeilike ekonomiese klimaat alle uitgawes kon dek en steeds 'n beskeie finansiële surplus kon oplewer.

Ons gunstige finansiële posisie weerspieël die kultuur van aanspreeklikheid en nougesette finansiële bestuur en gee aan alle belanghebbers die gemoedsrus dat ons ons hulpbronne effektief en verantwoordelik bestuur. Bewys hiervan is dat ons in 2012 vir die negende jaar agtereenvolgens 'n ongekwalifiseerde ouditeursverslag van ons eksterne ouditeure ontvang het.

In die geheel beskou, bly die universiteit op 'n gesonde grondslag gevestig, gereed en bereid om steeds 'n omgewing te skep waarin ons belanghebbers kan floreer.

## the NWU story in 2012

This annual report tells the story of the successes of our students, staff and other key stakeholders during 2012. By creating an enabling environment, the NWU makes it possible for students to become what they want to be, staff to build satisfying careers and employers to find the graduates they need.

The building blocks of this enabling environment are financial stability, good corporate governance, skilled and motivated people, well-equipped buildings and facilities, and strong relationships with stakeholders.

Good news is that 88,2% of our undergraduate students passed the year, which, yet again, is significantly better than the national average. The skills of NWU academics and researchers are also on a steady upward curve. By the end of 2012, for instance, the NWU had 140 researchers with ratings from the National Research Foundation. This is important because it means the people who are passing their knowledge on to students are true experts in their disciplines.

For research at the NWU, 2012 was one of the finest years since the merger in 2004. Total research output came to 1 830, which was 23% higher than in the previous year. As one of South Africa's top research universities, we are breaking new ground in many fields, from solar-powered vehicles and hypertension treatment to water quality, indigenous knowledge systems, biodiesel fuel and positive psychology.

NWU students live, work and play in modern, well-equipped and well-maintained buildings and facilities.

During the year, R219 million was spent on constructing or upgrading buildings on all three campuses and the Institutional Office. The NWU's total budget for 2012 came to R2,7 billion,which was funded through a combination of government subsidies (41,0%), student fees (26,5%) and money earned through commercial activities, including royalties, licence fees and work done for business and industry. The university is fortunate that in this tough economic climate, we were able to cover all expenses and still produce a modest financial surplus.

Our favourable financial position reflects the culture of accountability and meticulous financial management, giving all stakeholders peace of mind that our resources are efficiently and responsibly managed. Evidence of this is that in 2012, for the ninth year in a row, we received an unqualified audit report from our external auditors.

All in all, the university is on a sound footing, ready and willing to continue providing an enabling environment for our stakeholders to flourish.

## kgang ka YBB ka 2012

Pego eno ya ngwaga le ngwaga e re lotlegela ka go atlega ga baithuti ba rona, badiri le bana-le-seabe ba bangwe ba ba ba botlhokwa mo tsamaong ya 2012. Ka go tlhama maemo a tiro e atlegang mo go one, YBB e dira gore go kgonege gore baithuti ba YBB ba fitlhelele se ba batlang go nna sone, badiri ba itirele mekgele e e kgotsofatsang ya tiro, le bathapi ba bone dikgono tsa tiro tse ba di batlang mo badiring.

Dilo tse di agang maemo a a dirang gore tiro e atlegang ke go sa nne le mathata a tsa ditšhelete, botsamaisi jo bo siameng jwa kgwebo, batho ba ba sa itsemeletseng ba ba nang le bokgoni jwa tiro, dikago tse di tsentsweng didirisiwa tsotlhe tse di tlhokegang, le go nna le kamano e e nonofileng le bana-le-seabe.

Dikgang tse di monate ke tsa gore 82,2% ya baithuti ba rona ba pele ga kalogo ba falotse ditlhatlhobo tsa ngwaga, ka reiti e e leng botoka thata go gaisa ya palogare ya mo nageng yotlhe. Bokgoni jwa baakatemi ba YBB le babatlisisi bo ntse bo tlhatloga ka iketlo. Kwa bokhutlong jwa 2012, YBB e ne e na le babatlisisi ba le 140 ba ba neilweng maduo ke Mokgatlho wa Patlisiso wa Bosetšhaba. Seno se botlhokwa ka gonne se raya gore batho ba ba fetisetsang kitso ya bone mo baithuting ke bomankge ba mmatota mo dirutweng tsa bone.

Malebana le patlisiso mo YBB, 2012 e ne e le nngwe ya dingwaga tse go tsamaileng sentle thata ka tsone fa e sa le dikhamphase di kopanngwa ka 2004. Dipholo tsotlhe tsa patlisiso di ne tsa fitlha go 1 830 e e neng e le kwa godimo ka 23% go feta ngwaga o o fetileng. Jaaka nngwe a diyunibesiti tse di kwa godimo tsa patlisiso, re dira dilo ka mokgwa o o sa tshwaneng le ope o mongwe mo dirutweng di le dintsi, go simolola ka dikoloi tsa motlakase o o dirisang mogote wa letsatsi le go alafa kgatelelo e e kwa godimo ya madi go fitlha ka boleng jwa metsi, ditsamaiso tsa kitso ya setso, leokwane le le dirilweng ka mafura a merogo kgotsa a diphologolo le tokafatso ya go dira ga tlhaloganyo ya batho.

Baithuti ba YBB ba nna mo dikagong tsa segompieno tse di tlhokometsweng sentle tse di tsentsweng didirisiwa tsotlhe tse di tlhokegang, ba dira mo go tsone le go tshamekela mo go tsone. Mo tsamaong ya ngwaga, go ne ga dirisiwa bokana ka R219 milione go aga le go tlhabolola dikago mo dikhamphaseng tsotlhe tse tharo le mo ofising ya setheo. Bajete yotlhe ya YBB ya 2012 e ne ya fitlha go R2,7 bilione, e go neng ga tlamelwa ka yone e le thuso ya madi a a tswang kwa pusong (41%), dituediso tsa baithuti (26,5%) le madi a a bapetsweng ka ditiro tsa kgwebo, go akaretsa le dituelelo tsa diperesente, dituediso tsa dilaesense le tiro e e direlwang kgwebo le intaseteri.

Yunibesiti e lesego gore mo nakong e e thata eno ya ikonomi, re ne ra kgona go duelela ditshenyegelo tsotlhe mme ra kgona go nna le madi a mangwe gape a a setseng a sekaenyana.

Boemo jwa rona jo bo rategang jwa tsa ditšhelete bo bontsha kafa re sikarang maikarabelo a rona ka gone le go laola madi ka kelotlhoko ka gone, le go dira gore bana-le-seabe botlhe ba ritibale mo mogopolong ka go itse gore madi a rona a laolwa sentle ka tsela e e nang le maikarabelo.

Bosupi jwa seno ke gore ka 2012, ngwaga wa borobonngwe ka go latelana, re ne ra amogela pego e e feletseng ya boruni go tswa go baruni ba rona ba ba kwa ntle ga setheo. Ka kakaretso, yunibesiti e mo maemong a a siameng, e siametse le go iketleeletsa go tlamela ka maemo a a dirang gore tiro e atlege gore bana-le-seabe ba rona ba atlege.

## pale ya NWU ka 2012

Tlaleho ena ya selemo e bua ka pale ya katleho ya baithuti ba rona, basebetsi le baokamedi ba bohlokwa ka 2012. NWU e etsa tikoloho e etsang hore baithuti ba e be seo ba batlang ho ba sona, basebetsi ho aha mesebetsi e kgotsofatsang, le bahiri ho fumana tsebo eo ba e hlokang.

Metheho ya tikoloho ena e dumellang tsena ke botsitso ba ditjhelete, taolo e ntle, batho ba nang le tsebo le ba kgothatsehileng, meaho e nang le tse hlokehang le dikamano tse matla le baolaodi.

Ditaba tse ding tse monate ke hore 88,2% ya baithuti ba rona ba so apareng dipurapura ba pasitse selemong seomme ba fetile bohareng. Tsebo ya baithuti le boradipatlisiso ba NWU e ntse e nyoloha. Pheletsong ya selemo sa 2012, NWU e ne e na le boradipatlisiso ba 140 ba hlahellang ho National Research Foundation. Sena se bohlokwa hobane ho bolela hore batho ba fetisetsang tsebo ya bona baihuting ke ditsebi tsa nnete mafapheng a bona.

Bakeng sa dipatliso NWU, 2012 e bile se seng sa dilemo tse tsamaileng hantle ha e sa le ho ba le kopanelo ka 2004. Dipatlisiso tsohle tse fumanweng di fihletse ho 1 830, ho bileng hodimo ka 23% ho feta selemo se fetileng.

Jwaloka yunivesithi e nngwe ho tse pele re ets ntho tse ntjha mfapheng h tloha ho koloi e tsamayang ka mofuthu wa letsatsi le kgatello bakeng sa ho hlwekisa metsi, tsebo, biodiesel fuel le thuto ya tsebo ya kelello e ntle.

Baithuti ba NWU ba dula, ba sebetsa le ho bapalla meahong ya sejwalejwale, e nang le tlhoko tsohle le e dulang e bolokilwe hantle. Mahareng a selemo, R219 million e sebediseditswe ho aha le ho ntlafatsa meaho dikhamphase tsohle tse tharo le ofising ya setheo.

Ditjeho tsa NWU tsohle tsa 2012 di fihleletse ho R2,7 billion, e patetsweng ke kopanelo ya mmuso (41%), ditjeho tsa sekolo tsa baithuti (26,5%) le tjhelete e fumanweng ka mesebetsi e patallwang, ho kenyeletsang tjhelete ya ka thoko, ditjeho tsa laesense le mesebetsi e etsetswang dikgwebo le indasteri. Yunvesithi e lehlohonolo ka hore mathateng ana a boemo bo thata ba ekonomi, re kgonne ho patala ditjeho tsohle le ho fumana phaello.

Seemo sa rona sa ditjhelete seo re se ratang se bontsha setso sa tshebediso le taolo e ntle ya ditjhelete ho fang balaodi bohle kelello e phodileng hobane disebediswa tsa rona di laolwa hantle. Bopaki ba sena ke hore ka 2012, selemong sa bo robong hape, re ile ra fumana tlaleho ya ditjhelete e sa dumellwang ho tswa bahlahlobing ba ditjhelete ba kantle.

Ka kakaretso, yunivesithi e ntse e tsamaya hantle, e ikemiseditse le ho tswelapele ho etsa tikoloho e dumellang bakeng sa katleho ya balaodi ba rona.

45
kortkursusse goedgekeur

32
nuwe programme goedgekeur

88,2%
voorgraadse slaagsyfer

24 295
studente gebruik eFundi-stelsel

totale aantal ITOU-toekennings
49

1 830
totale navorsingsuitset

433
navorsings-meestersgrade

geweegde doktors-grade
462

R19,4 miljoen
miljoen befondsing vir postdoktorale genootskappe

21%
toename in publikasie-uitset

NNS
140
NSS-gegradeerde navorsers

81
konferensieverrigtinge

935
totale publikasie-uitset

R692 300
steun vir personeel wat doktorsgrade voltooi

22 221
sessies vir aanvullende onderrig

114
postdoktorale genote

R31 660 131
THRIP-fondse toegeken

694
leiers vir aanvullende onderrig

R21 miljoen
belê in kapasiteitsbou vir navorsing

# ons korporatiewe bestuur

boodskap van die kanselier........................................ 14

verslag van die voorsitter van die raad ......................... 16

raadsverslag oor korporatiewe bestuur ........................ 20

ontmoet ons raadslede ............................................... 24

verslag van die institusionele forum ............................ 30

senaatsverslag ............................................................ 32

- ons studente ........................................................ 33
- ons onderrig-leer .................................................. 38
- ons navorsing ........................................................ 43



# **BOODSKAP** VAN DIE kanselier

Kgosi Leruo Molotlegi

Ons universiteit groei steeds van jaar tot jaar. Dit beteken opwaartse en uitwaartse groei, dit wil sê wat betref meer studente, personeel, toegewyde navorsingseenhede en navorsingsvennootskappe, publikasies en graduandi.

Dit beteken ook inwaartse groei wat betref groter samehorigheid, onderrig-leer en navorsing van hoër gehalte en meer gekoördineerde en gefokusde bestuur.

Hierdie vorme van groei is onskeibaar met mekaar verweef, en herinner aan 'n boom wat slegs lang takke en volop blare kan produseer as sy wortels diep en sy stam stewig is.

Ek wil veral fokus op die aandag wat daar by ons universiteit aan prosesse geskenk word. Dit sluit in die proses van onderrig, die proses van leer en die proses van nadenke en evaluering op alle vlakke.

Ek wens graag al die dosente geluk wat gedurende 2012 toekennings verower het. Dit sluit interne toekennings soos die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid, die *Rapport*-toekennings vir die inspirerendste dosente en die jaarlikse navorsingstoekennings in.

Akademici van al drie kampusse het ook nasionale erkenning vir uitstaande bydraes op hul vakgebiede ontvang.

Die deurlopende steun in basiese akademiese leeswerk, skryfwerk en rekenaarvaardighede wat aan studente voorsien word, is onontbeerlik vir hoër onderwys en help om die agterstande by baie van ons studente – wat betref die gehalte van primêre en sekondêre onderwys – te bowe te kom.

Ons kan besonder trots wees op die bydrae wat ons gelewer het tot die verligting van die nasionale tekort aan gekwalifiseerde onderwysers.

Slegs in 2012 het 6 420 studente in Opvoedings-wetenskappe aan die Potchefstroomkampus gegradueer, met 'n verdere 866 Opvoedkundestudente wat op die Mafikengkampus en 378 wat op die Vaaldriehoekkampus gegradueer het.

Ons kursusse ondergaan deurlopend kwaliteit-versekeringsevaluerings en akkreditering deur professionele liggame, wat die grondslag vir die aanstelbaarheid van ons graduandi vorm.

Die groei in navorsing en publikasie-uitsette van ons onderskeie kampusse van jaar tot jaar is opvallend.

Eerstens dra ons universiteit deur hierdie navorsing, en deur 'n verbintenis tot die implementering van navorsingsgebaseerde kundigheid, regstreeks daartoe by om oplossings vir die uitdagings van ons land en die vasteland te vind.

Dit sluit in bystand aan die sakewêreld, nywerheid en regeringsvennote op kerngebiede van nasionale belang, landelike ontwikkeling en armoedeverligting, asook talle ander gebiede wat strek vanaf rampbestuur tot die ontwikkeling van biodiesel en farmaseutiese middels, die toetsing van skoonheidsmiddels, Bybelvertaling en komponentvervaardiging.

Tweedens toon dit die belangrikheid daarvan om navorsing en onderrig as twee kante van dieselfde munt eerder as mededingende prioriteite te beskou.

Studente kan leer by die beste dosente wat op die voorpunt van vakkundigheid en nuwe navorsing staan en wat die opwinding kan deel om antwoorde te vind op die vrae wat ons almal in ons daaglikse lewens raak. Die gehalte van ons navorsing verbeter ook steeds, insluitende 'n toename elke jaar in die aantal postdokorale genote en NNS-gegradeerde navorsingspersoneel.

Die intellektuele opwinding van universiteite is nie net in hul formele onderrig-leer- en navorsingsaktiwiteite geleë nie, maar ook in hul uiteenlopende en aktiewe sosiale samestelling. Die NWU het weer eens uitgeblink in sport, met vier atlete en een afrigter wat by die 2012 Olimpiese Spele en die Paralimpiese Spele in Londen betrokke was, en met talle medaljes wat in USSA-items gewen is. Ons het ook goed presteer in kultuur – van ons simfonie-orkes tot ons kore, dans- en teatergroepe – en in ons studenteleierskap.

Hierdie aktiwiteite is nie sommer net newe-aktiwiteite tot die akademie nie, maar speel 'n sentrale rol om van ons universiteit 'n aantreklike plek te maak waar goed afgeronde mense gevorm word.

Ons is 'n universiteit wat naby aan ons gemeenskappe staan, en deur ons drie kampusse verteenwoordig ons die wye verskeidenheid gemeenskappe waaruit ons diverse nasie bestaan.

Ons streef voortdurend daarna om die gapings tussen die universiteit en die breër gemeenskap te oorbrug, byvoorbeeld deur studente in hoër onderwys in te bring wat moontlik – terwyl hulle grootgeword het – nie eers sou oorweeg het om te studeer nie. Ons doen dit ook deur ons navorsingsresultate in ons gemeenskappe, ons ekonomie en in ons regering terug te ploeg.

Ons is in die besonder bewus van die voortgesette stryd om die gehalte van primêre en sekondêre onderwys in ons land te verbeter, en van die feit dat die langtermynuitwerking hiervan vir die volgende 20 tot 30 jaar sal voortgaan om die aard van tersiêre onderrig te bepaal.

Die NWU, soos alle ander universiteite in Suid-Afrika, sal toepaslike middele en strukture moet vind om vir hierdie groeiende gaping voorsiening te maak. Die uitdagings wat ons ekstern en intern die hoof bied, maak net dat ons harder streef om die belofte te vervul van 'n instelling wat waarlik op die beeld van ons nasie gegrond is: verenig in ons diversiteit.

KGOSI LERUO MOLOTLEGI

KGOSI LERUO MOLOTLEGI
KANSELIER





# VERSLAG VAN DIE voorsitter van die raad

Mnr Peet van der Walt

As die hoogste korporatiewe-bestuursliggaam van die NWU gee die Raad leiding deur die voorbeeld wat hulle stel. Die Raad was steeds daartoe verbind om aanspreeklike leierskap te demonstreer en die doeltreffendheid van hul korporatiewebestuurs- en toesigfunksie te verseker. Die doelgerigte poging wat gedurende die vorige jaar aangewend is om besluitneming van hoë gehalte te verseker deur bywoning van Raads- en Raadskomiteevergaderings te verbeter, is in 2012 voortgesit.

## selfevaluering van die raad

Gedurende die tweede semester van 2012 het lede van die Raad en die Raadskomitees ‘n selfevalueringsvraelys voltooi om die rol en funksionering van die verskillende korporatiewebestuurstrukture ten opsigte van hul mandaat te evalueer. Die evaluerings het veral gefokus op risikobestuur, die nakoming van die beginsels van goeie korporatiewe bestuur, dissipline en lede se begrip van die Raad se toesighoudende rol.

Uit die resultate is dit duidelik dat die Raad onafhanklik in hul besluitnemingsproses is en hul korporatiewebestuursrol in verhouding tot die daagliksebestuursrol wat aan die visekanselier toegewys is, duidelik verstaan. Die lyne van verantwoordelikheid tussen die korporatiewebestuurstrukture en bestuur is duidelik afgebaken en daar word duidelik daarby gehou. Daar is ‘n samehang en belyning tussen die Raad, die Raadskomitees en bestuur in hul samewerking om gedeelde doelwitte te bereik.

## belangrike aspekte wat in 2012 hanteer is

Gedurende 2012 het die Raad en hul komitees ‘n aantal betekenisvolle sake hanteer wat die universiteit raak:

- Statutêre aanstellings en Raadskomiteeverkiesings is hanteer.
- Mnr SM Mohapi is in Junie 2012 onbestrede tot ondervoorsitter van die Raad verkies.
- Verskeie lede is genomineer om in die Raadskomitees te dien ná die verstryking van die ampstermyne van voormalige Raadslede.
- Prof ND Kgwadi, die kampusrektor van Mafikeng, is vir 2012 vir een jaar as adjunkhoof aangestel. In Junie 2012 het die Raad die raamwerk vir die aanstelling van ‘n adjunkhoof vir ‘n eenjaartermyn op ‘n rotasiegrondslag goedgekeur.
- Die Raad het halfjaarlikse verslae oor Raadslede se bywoningsyfers van Raads- en Raadskomiteevergaderings ontvang. Op versoek van die Uitvoerende Komitee van die Raad het die voorsitter van die Raad met lede in aanraking gekom wie se bywoningskoerse onder die ooreengekome 50 persent was.
- Nog ‘n eksterne ouditeur, me C van Rooyen, is aangewys om as een van die twee eksterne finansiële kundiges in die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee te dien.
- ‘n Kantoor vir Institusionele Bevordering is tot stand gebring met die primêre doel om die NWU se verhouding met interne en eksterne sleutelbelanghebbers te bestuur en te koördineer, met die oog op die bevordering en ontwikkeling van die instelling deur fondsinsamelings en vennootskappe.
- Die Raad het van die ministeriële inskrywings- en doeltreffendheidsteikens vir 2014/2015 tot 2019/2020 kennis geneem.
- Die Raad het ingestem tot die totstandbrenging van die Universiteitsraadvoorsittersforum Suid-Afrika (URVF-SA) as ‘n struktuur.
- Die Raad het voortgegaan om gefokusde aandag aan transformasie te skenk, en in Junie 2012 het die Raad ‘n Transformasiehandves aanvaar. Die Raad het verder ingestem dat transformasie die eerste missie-element van die Institusionele Plan sal bly om sodoende die universiteit se transformasiedoelstellings te beklemtoon.
- Die jaarlikse strategiese werkswinkel van die Raad in Maart 2012 het op ‘n breë oorsig van ontwikkelings en tendense in hoër onderwys internasionaal en in Afrika en Suid-Afrika gefokus, en het aandag aan sommige van die moontlike implikasies van hierdie ontwikkelings geskenk.

➡ Eredoktersgrade is gedurende 2012 aan die volgende ontvangers goedgekeur, vir toekenning in 2013:

Prof JL Helberg – Ou-Testamentiese Studies
Prof WJM van Genugten – Doctor Legum
Prof GL Strydom – Gesondheidswetenskappe
Dr MO Mtshali – Letterkunde
Dr L Chisholm – Onderwys

Kanseliersmedaljes aan die volgende ontvangers vir hul waardevolle bydraes is gedurende 2012 goedgekeur vir toekenning in 2012:

Prof S Grové
Mnr VC Carruthers
Eerw EH Stegen
Dr MN Oliphant

➡ Die Raad het in 2012 die volgende goedgekeur om die voortgesette stabiliteit van die NWU se bestuur, bedryf en finansies te verseker:

- Die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2012.
- Die begroting vir 2013.
- Die Institusionele Plan 2013.
- Die 2011-jaarverslag.
- Die NWU se akademiese kalender vir 2013.
- Die 2012-register van sleutelrisiko's.
- Die aanstelling van PricewaterhouseCoopers as eksterne ouditeure van die NWU vir die finansiële jaar geëindig Desember 2012.

Die Raad het steeds toesig gehou oor die belyning van bestaande beleide, reëls en prosedures regdeur die NWU, en het die volgende beleide in 2012 goedgekeur.

- Beleid en Reëls vir Erebenamings
- Beleid oor Studente met Gestremdhede
- Mandaat vir die Nakomingskomitee
- Mediabeleid

Die wysiging van nege bestaande beleide is ook gedurende 2012 goedgekeur.

➡ Die Raad het ook die totstandbrenging van verskeie nuwe akademiese en navorsingstrukture goedgekeur, sowel as veranderinge aan bestaande strukture. Daar word in die Senaatsverslag in besonderhede oor hierdie veranderinge verslag gedoen.

## finansiële gesondheid en lewensvatbaarheid

Die universiteit gee noukeurig aandag aan volgehoue goeie korporatiewe bestuur, met spesifieke verwysing na risikobestuur, doeltreffende dog konserwatiewe finansiële beplanning en kontantvloeibestuur, dissipline, voldoening op alle vlakke, behoorlike finansiële bestuurstelsels en doeltreffende interne beheermeganismes.

Die Raad is vol vertroue dat dit die raamwerk voorsien om te verseker dat die universiteit finansieel gesond en lewensvatbaar is en op 'n verantwoordelike en deursigtige wyse bestuur word.


Interne Oudit, wat regstreeks aan die voorsitter van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee van die Raad rapporteer, speel 'n sentrale rol in die bystaan van die Raad om uitvoering aan hierdie verantwoordelikheid te gee deur 'n onafhanklike, objektiewe versekeringsdiens te voorsien.

## regverdige, billike verkryging

Die NWU poog om die benutting van die universiteit se finansiële hulpbronne te optimaliseer deur 'n verkrygingsproses wat regverdig, billik, deursigtig en koste-effektief is, terwyl dit ook die bereiking van aanvullende beleidsdoelwitte soos transformasie verseker.

Aankoopbesluite word deur 'n gesentraliseerde aankoopafdeling geneem, wat onafhanklike koste/kwaliteit-evaluering verseker.

Voorkeur word gegee aan plaaslike verskaffers in gemeenskappe waarbinne die NWU werksaam is, met inagneming van die oorwegings van prys, kwaliteit en diens. Sorg word aan die dag gelê om aan alle statutêre en regulerende vereistes te voldoen, soos die vereistes van Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB).



## die nwu as 'n lopende saak

Die Raad is vol vertroue dat die NWU vir die afsienbare toekoms sal voortbestaan ten spyte van uitdagings soos dalende subsidie-inkomste in reële terme (met die uitfasering van die multikampussubsidie deur die DHOO as een van die bydraende faktore). Die universiteit ondervind ook die impak van wêreldwye onbestendigheid op die Suid-Afrikaanse ekonomie, en het te kampe met die uitdaging om finansiële dissipline te handhaaf te midde van immer toenemende eise wat aan hulpbronne en ondersteuning gestel word, terwyl die organisasie toegelaat word om binne sy kapasiteit te groei. Die Raad is oortuig dat, binne die raamwerk van behoorlike finansiële bestuurstelsels en doeltreffende interne beheermeganismes, die universiteit oor toereikende hulpbronne beskik om vir die afsienbare toekoms sy bedryfsaktiwiteite voort te sit.

## bywoningsyfers van raadskomitees

Die Raad het op 30 Maart 2012 'n strategiese werkswinkel gehou en het drie gewone raadsvergaderings belê. Dié is op 15 Junie, 21 September en 23 November gehou. Die bywoningsrekord vir die Raad en die komitees daarvan vir 2012 was soos volg:

| Komitee | % bywoning |
|---|---|
| Raad | 74% |
| Uitvoerende Komitee van die Raad (UK) | 84% |
| Finansies | 79% |
| Transformasie-oorsig | 81% |
| Mensehulpbronne en Indiensnemings-gelykheid | 70% |
| Tender | 100% |
| Eretoekennings | 84% |
| Oudit, Risiko en Nakoming | 79% |
| Vergoeding | 100% |
| Bates | 84% |
| Beleggings | 78% |

Die totale bywoningsyfer van Raads- en Raadskomiteevergaderings vir 2012 was 83% – 'n verbetering op die syfer van 78% in 2011.

## maatskaplike verantwoordelikheid teenoor personeel en studente

Die NWU het redelike vordering gemaak met die implementering van die nuwe strategie vir gemeenskaps-verbintenis wat die Raad in September 2011 goedgekeur het. Hierdie strategie beklemtoon transdissiplinêre ontwikkelingsprojekte wat volhoubaar is en 'n meetbare impak het. 'n Konsepbeleid word ontwikkel en sal in 2013 aan die Raad voorgelê word. 'n Spesiale taakspan het gedurende die jaar met die kampusse saamgewerk om kampusimplementeringsplanne vir 2013 en verder te ontwikkel.

Gedurende die jaar het die universiteit die tweede plek in die Talloires Network se jaarlikse MacJannet-kompetisie vir studentegedrewe gemeenskapsopheffing en wêreldwye burgerskap ingeneem. Die kompetisie het 72 nominasies vanaf 52 universiteite in 21 lande gelok.

Die Studentejool-gemeenskapsdiens het uitnemende werk op al vier sy fokusgebiede verrig, naamlik vroeë kinderontwikkeling, kinder- en jeugontwikkeling, programme vir kwesbare jeug en volwassenes, en uitreikingsprogramme soos voedingskemas en rampbystand.

Die NWU het aktief deelgeneem aan platforms soos die Suid-Afrikaanse Forum vir Hoëronderwys-gemeenskapsbetrokkenheid (SAFHOGB) en het die Nasionale Navorsingstigting bygestaan met hul paneel-evaluerings vir die befondsing van gemeenskapsbetrokkenheid-projekte.

## geleenthede

- Aan die begin van 2012 is die NWU-gemeenskap geskok deur die verdrinking van 'n eerstejaarstudent, mnr Thabang Makhoang. Die Raad het 'n buitengewone vergadering gehou en hul diep medelye teenoor sy naasbestaandes betuig. 'n Onafhanklike ondersoek is deur 'n span senior advokate uitgevoer, wat bevind het dat die dood van mnr Makhoang 'n tragiese ongeluk was, en dat die omstandighede rondom sy dood nie aan 'n misdaad of versuim aan die kant van enige individu of entiteit toegeskryf kon word nie.
- Die tweede en finale termyn van sekondering van die NWU-registrateur, prof Themba Mosia, as administrateur van die Tshwane Universiteit van Tegnologie het op 18 Augustus 2012 ten einde geloop. Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het toe sy betrokkenheid op 'n deeltydse grondslag tot die einde van November 2012 verleng.
- Nuwe lede van die Raad het op 23 September 2012 aan 'n omvattende induksiesessie deelgeneem. Hulle is deur die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad ingelig, sowel as deur die visekanselier, wat op die rolle en verantwoordelikhede van raadslede ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, die NWU-statuut, die King-kode oor die Beginsels van Korporatiewe Bestuur en die Gedragskode vir lede van die NWU-raad gefokus het.

## samewerking met die nywerheid

Die NWU het 'n trotse en produktiewe geskiedenis van samewerking met die sakewêreld en die nywerheid om oplossings te vind vir produksie- en doeltreffendheidsuitdagings waarmee hulle te kampe het.

Op grond van hierdie rekord tel die universiteit gereeld onder die topverdieners van befondsing uit programme soos die Tegnologie- en Mensehulpbronprogram ("THRIP"). In 2012 het die NWU THRIP-befondsing ter waarde van R31,6 miljoen ontvang, vergeleke met die R36,5 miljoen wat gedurende die vorige jaar ontvang is.

Die universiteit het voortgegaan om sy uitvindings deur lisensiërings- en tantième-ooreenkomste aan die nywerheid beskikbaar te stel.

Daar was 15 aktiewe ooreenkomste gedurende 2012, wat net meer as R2 miljoen in tantième en lisensiegelde ingebring het. Verder was 13 aktiewe newemaatskappye by die kommersialisering van die universiteit se patente betrokke.

## belangrike veranderinge


Die korporatiewebestuurstrukture en kernbesigheid van die NWU het gelykmatig verloop. Veranderinge in die lidmaatskap van die Raad, Senaat en Institusionele Forum in 2012 was die gevolg van normale omstandighede, soos die verstryking van ampstermyne, en nuwe lede is dan ook aangestel of verkies deur diegene wat hulle verteenwoordig. Moeilike ekonomiese omstandighede het gedurende die jaar geheers en die universiteit het 'n styging in studenteskuld en 'n daling in derde-geldstroominkomste ondervind. Nogtans het die NWU daarin geslaag om vir die sewende jaar agtereenvolgens 'n surplus op te lewer, wat die fundamentele gesondheid van sy finansiële stand bevestig.

## ten slotte

In die nege jaar sedert die samesmelting het die universiteit konsekwent gesonde finansiële resultate opgelewer terwyl hy die strategiese doelstellings bereik het wat vir sy kernbesigheid in die Institusionele Plan gestel word – en in sommige gevalle selfs oortref het.

Ek bedank graag my mederaadslede vir die kundigheid wat hulle bygedra het tot die korporatiewe bestuur en toesig van die NWU gedurende die oorsigjaar. Hul bereidwilligheid om hulle tyd en vaardighede te belê en verskillende kwessies sonder vrees of bevoordeling te debatteer was van onskatbare waarde in die handhawing van die universiteit se rekord as 'n stabiele, doeltreffende en goed bestuurde instelling. Ek spreek ook graag my waardering uit teenoor dr Theuns Eloff, die visekanselier, en sy Institusionele Bestuurspan vir die bevoegde wyse waarop hulle die strategie uitgevoer het wat deur die Raad gestel is.

MNR PJ VAN DER WALT
VOORSITTER VAN DIE RAAD





**RAADSVERSLAG** OOR

# korporatiewe bestuur

Prof Themba Mosia

Die NWU verbind homself tot die hoogste standaarde van dissipline, integriteit, verantwoordelikheid, regverdigheid, maatskaplike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid, en onderskryf die beginsels soos vervat in die derde King-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika.

Die integriteit van besluitneming en die korporatiewe bestuur van die universiteit se aktiwiteite word beskerm deur gesamentlike oorlegpleging, besluitneming deur bemagtigde bestuurders en deurlopende monitering van resultate en risiko's.

Hierdie beginsels word toegepas onder leiding van die Raad, die Senaat en die Institusionele Bestuur, en geld vanaf die hoogste vlak tot by die kleinste eenheid. Die universiteit voldoen in alle wesenlike opsigte aan die vereistes van die King-verslae (1994, 2002 en 2009) oor korporatiewe bestuur en aan die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Openbare Hoëronderwysinstellings soos op 1 Augustus 2007 gepubliseer.

As bewys van hierdie verbintenis tot goeie korporatiewe bestuur het die NWU vir vyf jaar van 2007 tot 2011 die PricewaterhouseCoopers se Korporatiewebestuur-toekenning vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys gewen (waarna die kompetisie gestaak is).

## die rol en funksies van die raad

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 is dit die Raad se taak om die universiteit volgens die Wet en die universiteit se Statuut, wat op 8 Augustus 2005 gepubliseer is te bestuur. Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad spesifiek vir die volgende verantwoordelik:

- Korporatiewe bestuur van die NWU deur die aanvaarding van doelwit- en waardestellings, strategiese planne en beleid, sowel as die Statuut, die reëls, prosesse en delegerings van gesag. Die Raad moniteer ook die bedryfsprestasie van bestuur en vestig komitees en, in samewerking met die Senaat, gesamentlike komitees, om te verseker dat die NWU se doelwitte en waardes verwesenlik word;
- Vir die bepaling van die NWU se taalbeleid, onderhewig aan die beleid van die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding en met die instemming van die Senaat. Die Raad se oogmerk is om 'n beleid te aanvaar wat buigsaam en funksioneel is en taalwanbalanse van die verlede regstel terwyl meertaligheid, toegang, integrasie en 'n gevoel van tuiswees bevorder word.
- Vir die vestiging van die strukture vir die lewering van studentesteundienste, na oorlegpleging met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).
- Om van Raadslede te vereis om by 'n gedragskode te hou en regstellende stappe te doen, indien nodig.
- Delegering van die gesag om personeellede aan te stel, insluitende kampusviserektore, kampusregistrateurs en direkteure, dekane en akademiese direkteure waarvoor daar deur die Statuut voorsiening gemaak word, met dien verstande dat geen persoon gemagtig is om iemand aan te stel wat regstreeks aan hom of haar rapporteer nie.

In die uitvoering van hul funksies gedurende 2012, die negende jaar van funksionering van die NWU, was die Raad steeds bedag op die redes vir die samesmelting-inkorporasie. Hierdie redes, waarvan baie in die Institusionele Plan van die NWU gevestig is en deel van die Raad se strategiese beplanning uitmaak, is:

- Om die gaping tussen 'n histories bevoordeelde en histories benadeelde instelling wat deur apartheid veroorsaak is te oorbrug.
- Om 'n meer "gelyke" personeel- en studentekorps te bevorder.
- Om kapasiteit met betrekking tot administrasie, bestuur, korporatiewe bestuur en die akademie uit te bou.
- Om die ontplooiing en aanwending van akademiese personeel te konsolideer.
- Om navorsingskapasiteit uit te bou.
- Om volhoubaarheid te bevorder.

Hierbenewens het die Raad die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die voorgesette strategiese rigting van die NWU, goedkeuring van groot ontwikkelings en die ontvang van gereelde verslae van bestuur oor die bedryf van die NWU se besigheid.

Die Raad het gedurende 2012 (Junie en November) twee omvattende verslae van Institusionele Bestuur ontvang.

## komitees van die raad

Alle komitees van die Raad funksioneer onder 'n mandaat van strategiese of finansiële belang vir die NWU.

Hulle is onder voorsitterskap van eksterne Raadslede met die nodige kennis, vaardighede en ervaring, en funksioneer volgens 'n duidelike opdrag. (Kyk asseblief na die Samestelling van die Raad vir die kwalifikasies van Raadslede.)

## Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee hanteer tussen Raadsvergaderings aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur, en doen dan op die volgende vergadering oor hierdie aangeleenthede verslag. Hierdie komitee maak seker dat daar by die Gedragskode vir Raadslede gehou word, en finaliseer kwessies wat die Raad na hulle verwys.

Twee vakatures, veroorsaak deur die verstryking van die termyne van mnr PJ van der Walt en me H Rupert-Koegelenberg, is deur hul herverkiesing gevul.

Die lede van die Uitvoerende Komitee aan die einde van 2012 was mnr PJ van der Walt (voorsitter), mnr SM Mohape (adjunkvoorsitter), mnr PWJ Buys en me H Rupert-Koegelenberg, dr T Eloff (visekanselier), prof ND Kgwadi (adjunkhoof) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad), wat as 'n ex officio-lid dien.

## Vergoedingskomitee

Hierdie komitee is hoofsaaklik gemoeid met die dienskontrakte, vergoeding en prestasie-evaluering van die visekanselier, lede van die Institusionele Bestuur en die Direkteur: Interne Oudit.

Weens die aard van sy pligte en in ooreenstemming met die Beleidsraamwerk vir die Vergoeding van Senior Bestuurders in Openbare Hoëronderwysinstellings bestaan die Vergoedingskomitee uit twee eksterne lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad, sowel as die voorsitters van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgeleentheid en die Finansiële Komitee, wat ook eksterne lede van die Raad is.

Die lede was mnr PJ van der Walt (voorsitter), mnr T Makubire (adjunkvoorsitter en voorsitter van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid) en adv JSM Henning SA (voorsitter van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee).

## Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid

Die mandaat van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid is om te verseker dat toereikende mensehulpbronne en -strategieë in plek is en om die implementering van hierdie beleid en strategieë in ooreenstemming met die gestelde kriteria en maatstawwe te moniteer.

Die komitee is verantwoordelik vir alle mensehulpbron- en indiensnemingsgelykheid-verwante aspekte, insluitende vergoedings- en diensvoorwaarde-aspekte wat nie binne die bestek van die Vergoedingskomitee val nie.

Die komitee ontvang en evalueer verslae van bestuur oor spesifieke mensehulpbronaangeleenthede, insluitende voldoenings- en statutêre vereistes, en verseker dat bestuur vir die implementering van mensehulpbronverwante strategieë en -beleid aanspreeklik gehou word.

Die lede was dr DG Breed (voorsitter), dr J Tshifularo, prof JJ Janse van Rensburg, prof M Snyman, eerw SA Musa, prof E van der Schyff en dr T Eloff (visekanselier).

Prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris vir die Raad) dien as ex officio-lid en mnr VL Mothobi (Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal) was tydens vergaderings teenwoordig.

## Transformasietoesigkomitee

Die Transformasietoesigkomitee hou toesig oor die implementering van die transformasieaspekte van die Institusionele Plan. Dit bestaan uit vier eksterne lede en een interne lid van die Raad, asook die visekanselier en die adjunkhoof.

Die lede gedurende 2012 was me I Pooe (voorsitter), mnr A Mashilo, prof D Meyer, prof C Rabali, prof S Swanepoel, dr T Eloff (visekanselier), prof N Mosia (institusionele registrateur en sekretaris vir die Raad), wat as 'n ex officio-lid dien, mnr VL Mothobi en dr I Tufvesson (Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal) en dr I Tufvesson (Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteit).



## ➡ Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee

Hierdie komitee is aanspreeklik teenoor die Raad wat betref die uitvoering van hul pligte, synde om die NWU se bates te beskerm, toereikende rekeningkundige rekords in stand te hou, 'n doeltreffende stelsel van interne beheer te ontwikkel en in stand te hou, toesig te hou oor bestuur se rol in die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuursproses, en om die eksterne ouditeure se jaarlikse ouditgelde te magtig.

Die komitee bied 'n kommunikasiekanaal tussen die Raad, bestuur, die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure. Hulle geniet onbeperkte kommunikasie met die voorsitter van die Raad (wat nie 'n lid van die Ouditkomitee is nie), die visekanselier, die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite en die interne en eksterne ouditeure.

Die lede van die komitee gedurende 2012 was me M Claassens (voorsitter), mnr T Plaatjie, prof SR van der Walt en adv J Kruger. Die Komitee is geadviseer deur twee onafhanklike finansiële kundiges, me C van Rooyen en me HS Fourie.

Daar word van verteenwoordigers van die eksterne ouditeure vereis om by komiteevergaderings teenwoordig te wees, en ook van dr T Eloff (visekanselier), prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad), wat as 'n ex officio-lid dien, prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en me M van der Merwe (Direkteur: Interne Oudit).

## ➡ Finansiële Komitee

Die mandaat van die Finansiële Komitee is om die Raad oor finansiële en beleggingsaangeleenthede te adviseer, sowel as oor langtermyn-infrastruktuurontwikkeling. In die vervulling van hierdie rol moet die komitee dus die Raad se korporatiewebestuur-funksie ten opsigte van gesonde, verantwoordelike en doeltreffende finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening ondersteun.

Die Finansiële Komitee het vier eksterne lede en een interne lid van die Raad.

Die lede van die Finansiële Komitee was mnr JJ Kitshoff, me M Claassens, mnr SM Mohapi en dr T Eloff (visekanselier). Die komitee se ex officio-lede was proff IJ Rost (Institusionele Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (Institusionele Registrateur en Sekretaris van die Raad).

Die Finansiële Komitee maak gebruik van drie subkomitees, naamlik die Tenderkomitee, die Beleggingskomitee en die Batekomitee, om sy pligte te vervul.

- **Tenderkomitee**

Hierdie komitee se rol is om die tenderbeleide en -prosedures goed te keur wat deur die bestuur opgestel word, om seker te maak dat dit voldoen aan die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003, om te bevestig dat tenderbeleide wel geïmplementeer word, en om tenders vir kontrakte van tussen R5 miljoen en R15 miljoen te evalueer en goed te keur. Vir kontrakte wat R15 miljoen oorskry, evalueer die komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die Raad.

Die tenderkomitee het drie eksterne lede en drie bestuurslede. Die eksterne lede was mnr DA Foster (voorsitter en onafhanklike ouditeur), dr DG Breed en adv M Kruger. Die bestuurslede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad).

- **Beleggingskomitee**

Die belangrikste taak van die Beleggingskomitee is om maatreëls in plek te stel sodat die NWU die beste moontlike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risikoblootstelling. Hierdie komitee se pligte is om portefeuljebestuurders aan te stel en evaluerings te doen van beleggingsbeleid, die beleggingsprestasie van portefeuljebestuurders en die kredietreëlings waarbinne die geldmarkbestuurder mag optree.

In 2012 het die eksterne lede die voorsitter, mnr J van den Berg, mnr SM Mohapi, 'n eksterne lid van die Raad en beleggingskundige, sowel as mnr A Smit en mnr P Cook, en nog twee onafhanklike beleggingskundiges ingesluit. Die bestuurslede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad).

- **Batekomitee**

Die Batekomitee se belangrikste verantwoordelikheid is om langtermynontwikkeling en instandhouding van die universiteit se infrastruktuur te verseker.

Die Batekomitee het twee eksterne lede en drie bestuurslede. Die eksterne lede was mnr SM Mohapi (voorsitter vanaf Oktober 2011) en me M Claassens. Die bestuurslede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad).

## ➡ Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die visekanselier, voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die Senaat, die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n raadgewende hoedanigheid, en die institusionele registrateur en sekretaris van die Raad, wat as ex officio-lid dien.

# konflikbestuur

Daar is verskeie groepe binne die NWU waar konflik potensieel kan ontstaan. Hierdie groepe sluit in studente, akademiese en ondersteuningspersoneel, vakbonde, die drie kampusse, die Institusionele Kantoor en bestuur, en diegene wat op alle vlakke korporatief en andersins bestuur word.

Daar is strukture en prosesse in plek binne hierdie groepe om konflik te hanteer en te keer dat dit eskaleer. Dit sluit beleidsdokumente, prosedures en komitees en forums in, wat geleenthede vir oorlegpleging en die lug en debattering van sienings skep.

## werker- en studentedeelname

'n Breë spektrum van deelnemende strukture was gedurende 2012 in plek om verhoudinge uit te bou deur oorlegpleging, die doeltreffende uitruil van relevante inligting en die identifisering en bylê van geskille.

Die erkenningsooreenkoms van die personeelvereniging het gedurende 2012 nietig geraak omdat die vakbond deur die Departement van Arbeid gederegistreer is. In April is 'n versoek van die Suid-Afrikaanse Unie vir Parastaats- en Tersiêre Instellings (SAPTU) vir die tegniese hersiening van 'n klousule van die erkenningsooreenkoms ontvang. Dit is in Oktober gevolg deur 'n versoek om erkenning van die National Education, Health and Allied Workers Union (NEHAWU). 'n Vergadering tussen SAPTU, NEHAWU en bestuur is geskeduleer om die nodige wysigings aan die erkenningsooreenkoms te bespreek. Op 29 Oktober 2012 is 'n gewysigde erkenningsooreenkoms tussen die NWU en SAPTU onderteken. Die erkenningsooreenkoms tussen die NWU en NEHAWU was teen die einde van die jaar nog onder bespreking.

## etiekkode

Die proses waarmee 'n Etiekkode vir die personeel tot stand gebring is, is in 2007 geïnisieer, aangesien daar sedert die samesmelting nie so 'n dokument bestaan het nie. Ná omvattende oorlegpleging het 'n konsepdokument vir kommentaar by die onderskeie kampussenate gedien. Die inset wat ontvang is, is ingewerk en die konsep is aan die Institusionele Senaat, die Institusionele Forum en die Institusionele Bedingingsforum voorgelê, en dit het uiteindelik daartoe gelei dat die finale Etiekkode deur die Institusionele Bestuur goedgekeur is. Die NWU het alle interne kommunikasiekanale gebruik om personeel omtrent die afhandeling van die Etiekkode in te lig.

**Die Raad het die Verklaring oor Korporatiewe Bestuur op 21 Junie 2013 goedgekeur.**



PROF NT MOSIA
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR EN SEKRETARIS VAN DIE RAAD

## etiekkode

As 'n lid van die Noordwes-Universiteit onderskryf ek die visie en missie van die universiteit en die waardes wat die universiteit voorstaan. Ek verbind my dus, in alles wat ek doen:

- ➞ Om menswaardigheid te handhaaf, om die volle potensiaal van andere en myself te ontwikkel, en om akkuraatheid, eerlikheid, waarheidsliewendheid, betroubaarheid en lojaliteit teenoor die universiteit en alle mense te beoefen en te bevorder;
- ➞ Om te soek na dit wat reg en regverdig is soos gesien vanuit die perspektief van die liefde van God en my liefde vir my naaste, deur waardering vir andere te toon, deur openhartig te wees oor my eie voorveronderstellings, deur empatie te beoefen, en deur onpartydig te wees.
- ➞ Om almal se vryheid van inperkings te handhaaf, wat slegs beperk word deur my plig om ander se vryhede te beskerm en deur my verbintenis om die bogenoemde waardes uit te leef en uit te bou.
- ➞ Om selfdissipline, geduld en verdraagsaamheid te betoon teenoor standpunte wat van myne verskil, in 'n gees van vreedsame naasbestaan, ten einde intellektuele en persoonlike groei te stimuleer.
- ➞ Om almal se potensiaal te erken en waardering te betoon vir die waarde van almal met wie ek te doen kry, en om in te sien hoe hulle tot groei kan bydra.
- ➞ Om my intellektuele en persoonlike integriteit, bevoegdheid, professionalisme en ander hulpbronne daaraan te wy om voortreflike uitkomste te bereik.
- ➞ Om my verworwe kundigheid oor die algemeen en dié op my spesialiseringsgebiede aan te wend om konstruktiewe verandering in die gemeenskap en die omgewing teweeg te bring terwyl ek my eie kapasiteit om selfs meer tot positiewe groei by te dra, verdiep en verbreed.
- ➞ Om intellektuele outonomie en kritiese denke te bevorder deur die handhawing en beskerming van die vryheid en verantwoordelikheid van individue en die universiteit om sonder arbitrêre inmenging debat te voer, onderrig te gee en navorsing te doen.
- ➞ Om hoë verwagtinge van die Raad en bestuur van die universiteit te koester om die waardigheid van studente en personeel gestand te doen en 'n volhoubare leer- en werksomgewing vir almal te skep.
- ➞ Om my te weerhou van enige botsing van belange wat nadelig is vir my verhouding met die universiteit, en om sodanige belange of botsing ten opsigte van my diens, fidusiêre pligte, interaksie met kollegas en enige ander faset van my verantwoordelikhede te verklaar.

# samestelling van die raad

Die NWU-raad bestaan uit mense met kennis en ervaring wat vir die universiteit toepaslik is. Ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys is minstens 60% van die lede van die Raad nie in diens of studente van die NWU nie.

*Die samestelling van die Raad soos op 31 Desember 2012 was:*



Voorsitter:
Mnr PJ van der Walt
(verteenwoordig donateurs)



Ondervoorsitter:
Mnr SM Mohapi
(gemeenskapsverteenwoordiger)

*Minister van Onderwys en Opleiding-aanstellings*



**Mnr NS Phetoe**: Sertifikaat in Geskilverhoudingeprosedures (Raad op Onderwysarbeidsverhoudinge), Organiseringsdiploma ("Disetsa"); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



**Dr J Tshifularo**: BA en BAHons (Universiteit van Venda), MA (Universiteit van Limpopo), PhD (Universiteit van Venda) en PhD (Universiteit van Limpopo); aangestel vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015.



**Mnr T Plaatjie**: BA, BAHons en VOD (Vista-universiteit), MA (Universiteit van Johannesburg); aangestel vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015.



**Mnr A Mashilo**: MA (Universiteit Witwatersrand); aangestel vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015.


*Donateurs*



**Mnr PJ van der Walt**: GR(SA) (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MA in Sosiale Wetenskappe (HEC School of Management, Parys), AMP (Templeton College, Oxford en HEC School of Management, Parys); herverkies vir 'n vierjaartermyn van 2011 tot 2015.



**Prof D Meyer**: BSc, BScHons en MSc (Randse Afrikaanse Universiteit – RAU), PhD (Universiteit van California); aangestel vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015.



**Mnr JJ Kitshoff**: GR(SA), BComHons (Universiteit van Pretoria) CComptHons (Unisa); verkies vir 'n driejaartermyn van 2011 tot 2014.

*Lede aangewys deur die gemeenskap*



**Me H Rupert-Koegelenberg**: BMus, BMusHons (Universiteit Stellenbosch), *Fellowship of the Trinity College of Music* (Londen), *Licentiate of the Royal Schools of Music*, VK, Onderwyserslisensiaat in Musiek (UNISA); heraangestel vir 'n verdere driejaartermyn van 2010 tot 2013.



**Eerw SA Musa**: BA Teologie (Universiteit van Zululand), BAHons (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangestel vir 'n driejaartermyn van 2010 tot 2013.



**Dr DG Breed**: BA, ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); heraangestel vir 'n verdere driejaartermyn van 2011 tot 2014.



**Mnr SM Mohapi**: Gegradueerde van die Effekte-beurskollege (SA), Diploma in Beleggingsbestuur (Randse Afrikaanse Universiteit), Sertifikaat van Bevoegdheid (Boedelbeplanning en -administrasie), Gekwalifiseerde Assesseerder en Fasiliteerder (ETDP SETA), Nagraadse Diploma in Maatskappyleiding (NKR7) (Nagraadse Instituut vir Bestuur en Tegnologie in samewerking met die Instituut van Direkteure); heraangestel vir 'n driejaartermyn van 2011 tot 2014.

*Lede aangewys deur die Konvokasie*



**Mnr PJW Buys**: BA Kommunikasiewetenskap (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), BAHons (Randse Afrikaanse Universiteit); heraangewys vir 'n driejaartermyn van 2010 tot 2013.



**Adv TJ Kruger**: LLB en LLM Publiekreg, (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangewys vir 'n driejaartermyn van 2011 tot 2014.



**Adv M Kruger**: BJuris, LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangestel vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015.

*Lede met spesiale kundigheid*



**Me M Claassens**: GR(SA), BCom Rekeningkunde en BComHons (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Hoër Diploma in Maatskappyreg (Universiteit van die Witwatersrand); heraangewys vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015.



**Me I Pooe**: BA (Universiteit van Bophuthatswana), Diploma in Toerisme en Bemarkingsbestuur (Oostenryk); herverkies vir 'n verdere driejaartermyn van 2011 tot 2014.

*Interne lede*
*Lede van die bestuur*



**Dr T Eloff (visekanselier)**: BJuris (Econ), ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).



**Prof ND Kgwadi (adjunkhoof)**: BSc (Ed) (University of North West), MSc Fisika, (Ball State University, VSA), MPhil Omgewingsreg en Bestuur, (Universiteit van die Noorde), PhD Fisikaonderrig, (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), PhD Bestuur – honoris causa, (Hanseo University, Suid-Korea); in 2012 vir 'n termyn van een jaar aangestel.

*Lede van die Senaat*



**Prof TC Rabali**: BA (UNISA), ThB en ThM (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), DTh (Unisa); herverkies vir 'n driejaartermyn van 2010 tot 2013.



**Prof S Swanepoel**: BCom Personeelbestuur en BComHons (Universiteit van Pretoria), Hoëronderwysdiploma (Unisa), MCom en DCom Mensehulpbronbestuur (Universiteit van Pretoria); verkies vir 'n driejaartermyn van 2010 tot 2013.



**Prof J Swanepoel**: BA, BAHons, MA, LLB en DLitt (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); herverkies vir 'n driejaartermyn van 2009 tot 2015.



**Prof JJ Janse van Rensburg**: BA, BAHons Grieks, MA Grieks, ThB en ThM Nuwe Testament, ThD Nuwe-Testamentiese Hermeneutiek (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n vierjaartermyn van 2009 tot 2013.

*Lede wat ander akademiese personeel verteenwoordig*



**Prof HF van Rooy**: BA, BAHons Semitiese Tale, MA Semitiese Tale, ThB en DLitt Semitiese Tale (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n driejaartermyn van 2011 tot 2014.



**Prof E van der Schyff**: BA LLB en LLM (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), LLD (Noordwes-Universiteit); herverkies vir 'n vyfjaartermyn van 2012 tot 2015.

*Lede wat nie-akademiese werknemers verteenwoordig*



**Mnr E Mostert**: BCompt (Unisa), BComHons Rekeningkunde (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



**Dr SR van der Walt**: DCom (Unisa), MSc Nywerheidschemie en MBA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n driejaartermyn van 2010 tot 2013.

*Verteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)*

Lede dien in die Raad vir 'n tydperk soos bepaal deur die IVSR. Die volgende IVSR-lede het tot Oktober 2012 ampte beklee:



**Mnr T Mmutle:** BA (Mafikengkampus, NWU) en BAHons in Kommunikasie (tans) (Mafikengkampus, NWU)




**Me C Kraaij:** BCom (Toerisme en Rekreasie) (Potchefstroomkampus, NWU), Nagraadse Diploma in Bestuur (Potchefstroomse Sakeskool, NWU) en kursusse in Bestuur van Projekte en Geleenthede en in Emosionele Intelligensie (tans) (Potchefstroomse Sakeskool, NWU).



**Mnr T Sabalela:** BEd (tans) (Vaaldriehoekkampus, NWU)


*Vanaf November 2012 het die volgende IVSR-lede in die Raad gedien:*



**Mnr O Matshediso:** MA Internasionale Verhoudinge (tans) (NWU, Mafikengkampus)



**Mnr J Jordaan:** BCom Regte en LLB (tans) (Potchefstroomkampus, NWU).



**Mnr J Ncedani:** BCom en BComHons (tans) (Vaaldriehoekkampus, NWU)

*Sekretaris van die Raad*



**Prof N Themba Mosia:** BA, BAHons en Diploma in Universiteitsonderrig (Universiteit van die Noorde), MA (Portland State University), PhD (Universiteit van Pretoria), MCSSA.

*Uittredende Raadslede in 2012*

*Lede aangewys deur die Konvokasie*

Adv JSM Henning, SC: 2009 tot 2012
Dr D Hermann: 2009 tot 2012

*Donateurs*

Mnr T Makubire: 2009 tot 2012.
Prof M Snyman: Bedank uit Raad in Junie 2012.

*Minister van Onderwys en Opleiding-aanstellings*

Mnr OJJ Tabane: 2008 tot 2012
Adv FM Sikhakane: 2010 tot 2013
Mnr NM Fuzani: 2008 tot 2012



# VERSLAG VAN DIE institusionele forum

Prof Christo van Wyk

Gedurende 2012 het die Institusionele Forum (IF) die raadgewende en adviserende rol wat in die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut vir dié liggaam in die vooruitsig gestel word, suksesvol uitgevoer.

## rol en samestelling van die if

Die IF se rol is om die NWU-raad te adviseer oor die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale hoëronderwysbeleid, om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van 'n institusionele kultuur van verdraagsaamheid en respek vir menseregte, en om te help om 'n omgewing te bevorder waar doeltreffende onderrig, leer en navorsing kan floreer. Spesifieke aangeleenthede waaroor die IF die Raad adviseer, is aanstellings van senior bestuur, beleid oor regs- en geslagsgelykheid, gedragskodes, die bestuur van kulturele diversiteit en die formulering van beleid oor prosedures vir bemiddeling en geskiloplossing.

## lidmaatskap in 2012

Volgens die Statuut mag die IF tot 29 lede hê wat 'n breë verskeidenheid belanghebbersgroeperinge verteenwoordig. Dit sluit die Raad, verskeie personeelkategorieë, vakbonde, studente, die burgerlike gemeenskap, die Konvokasie en lede met spesiale kundigheid in. Gedurende 2012 het die IF uit 25 lede bestaan en was daar vier vakatures (een verteenwoordiger van die burgerlike gemeenskap, twee vakbondverteenwoordigers en een lid met spesiale kundigheid). Die lidmaatskap van die Personeelvereniging het onder die drempel geval wat vir erkenning vereis word en dus is hul registrasie as 'n vakbond met ingang van 16 Februarie 2012 gekanselleer. Hierdie ontwikkeling is ingevolge Artikel 106 (2B) van die Wet op Arbeidsverhoudinge van 1995 in die Staatskoerant van 24 Februarie gepubliseer. Die personeelvereniging het, ooreenkomstig subparagraaf (24)(1)(e) van die Statuut, voorheen twee lede gehad wat hulle in die IF verteenwoordig het. As gevolg van die vakbond se deregistrasie het daar twee vakatures in die IF ontstaan, en dit sal in samewerking met die institusionele registrateur hanteer word.

Die volgende belangegroepe is in die IF verteenwoordig:

| | |
|---|---|
| Raad: | Eerw SA Musa |
| Bestuur: | Prof HD van Schalkwyk |
| Senaat: | Prof W Viviers, prof H van der Merwe en dr KL Mabe |
| Akademies, nie-Senaat: | Prof C de W van Wyk, dr D Boemah en mnr H Kloppers |
| Nie-akademiese werknemers: | Mnr JA van der Walt, mnr A Scheppel en mnr W Coetzee |
| Vakbonde: | Mnr PJM van Niekerk en me L Waugh |
| Studente: | Mnr R Scheepers, mnr T Sabalele, mnr T Mmutle, mnr T Seremane, mnr N Ncedani en me S Botma |
| Burgerlike gemeenskap: | Mnr WS Mosetlhi, adv M Kruger en pastoor GJ August. |
| Konvokasie: | Me H Coetzee en dr MB Seketane |
| Spesiale kundigheid: | Dr EM Sedibe |

Die IF se Uitvoerende Komitee het uit drie lede bestaan, naamlik prof C de W van Wyk (voorsitter), prof W Viviers (adjunkvoorsitter) en mnr WE Coetzee (sekretaris).

## sake wat hanteer is

Die IF is gevra om die visekanselier te adviseer oor die beplande aanstelling van prof F van Niekerk, Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie vir 'n eenjaartydperk vanaf 1 Januarie 2013. Die IF het hierdie voorgestelde aanstelling ondersteun.

Die institusionele registrateur het die IF genooi om deel te wees van die paneel vir die aanstelling van 'n Viserektor: Onderrig-Leer op die Mafikengkampus. Prof Mashudu Maselesele (Dekaan: Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie) is in hierdie pos aangestel. Verder was die IF by verskeie keurkomitees betrokke, wat altesaam sewe dekane oor al drie kampusse van die universiteit aangestel en heraangestel het.

Die IF se uitvoerende komitee het in Augustus 2012 die visekanselier ontmoet om die funksies van die Institusionele Forum soos uiteengesit in paragraaf 25 van die Statuut van die NWU te herondersoek. Die fokus was op die volgende subparagrawe wat die funksies van die IF hanteer:

- Subparagraaf (a) en (b), wat met die implementering van die Wet en nasionale hoëronderwysbeleid handel, en die keuring van kandidate vir aanstelling as visekanselier en lede van die Institusionele Bestuurskomitee. Die IF het gevind dat ons wel aan

die Raad rapporteer en hulle hieroor adviseer.

- Subparagraaf (c) tot (g), wat handel oor die Beleid oor Rasse- en Geslagsgelykheid, Gedragskodes, die formulering van die Beleid oor Bemiddeling en Geskiloplossingsprosedures, die bestuur van diversiteit op die kampusse en die koestering van 'n kultuur wat respek vir menseregte bevorder en 'n omgewing skep wat bevorderlik is vir onderrig, leer, navorsing en studie. In hierdie geval het die IF die voorsitter van die Raad per brief ingelig dat ons meer inligting nodig het oor die status van subparagraaf (c) tot (g) ten einde die IF in staat te stel om op toepaslike wyse aan die Raad te rapporteer en hulle te adviseer.

Die IF het die ontvangs- en bekendstellingsprogram vir 2012 vir al die kampusse ondersoek. Elke kampus het skriftelik aan die IF oor hul ontvangs- en bekendstellingsprogram gerapporteer. Hoewel die Mafikengkampus nie 'n formele oriëntasieproses in plek gehad het nie, is daar bevestig dat die registrasieproses vir 2012 goed verloop het. Die IF het besluit dat toekomstige verslagdoening ook insette vanaf die kampusrektore sal insluit.

## ten slotte

Die IF word wyd aanvaar as 'n geloofwaardige liggaam wat al die universiteit se belanghebbers verteenwoordig en in staat is om 'n konstruktiewe rol te speel in die bevordering van 'n institusionele kultuur wat op verdraagsaamheid, respek en integriteit gebou is. Op grond van hul prestasie oor die afgelope vier jaar, en in die besonder gedurende 2012, is dit duidelik dat die IF die mandaat en die vermoë het om die belangrike rol te speel soos uiteengesit in die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut.



PROF C DE W VAN WYK
VOORSITTER: INSTITUSIONELE FORUM





# senaatsverslag

Dr Theuns Eloff

Die onderrig-leer- en navorsingsresultate wat in 2102 behaal is, bevestig dat die universiteit se kernbesigheid fundamenteel gesond is en dat die NWU se studentesteunmeganismes doeltreffend funksioneer.

Die Senaat het hiertoe bygedra deur te verseker dat die universiteit se akademiese strukture, beleid en personeel in die gewenste rigting beweeg terwyl studentesukseskoerse opgestoot en die welstand van studente beskerm is.

## samestelling van die senaat

Die lidmaatskap van die Senaat bestaan, ooreenkomstig afdeling 12(1) van die Statuut, uit:

- Die visekanselier (voorsitter)
- Die Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie
- Die Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer
- Die kampusrektore
- Die institusionele registrateur
- Die dekane van alle fakulteite
- Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteit verkies is (altesaam 33 lede)
- Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee lede)
- Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)
- Die voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander Raadslid verkies deur die Raad
- Vier persone verantwoordelik vir navorsing, akademiese ondersteuning, biblioteek- en inligtingsdienste
- Akademiese personeellede wat deur die Senaat op advies van die vaste komitees van die Senaat gekoöpteer is (met spesiale inagneming van ras en geslag, altesaam agt)

Drie gewone vergaderings van die Senaat is in 2012 gehou en die gemiddelde bywoning van hierdie vergaderings was 71,6%. Die volgende vaste Senaatskomitees was in 2012 in plek:

Uitvoerende Komitee van die Senaat

- 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie
- Institusionele Komitee vir Onderrig en Leer
- Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde
- Institusionele Komitee vir Toelatingsvereistes
- Vaste Komitee vir Akademiese Geletterdheid
- Vaste Komitee vir Filosofiese Begronding
- Vaste Appèlkomitee

Hierbenewens het die volgende komitees aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie gerapporteer:

- Institusionele Navorsingsteunkommissie
- Navorsingsetiekkomitee
- Komitee vir Gevorderde Grade
- Komitee vir Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings

## veranderinge in akademiese strukture

Daar was gedurende 2012 geen groot veranderinge in die akademiese strukture van die NWU en sy drie kampusse nie. Die NWU se 15 fakulteite was in 2012 soos volg versprei:

- Mafikengkampus: vyf fakulteite met 14 skole, insluitende die nuut gestigte Skool vir Navorsing en Nagraadse Studie. Die kampus het ook twee sentrums gehad, naamlik die Sentrum vir Gemeenskapsreg en die Sentrum vir Onderwysersontwikkeling, asook twee navorsingsnisareas, Bevolking en Gesondheid en Voedselsekuriteit en -Veiligheid in die Noordwes-provinsie. Die vyf fakulteite was Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Geestes- en Sosiale Wetenskappe; Opvoedkunde; Handel en Administrasie; en Regte.
- Vaaldriehoekkampus: twee fakulteite, naamlik Gees-teswetenskappe, en Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, sewe skole, een navorsings-fokusarea en twee navor-singsnisareas. Die fokusareas was Instaatstelling tot Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA), terwyl die nisareas Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET) en Meertalige Spraaktegnologieë (MuST) was.
- Potchefstroomkampus: agt fakulteite, 34 skole, 21 navorsingsentiteite en drie nuwe organisato-riese entiteite, naamlik die Eenheid vir Oop Afstands-leer, die DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddel-ontwikkelingsplatform ("PCDDP") en 'n Sentrum vir Waterwetenskappe en -Bestuur. Twee nuutgestigte navorsingsentiteite was Kwaliteit in Verpleegkunde en Verloskunde (INSINQ) en TRADE (Handel en Ontwikkeling). Die agt fakulteite was Lettere en Wysbegeerte; Natuurwetenskappe; Teologie; Opvoedingswetenskappe; Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Regte; Ingenieurswese; en Gesondheidwetenskappe.



# ons studente

As 'n plek waar potensiaal gekoester word, skep die NWU 'n omgewing wat studente in staat stel om voordeel te put uit die talle geleenthede wat hulle het om tot goed afgeronde mense te ontwikkel wat lateraal en krities kan dink in hul diens aan die land en sy mense.

## ons studente-statistiek

***Studente ingeskryf vir 2012***


| | Mafikeng | Potchefstroom | Vaaldriehoek | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Voorgraadse eerste-inskrywers | 2 343 | 3 733 | 1 788 | 7 864 |
| Seniors | 7 913 | 38 605 | 4 370 | 50 888 |
| Totaal | 10 256 | 42 338 | 6 158 | 58 752 |

***Registrasie per kwalifikasietipe en afleweringsmodus***


| 2012 | Bywoningsmodus | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kwalifikasietipe | Afstand | Kontak | Afstand-VOO* | Groottotaal |
| Algemene akademiese eerste baccalaureusgraad | | 13 705 | | 13 705 |
| Doktorsgraad | 48 | 1 000 | | 1 048 |
| Honneursgraad | 69 | 1 974 | 6 325 | 8 368 |
| Meestersgraad | 24 | 2 804 | | 2 828 |
| Nagraadse diploma | 17 | 1 950 | | 1 967 |
| Voorgraadse diploma (1 en 2 jaar) | | 790 | 9 429 | 10 219 |
| Voorgraadse diploma (3 jaar) | | 359 | 7 465 | 7 824 |
| Professionele eerste baccalaureusgraad (4 jaar) | | 9 477 | 820 | 10 297 |
| Professionele eerste baccalaureusgraad (3 jaar) | 159 | 2 157 | | 2 316 |
| Geleentheidstudente | 7 | 173 | | 180 |
| | | | | |
| Groottotaal | 324 | 34 389 | 24 039 | 58 752 |

** VOO staan vir "Verdere Onderwysersopleiding" en beskryf die afstand- of fleksiprogramme van die NWU vir onderwysers wat reeds in die diens van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente is.*


*Studente vir kontak en afstand ingeskryf 2012*





*Rassesamestelling van studente*




*Geslagsamestelling van studente*




*Geografiese oorsprong van studente in 2012*



*Gradueringsyfer*

| Gradueringsyfer van voorgraadse kontakstudente | Getal 2012 | Graduandi 2012 | 2012 | 2011 | 2010 | 2009 | 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste sertifikate en diplomas van twee jaar of minder | 790 | 186 | 23,54% | 31,60% | 31,01% | 43,20% | 35,23% | 46,61% |
| Eerste diplomas en baccalaureusgrade: drie jaar | 16 221 | 3 095 | 19,08% | 19,47% | 20,5% | 21,93% | 21,33% | 20,28% |
| Professionele eerste baccalaureusgraad: vier jaar of langer | 9 477 | 1 634 | 17,24% | 15,94% | 16, 60% | 16,73% | 17,06% | 17,84% |

| Gradueringsyfer van voorgraadse afstandstudente | Getal 2011 | Graduandi 2011 | 2012 | 2011 | 2010 | 2009 | 2008 | 2007 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste sertifikate en diplomas van twee jaar of minder | 9 429 | 3 893 | 41,29% | 45% | 44% | 38% | 34% | 33% |
| Eerste diplomas en baccalaureusgrade: drie jaar | 7 624 | 1 180 | 15,47% | 17% | 17% | 17% | 20% | 16% |
| Professionele eerste baccalaureusgraad: vier jaar of langer | 820 | 134 | 16,34% | 10% | 15% | 13% | 24% | 26% |



*Gradeplegtighede*


Gedurende 2012 het die universiteit altesaam 14 669 kwalifikasies toegeken. Die onderstaande tabel toon die verspreiding van hierdie kwalifikasies oor die drie kampusse.

(Per plegtigheidsdatum ná voldoening aan die eksamenvereistes in 2012)

| Kampus | Maand van graduering | Jaar | Getal geslaag |
|---|---|---|---|
| Mafikeng | Mei | 2013 | 1 962 |
| | Oktober | 2012 | 441 |
| Mafikengtotaal | | | 2 403 |
| Potchefstroom | Desember | 2012 | 2 361 |
| | Februarie | 2013 | 1 036 |
| | Julie | 2012 | 2 568 |
| | Maart | 2013 | 3 389 |
| | Mei | 2013 | 496 |
| | November | 2012 | 542 |
| | September | 2012 | 663 |
| Potchefstroomtotaal | | | 11 055 |
| Vaaldriehoek | April | 2013 | 999 |
| | Oktober | 2012 | 212 |
| Vaaldriehoektotaal | | | 1 211 |
| Groottotaal | | | 14 669 |

*Grade en diplomas toegeken per kwalifikasietipe*

| Grade en diplomas toegeken | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste grade | 3 032 | 3 237 | 3 719 | 3 646 | 3 698 | 3 902 | 4162 | 4 249 | 4 771 |
| Diplomas | 4 459 | 2 450 | 3 553 | 5 266 | 5 964 | 6 804 | 7 734 | 7 291 | 6 410 |
| Honneurs | 1 453 | 1 284 | 1 678 | 1 691 | 1 992 | 1 957 | 2 425 | 2 800 | 2 664 |
| Meesters | 626 | 700 | 764 | 618 | 583 | 659 | 633 | 639 | 670 |
| PhD's | 87 | 82 | 110 | 124 | 100 | 123 | 129 | 115 | 154 |
| Totaal | 9 657 | 7 753 | 9 824 | 11 345 | 12 337 | 13 445 | 15 083 | 15 094 | 14 669 |




## finansiële hulp aan studente

**Vir die 2012- finansiële jaar het die finansiële steundienste se kantore op die drie kampusse 'n bedrag van R525,6 miljoen geadministreer.**

**Die volgende tabel toon die toedeling van finansiële hulp aan voorgraadse en nagraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2012:**

***NWU-befondsde bystand***

| Bron: NWU | Waarde (R miljoen) |
|---|---|
| Voorgraadse studente | 50,1 |
| Nagraadse studente | 69,9 |
| Subtotaal universiteitsfondse | 120,0 |

**Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse en nagraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2012:**

***Ekstern befondsde bystand***

| Bron: Ekstern | Waarde (R miljoen) |
|---|---|
| Eksterne fondse vir voorgraadse studente | 171,5 |
| Eksterne fondse vir nagraadse studente | 12,4 |
| Subtotaal eksterne fondse | 183,9 |

**Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse studente uit staatsbefondsing, insluitende NSFAS en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling in 2012:**

***Staatsbefondsing vir voorgraadse studente***

| Bron | Kampus | Waarde (R miljoen) |
|---|---|---|
| NSFAS/Maatsk Ontw | Mafikeng | 99,7 |
| NSFAS/Maatsk Ontw | Potchefstroom | 42,0 |
| NSFAS/Maatsk Ontw | Vaaldriehoek | 54,1 |
| Totaal van NSFAS/Departement Maatskaplike Ontwikkeling | | 195,8 |

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit staatsbefondsing (NSFAS) in 2012:

*Staatsbefondsing vir nagraadse studente*

| Bron | Kampus | Waarde (R miljoen) |
|---|---|---|
| NSFAS | Mafikeng | 3,5 |
| NSFAS | Potchefstroom | 1,9 |
| NSFAS | Vaaldriehoek | 1,4 |
| Totaal | NSFAS | 6,8 |

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit NNS-befondsing in 2012:

*NNS-befondsing vir nagraadse studente*

| Bron | Universteitsfondse | Waarde (R miljoen) |
|---|---|---|
| NNS | Mafikeng | 4,0 |
| NNS | Potchefstroom | 14,5 |
| NNS | Vaaldriehoek | 0,6 |
| TOTAAL | NNS | 19,1 |

| | |
|---|---|
| Subtotaal van staatsbefondsing | 221,7 |
| Groottotaal NWU | 525,6 |

## studentesteundienste

**➡ Leiding en berading**
Al drie kampusse het leidings- en beradingsdienste wat studente help om hul studievaardighede te verbeter, goeie studiekeuses te maak en hulle voor te berei vir die wêreld van werk. Meer besonderhede kan gevind word in die Senaatsverslag op bladsy 42, en in die kampusverslae onderskeidelik op bladsy 82, 86 en 92.

**➡ MIV en VIGS**
Elke kampus het 'n gesondheidsentrum of -kliniek met gekwalifiseerde mediese beroepslui bedryf en het 'n verskeidenheid gesondheidsorgdienste aangebied, insluitende vrywillige toetsing vir MIV en Tuberkulose. In Julie 2012 het die Potchefstroomkampus 'n MIV- en VIGS-programkoördineerder aangestel.

## klasgeldstruktuur

Klasgelde het gedurende 2012 met gemiddeld 9,6% gestyg.

| **Besonderhede** | 2012<br>R |
|---|---|
| Mafikengkampus | |
| Universiteitsakkommodasie op kampus | |
| - Voorgraads | 10 870 |
| - Lost City | 14 560 |
| - Nagraads | 20 160 |
| Gloria Park (woonstelle) | 19 710 |
| Etegeld | N.v.t. |
| Potchefstroomkampus | |
| - Universiteitsakkommodasie (gemiddeld) | 13 550 |
| - Oppirif (selfsorgeenhede) | 18 070 |
| - Styging in etegelde | 6,5% |
| Vaaldriehoekkampus | |
| - Universiteitsakkommodasie (gemiddeld) | 13 720 |
| - Thutuka Longfellow meerdoelige behuising | 17 380 |
| - Etegelde | N.v.t. |

| **Bedrag betaalbaar by registrasie** | **2012** |
|---|---|
| Mafikengkampus | |
| - Registrasiegeld | 1 100 |
| - Klasgeld, eerste betaling | 4 250 |
| - Koshuisgeld per semester | Volle bedrag |
| Potchefstroomkampus | |
| - Registrasiegeld | 1 100 |
| - Klasgeld, eerste betaling | 4 800 |
| - Koshuisgeld, eerste betaling | 4 400 |
| - Verpligte betaling vir etes: Losies eerstejaarstudente | 750 |
| - Voorgestelde betaling vir etes | 2 250 |
| Vaaldriehoekkampus | |
| - Registrasiegeld | 1 100 |
| - Klasgeld, eerste betaling | 4 800 |
| - Koshuisgeld, eerste betaling | 4 400 |

# ons onderrig-leer

Deur ons onderrig-leer-aktiwiteite dra die NWU by tot die lewering van goed afgeronde graduandi. Ons doen dit deur verantwoordelikheid te aanvaar vir akademiese beplanning, die akademiese ontwikkeling en ondersteuning van studente en personeel, die ontwikkeling van innoverende benaderings tot onderrig-leer, insluitende tegnologie, en loopbaanontwikkeling.

## kurrikulum- en kortkursusontwikkeling

➞ **Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde**

Daar was 'n merkbare verbetering in die kwaliteit van aansoeke wat die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) oorweeg het.

Dit het voortgevloei uit die werk wat in 2011 begin en in 2012 verder gevoer is om die interne beleid en prosedures vir programontwikkeling duideliker te maak.

Die resultaat was minder terugverwysings na aansoekers, sowel as 'n verbeterde sukseskoers vir die goedkeuring, akkreditering en registrasie van kwalifikasies en programme deur die DHOO, Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) en die SA Kwalifikasieowerheid (SAKO).

Die ontwikkeling van 'n elektroniese stelsel vir programgoedkeuring is gedurende 2012 voortgesit en verskeie modules binne hierdie stelsel sal gedurende 2013 van stapel gestuur word.

Die hersiene IKAS-proses sal ook gedurende 2013 in 'n hersiene beleid en prosedures vir programontwikkeling en goedkeuring gekonsolideer word. Hierbenewens sal 'n aanlynhulpmiddel ontwikkel word om personeel met die ontwikkeling van programvoorstelle by te staan.

➞ **Kortkursusse**

Omvattende werk is gedoen om die bestaande kortkursusbeleid te hersien, en dit het uitgeloop op die indiening van 'n hersiene beleid. 'n Sleuteldoel van die beleidshersiening is om die reputasierisiko's wat met kortkursusvoorsiening gepaard gaan, tot die minimum te beperk deur te verseker dat daar konsekwentheid in die bestuur van kortkursusse regdeur die instelling is. Ander doelwitte is om te verseker dat institusionele praktyke aan die nasionale beleid en regulatoriese omgewing voldoen, en dat studente 'n leerervaring van hoë gehalte ontvang.

As deel van die hersiening van die beleid is konsep- finansiële en sertifiseringsriglyne vir kortkursusse ontwikkel. Hierdie riglyne sal gedurende die raadplegende proses wat betref strategie, beleid en prosedures vir kort leerprogramme in 2013 gefinaliseer word.

➞ **Programbelyning – die HOKR-projek**

Die proses van programbelyning ingevolge die HOKR se proses vir die belyning van kwalifikasies en programme met die Hoëronderwys-kwalifikasieraamwerk (HOKR) van 2007 is gedurende 2012 voortgesit.

Gedurende die eerste fase van die NWU-projek het die NWU die template vir die kategorisering van die universiteit se kwalifikasies in ooreenstemming met die volgende kategorieë by die HOKR ingedien:

- ⇨ Kategorie A: Kwalifikasies en programme wat geen of slegs 'n geringe aanpassing verg om met die HOKR te belyn te wees.
- ⇨ Kategorie B: Kwalifikasies en programme wat minder as 50%-verandering vereis.
- ⇨ Kategorie C: Kwalifikasies en programme wat nie met die HOKR belyn kan word nie en wat uitgefaseer of vervang sal moet word.

Die tweede van die NWU-HOKR-projek, wat in 2012 'n aanvang geneem het, het die volgende drie kwessies hanteer:

- ⇨ Bevestiging van die ingediende inligting oor die Kategorie A-kwalifikasies.
- ⇨ Voltooiing van die herkurrikulering wat vir die Kategorie B-kwalifikasies vereis word.
- ⇨ Ontwerp van 'n ordelike proses vir die uitfasering van die Kategorie C-kwalifikasies.

➞ **Studiemateriaalontwikkeling**

Altesaam 6 806 studiegidse is gedurende 2012 geproduseer.'n Kerngroep van 54 personeellede, insluitende personeel van die AOO-kampuseenhede, is opgelei in die gebruik van tegnologie (Adobe Pro X) om die ontwikkeling van e-gidse te ondersteun.

Dit is 'n prioriteit om te verseker dat goedontwikkelde hulpbronne en kundigheid wat betref onderrigontwerp beskikbaar is om personeel in die ontwikkeling van e-gidse en die skepping van e-leerervarings op te lei.

## kwaliteit van akademiese programme

Een strategiese doelwit is om konstante aandag aan die Verbeteringsplan te skenk wat die NWU-Raad in 2010 goedgekeur het ná die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) se kwaliteitsoudit wat in 2009 voltooi is.

Die HOKK se mondelinge terugvoer oor die Verbeteringsplan is in 2011 ontvang en in 2012 het die HOKK skriftelike terugvoer gegee oor die NWU-HOKK-ouditvorderingsverslag wat deur die Raad goedgekeur is. 'n Verdere vorderingsverslag moet in die loop van die eerste semester van 2013 aan die HOKK voorsien word. Benewens die ouditverbeterings het die Kwaliteitskantoor aan die sogenaamde gapingsprojek gewerk, wat voortgespruit het uit die ouditvoorbereidings, en het hulle daaroor aan die Institusionele Bestuur verlag gedoen.

Kwaliteitversekeringsaktiwiteite wat gedurende 2012 onderneem is, het die volgende ingesluit:

➞ Interne en eksterne evaluerings, sowel as evaluerings deur professionele/statutêre liggame, wat verbetering van akademiese kwaliteit ondersteun;

- Eksterne evaluerings is oor die baccalaureusgraad in Administrasie, die BCom-graad in Bestuur en Engels as 'n vak op die Mafikengkampus uitgevoer;
- Die eksterne evaluering van die meestersgraad in Teologie (Nuwe Testament) op die Potchefstroom-kampus;
- 'n Omvattende opvolgbesoek van die Association of Masters in Business Administration (AMBA), 'n akkrediteringsliggaam wat in die VK/Europa gesetel is. Dit was ter voorbereiding vir die internasionale akkreditering van die MBA-program wat op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus aangebied word;
- Die ontwikkeling van fakulteitkwaliteitshandleidings wat alle fakulteitspesifieke prosesse voortspruitend uit regsraamwerke dokumenteer; en
- Evaluerings van akademiese programme deur statutêre liggame, naamlik:
  - die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, wat die honneursgraad in Psigologie op die Potchefstroom- en Mafikengkampus geëvalueer het, asook die honneurs- en meestersgraad in Bedryfpsigologie op die Potchefstroomkampus;
  - die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters, wat die program in Geoktrooieerde Rekenmeesterskap op al drie kampusse geëvalueer het;
  - die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediens-professies, wat die programme in Maatskaplike Werk op al drie kampusse geëvalueer het; en
  - die Suid-Afrikaanse Raad vir Veeartsenykundige Wetenskappe, wat Dieregesondheid op die Mafikengkampus geëvalueer het.

Kwaliteitsversekeringswerk vir die ondersteuningseenhede aan die universiteit het ook goed gevorder:

- Verskeie kwaliteitshandleidings is herontwikkel, bygewerk en vir gerieflike verwysing op die intranet geplaas. Verskeie selfevaluerings is uitgevoer en sommige is deur omvattende portuurevaluerings gevolg, naamlik by Akademiese Administrasie op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus. (Mafikengkampus het reeds 'n soortgelyke evaluering gedurende die vorige jaar voltooi.)
- Opvolgevaluerings is vir Studenteontwikkeling op die Vaaldriehoekkampus en Akademiese Dienste op die Mafikengkampus uitgevoer.
- "Sagte" oorsigte (nie gedetailleer nie) is vir die biblioteke op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus gedoen. (Dit het gevolg op 'n omvattende portuur-evaluering van die Potchefstroomkampus se biblioteek gedurende die vorige jaar.)
- Die eerste indaba oor dienslewering is as deel van die kwaliteitsveldtog onder ondersteuningsdepartemente gehou. Die terugvoer wat ontvang is, het daarop gedui dat dit elke jaar herhaal moet word.

## verligting van akademiese risiko: toegang en sukses van studente

Die universiteit se toelatingsvereistes vir 2013 is gedurende Oktober en November 2012 onderskeidelik deur die Senaat en die Raad goedgekeur. Die goedgekeurde toelatingsvereistes bepaal addisionele kriteria vir spesifieke kwalifikasies en programme wat betref die NSS- en NBS-vlak vir spesifieke vakke, sowel as die totale Toelatingspuntetelling (APS).


Die NWU is daartoe verbind om toegang te verbreed en te verseker dat alle studente doeltreffend aan die proses van onderrig en leer kan deelneem, wat op gelyke geleenthede vir sukses sal uitloop.

## ondersteuning vir ons studente

Die universiteit gebruik verskeie strategieë om studente behulpsaam te wees, en veral diegene wat onvoorbereid is, om die nodige vaardighede vir suksesvolle studie te ontwikkel.

- **Grondslagvoorsiening**

Gedurende 2012 het die universiteit suksesvol by die DHOO aansoek gedoen vir die aanbieding van 43 verlengde programme in die befondsingsiklus wat in 2013 'n aanvang neem. Die spesifieke inskrywing van 3 705 VOO's dui op die aansienlike aard van grondslagvoorsiening deur die universiteit.



In Mei 2012 het die Senaat 'n raamwerk goedgekeur wat riglyne uiteensit vir die ontwikkeling, monitering en hersiening van verlengde programme.

➡ **Universiteitsvoorbereidingsprogram (UniPrep)**

In 2012 was daar ook die aanvang van die UniPrep-loodsprojek op al drie kampusse van die NWU. Hierdie oorbruggingsprogram, waarin die NWU met die Open Learning Group saamwerk, ondersoek moontlikhede vir die uitbreiding van toegang tot universiteitstudie vir leerders wat andersins nie sou gekwalifiseer het nie. Die program, wat gemik is op voornemende BCom-studente, het 'n gemengdeleerbenadering gevolg, wat kontak- en aanlynonderrig gekombineer het. Die loodsgroep vir 2012 het bestaan uit 26 studente, met 'n 50:50-geslagsverteenwoordiging. Die rassesamestelling was 62% swart, 27% wit en 11% bruin. Die meerderheid van hierdie studente het hul prestasie in Wiskunde beduidend verbeter.

➡ **Aanvullende Onderrig**

Aanvullende Onderrig ("SI") is 'n internasionaal erkende benadering tot leerverryking wat studentretensie en -prestasie verhoog. Groepstudiesessies word gefasiliteer deur SI-leiers, naamlik studente wat voorheen die betrokke module voltooi het. Gedurende die jaar het 694 SI-leiers 22 221 SI-sessies in 479 "risikomodules" aangebied en het die universiteit R1,5 miljoen ter ondersteuning van die SI-program verbind.

Risikomodules word omskryf as dié wat groot klasse, uitdagende inhoud en 'n gemiddelde slaagsyfer van minder as 50% het. Resultate het getoon dat studente wat gereeld SI bywoon, hoër vakpunte behaal en minder gereeld staak as nie-SI-deelnemers. Die data demonstreer ook hoër herinskrywings- en gradueringskoerse.

'n Ontleding van 94 modules het daarop gedui dat stu-dente wat aan SI deelgeneem het, aansienlik beter punte behaal het as diegene wat nie deelgeneem het nie – met 'n differensiaal van tussen 10% en 15%. Van kritieke belang is dat die gemiddelde punt van nie-SI-studente in 'n aantal van hierdie modules tot onder die 50%-slaagsyfer gedaal het, terwyl die gemiddelde slaagsyfer van SI-studente in al die modules bo die slaagsyfer was.

Verder het 'n ontleding van die akademiese prestasie van 202 studente in hierdie modules daarop gedui dat hoër getalle SI-deelnemers onder hierdie groep binne die hoër akademiese prestasiekategorieë val (A = 80-100%; B = 70-79%; en C = 60-69%), terwyl minder SI-deelnemers gedruip of gestaak het.

Verskeie strategieë is gebruik om SI te bemark, insluitende die ontwikkeling van promosie-DVD's op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus, en 'n bemarkingsweek vir SI op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus. Promosie-DVD's vir die Mafikengkampus sal in 2013 ontwikkel word. Die SI-kwaliteitshandleiding is in Mei 2012 ter kennisname aan die Senaat voorgelê.

*Opsomming van aktiwiteite in Aanvullende Onderrig ("SI") in 2012*

| Kampus | Opgeleide SI-leiers | Aktiewe SI-leiers | Modules waarin SI aangebied word | SI-sessies | % van risikomodules waarin SI aangebied word |
|---|---|---|---|---|---|
| Mafikeng | 250 | 203 | 133 | 8 009 | 0 |
| Potchefstroom | 201 | 273 | 176 | 7 563 | 38% |
| Vaaldriehoek | 238 | 218 | 170 | 6 639 | 71% |
| Totaal | 689 | 694 | 479 | 22 211 | |

➡ **Lees- en taalontwikkeling op kampusse**

Die universiteit het 'n aansienlike belegging gemaak in die ontwikkeling van leeslaboratoriums as 'n meganisme ter verbetering van studente se leesbegripsvaardighede en taalvaardigheid.

In die eerste en tweede semesters van hul studie word daar van alle nuwe studente vereis om twee modules oor die ontwikkeling van akademiese geletterdheid by te woon, hoewel studente wat goed vaar in die taalvaardigheidstoetse in sommige gevalle van die eerstesemestermodule vrygestel kan word. Gedurende 2012 het altesaam 9 766 studente die modules oor akademiese geletterdheid geloop.

➡ **Ander strategieë om studentesukses te bevorder**

'n Mentorskapprogram het in 2011 'n aanvang geneem en is in 2012 voortgesit, met heelwat meer as 1 000 studente wat deelgeneem het. Eerstejaarstudente word op grond van maatstawwe soos studieprogram en geslag met senior studente afgepaar.

Die AAO-eenheid op elke kampus voorsien ook individuele beradingsessies vir studente wat op risiko kan wees of wat ander probleme met hul akademiese werk ervaar. Hierdie diens word goed deur studente op al die kampusse ondersteun.

## ontwikkeling van ons akademici

Die universiteit se gevestigde strategieë vir ontwikkeling van akademiese personeel sluit twee onderrig-toekenningsprosesse in – die Institusionele Toekenning vir onderriguitnemendheid en die *Rapport*-toekennings vir Topdosente – en die Institusionele Kursus vir nuwe dosente. Die konferensie oor die Vakkundigheid van Onderrig en Leer is 'n nuwe inisiatief om professionalisme in onderrig en leer te bevorder.

➡ **Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU)**

Die ITOU is 'n meganisme om erkenning te verleen aan dosente en hulle aan te moedig om hul onderrig-vaardighede te ontwikkel. 'n Evalueringspaneel doen

observasie van kontaksessies en studenteterugvoer, en die dosente voorsien bewys van innoverende strategieë en benaderings tot onderrig en leer (insluitende e-leer). 'n Onderrigportefeulje word ook geëvalueer.

'n Belangrike ontwikkeling gedurende 2012 was dat 'n stelsel oor die kampusse heen vir die moderering van die ITOU-portefeuljes ontwikkel is, wat konsekwentheid in die standaarde van die toekennings verseker het. Altesaam 49 personeellede het in 2012 ITOU-toekennings ontvang. Die volgende tabel voorsien meer gedetailleerde inligting.

*ITOU-toekennings in 2012*

| Kampus | Totale getal ITOU-toekennings per kampus |
|---|---|
| Mafikengkampus | 18 |
| Potchefstroomkampus | 20 |
| Vaaldriehoekkampus | 11 |
| Totale getal toekennings | 49 |

Twee personeellede wat aan die 2012-ITOU-toekennings deelgeneem het, het verder ook onderriguitnemendheids-toekennings van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderrig en Leer in Hoër Onderwys ("HELTASA") ontvang.

➞ ***Rapport*-toekennings vir Topdosente**

Vir die derde jaar agtereenvolgens het die *Rapport*-koerant 'n aansienlike bedrag geld vir hierdie toekennings bewillig. Nadat 40% van die voltydse voorgraadse studente vir die dosente gestem het wat hulle die meeste geïnspireer het, het 15 dosente (een uit elke fakulteit) elk 'n kontantprys van R50 000 ontvang.

➞ **Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND)**

Die breë doelwitte van die IKND is om:

- Nuwe dosente aan beste praktyke in hoër onderwys bekend te stel; en
- Opknapping van ervare dosente te doen deur nuwe tendense in hoër onderwys te deel.

In 2012 het altesaam 107 nuutaangestelde dosente Fase 1 van die IKND bygewoon, wat uitgebrei is om kontrak- en deeltydse dosente in te sluit.

➞ **Vakkundigheid van Onderrig en Leer**

Die jaarlikse konferensie oor die Vakkundigheid van Onderrig en Leer (VVOL) is vir die tweede maal in November 2012 aangebied. Die gasspreker was prof Anthony Ciccone, Direkteur van die Centre for Instructional and Professional Development aan die Universiteit van Wisconsin-Milwaukee in die VSA. Verskeie NWU-personeellede, insluitende ontvangers van ITOU-toekennings, het hul benaderings tot innoverende onderrig en leer vertoon en wyses bespreek om goeie praktyk te deel. Gedurende 2012 het die Institusionele Bestuur 'n aansienlike toewysing uit strategiese befondsing ter ondersteuning van die verdere ontwikkeling van PVOL by die universiteit goedgekeur.

## onderrig- en leertegnologie

Die visie van die Onderrig- en Leer-tegnologieraamwerk is die implementering, instandhouding en versekering van die kwaliteit van onderrig- en leertegnologie wat by die NWU ter ondersteuning van die Institusionele Plan gebruik word.

Gedurende 2012 is verskeie internasionale kongresse bygewoon en is samewerkende aktiwiteite en projekte onderneem om norme en bronne te bepaal en nuwe intern ontwikkelde tegnologie te deel.

Die 2012-OLT-begroting het R250 000 aan elke kampus vir die instandhouding van multimediatoerusting in lesinglokale voorsien.

Die OLT-bestuurder het die eNdaba-werksgroep byeengeroep om die aanvaarding van onderrig- en leertegnologie by die universiteit te bevorder en te koördineer.

Sommige van die projekte gedurende 2012 was onder andere die ontwikkeling van elektroniese studiegidse, navorsing oor en bronne van tegnologie om e-evaluering te ondersteun, die ontwikkeling en implementering van 'n lesingopnamestelsel en ondersteuning vir die bedryfsbestuur van eFundi, die Leerbestuurstelsel (LBS). Gemiddeld het 24 295 aktiewe studente in 2012 van die eFundi-leerbestuurstelsel gebruik gemaak. Die volgende tabel gee 'n oorsig van die gebruik van eFundi in 2012.

*Die gebruik van die eFundi-LBS op al drie kampusse*

| Gebruik van eFundi | Mafikeng | Potchefstroom | Vaaldriehoek |
|---|---|---|---|
| Getal eFundi-lokaliteite | 697 | 2 086 | 758 |
| Totale getal aktiewe lokaliteite (sewe of meer studente per lokaliteit) | 412 | 1 421 | 456 |
| Totale getal personeellede wat eFundi as LBS gebruik het | 113 | 429 | 106 |

## loopbaansentrum

Die Loopbaansentrum speel 'n noodsaaklike rol in die bevordering van die aanstelbaarheid van NWU-studente deur skakeling met werkgewers en deur dienste aan werkgewers sowel as aan studente te lewer.

➞ **Skakeling met werkgewers**

Verskeie dienste is aan werkgewers gelewer. Een daarvan was die CareerZone, wat 'n aanlyn-loopbaanportaal is waar werkgewers vakatures kan adverteer. In September 2012 het die Loopbaansentrum die maatskappy Virtual Human Capital aangestel om die CareerZone te bestuur. Volgens hierdie kontrak is die CareerZone deel van 'n netwerk vennote wat saam 'n baie groot reikwydte het wat aanlynwerwing in Suid-Afrika betref.

Die vennote sluit in universiteite se radiostasies, werkportale, kommersiële en gemeenskapsradiostasies, publikasies en media- en uitsaaimaatskappye.

Gereelde loopbaanskoue, waar studente met voornemende werknemers kan skakel, is ook op die kampusse gehou. 'n Loopbaangids is as 'n e-tydskrif beskikbaar gestel. Dit het omgewingsvolhoubaarheid ondersteun en die NWU se verbintenis tot die beginsels van die King III-verslag weerspieël.

Die Loopbaansentrum het steeds van eFundi gebruik gemaak. Deur hierdie platform word die volgende hulpbronne aan studente wat werk soek, beskikbaar gestel: Wenke oor die skryf van CV's, wenke oor aanlyn-aansoeke, skakels na webwerwe vir werksoekers, inligting oor wat werkgewers van werksoekers verlang en inligting oor die werksoek-proses.

Tydens drie raadplegende werkswinkels wat gedurende 2011 met werkgewers gehou is, het die fakulteite Ingenieurswese, Regte en Opvoedkunde van die drie kampusse saam met die Kantoor van die Visekanselier, met werkgewers, verteenwoordigers van professionele liggame en ander toepaslike belanghebbers vergader.

Hierdie werkswinkels is goed ondersteun deur die industrie, en sal in 2013 uitgebrei word.

### ➞ Loopbaandienste vir studente

Gedurende kampusbesoeke in 2012 het die loopbaankonsultant van die Loopbaansentrum 1 310 studente behulpsaam gewees met die skryf van hul CV's en voorbereiding vir werksonderhoude, vergeleke met slegs 887 in 2011. 'n Doelwit vir 2013 is om die werkswinkels sterker onder akademiese personeel te bevorder sodat hulle groter groepe studente kan aanmoedig om deel te neem.

### ➞ Skakeling met oudstudente

Die universiteit se alumni is 'n noodsaaklike hulpbron vir die loopbaanontwikkeling van studente. Deur die loopbaansentrum se alumninetwerk word alumni aangemoedig om vrywillig hul dienste as mentors vir studente aan te bied, gaslesings oor hul professionele ervaring en loopbaanpaaie aan te bied en studente-interns binne hul organisasies te akkommodeer.

### ➞ Opnames

Die universiteit het gedurende 2012 aan 'n aantal nasionale opnames deelgeneem om terugvoer van studente en graduandi te ontvang. Dit het die Magnet-studenteopname ingesluit, wat navorsing doen oor loopbaanverwagtinge van studente, sowel as die Magnet Beroepslui-opname, wat die menings van graduandi inwin oor die beste maatskappye om voor te werk.

Die Loopbaansentrum het ook 'n verslag opgestel oor werkgewerterugvoer ten opsigte van NWU-graduandi.

Dit is gebaseer op 'n onafhanklike opname wat in 2011 gemaak is onder werkgewers wat met die Loopbaansentrum saamwerk, asook 'n opname van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Werwing van Graduandi ("SAGRA") wat die opinies van werkgewers oor die loopbaandienste by hoëronderwysinstellings ondersoek.

Die opnameresultate het daarop gedui dat werkgewers NWU-graduandi oorwegend in 'n positiewe lig beskou, maar het ook aspekte uitgewys wat verbeter behoort te word.

Dit sluit in vaardigheid in Engels, die vermoë om verandering en diversiteit te hanteer, verslagskrywing, aanbiedingsvaardighede en werksplek-blootstelling.

Gedurende 2013 sal die universiteit 'n beroepsopleiding-opvolgstudie uitvoer om 'n akkurater beeld van die persepsies van werkgewers oor die eienskappe van graduandi te verkry.

Die NWU sal dan 'n dokument oor die gewenste kenmerke van graduandi opstel om as inset in kurrikulumbeplanning en ander onderrig- en leeraktiwiteite te dien.

### ➞ Internasionale normering

Om sy dienste en programme te normeer, het personeel van die Loopbaansentrum die jaarlikse konferensie van die Nasionale Vereniging vir Graduandi-loopbaanadviesdienste ("NAGCAS") in Perth, Australië bygewoon en universiteite in daardie land besoek om 'n beter begrip te kry hoe hulle studente se indiensnemingspotensiaal kan verhoog.



# ons navorsing

In 2012 het die NWU goeie vordering gemaak met die bereiking van ons missie om relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte, wat belyn is met nasionale prioriteite, te ontwikkel en in stand te hou, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.

## ons navorsingstatistiek

Deur sy navorsingsprestasies in 2012 het die NWU homself as een van Suid-Afrika se voorste ses navorsingsuniversiteite gevestig. Daar was weereens 'n sterk toename in artikelekwivalente sowel as substansiële verbeterings wat betref postdoktorale genootskappe, NNS-graderings en nagraadse grade toegeken.

Die volgende tabel toon die vordering wat gemaak is met die verbetering van die navorsingsuitset sedert 2004.

| Navorsingsuitset | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Artikelekwivalente | 272 | 318 | 352 | 358 | 471 | 409 | 511 | 653 | 791 |
| Konferensieverrigtinge | 3 | 8 | 8 | 13 | 18 | 34 | 55 | 84 | 81 |
| Boeke | 0 | 0 | 2 | 5 | 13 | 5 | 25 | 36 | 56 |
| Totale publikasie-ekwivalente gepubliseer | 275 | 326 | 361 | 376 | 503 | 448 | 591 | 773 | 935 |
| Aantal NNS-gegradeerde navorsers | 73 | 85 | 82 | 95 | 103 | 116 | 117 | 125 | 140 |
| Meestersgrade toegeken | 626 | 700 | 765 | 618 | 583 | 659 | 633 | 639 | 670 |
| Navorsingsmeestersgrade | 262 | 293 | 384 | 313 | 281 | 369 | 353 | 366 | 433 |
| Geweegde navorsingsmeestersgrade | 262 | 293 | 384 | 313 | 281 | 369 | 353 | 366 | 433 |
| Doktorsgrade toegeken | 87 | 82 | 110 | 124 | 100 | 123 | 129 | 115 | 154 |
| Geweegde doktorsgrade | 261 | 246 | 330 | 372 | 300 | 369 | 387 | 345 | 462 |
| Totale navorsingsuitset | 798 | 865 | 1 075 | 1 061 | 1 084 | 1 186 | 1 330 | 1 483 | 1 830 |
| Postdoktorale genote | 9 | 17 | 18 | 34 | 38 | 48 | 69 | 89 | 114 |

### ➞ Publikasie-uitset


Die NWU se gesubsidieerde publikasie-uitset bestaan uit geakkrediteerde vaktydskrifartikels, boeke en konferensieverrigtinge. Die totale publikasie-uitset vir die jaar het op 935 eenhede te staan gekom, wat 21% meer is as die vorige jaar se 773 eenhede.

Van die gepubliseerde vaktydskrifartikels het 66% (519,84 eenhede) in ISI-gelyste tydskrifte verskyn, vergeleke met 50,5% in 2011. Per capita-uitset, wat verwys na artikels wat in 'n bepaalde akademiese jaar gepubliseer is, het van 0,57 in 2011 tot 0,78 in 2012 toegeneem.

### ➞ Postdoktorale genote

Postdoktorale genote het 'n baie belangrike bydrae gelewer wat betref die stimulering van navorsing op al drie kampusse. In 2012 het die aantal postdoktorale genote aan die universiteit toegeneem vanaf 89 tot 114, en almal het toekennings van die NWU ontvang. Toekenningsbefondsing vir postdoktorale genootskappe het R19,4 miljoen beloop in 2012, vergeleke met R13,5 miljoen in die vorige jaar.

Die volgende grafiek toon die bestendige toename in postdoktorale genootskappe sedert 2006 en wys die verspreiding van genote op die kampusse.



➞ **NNS-graderings**

Die universiteit het die akademiese jaar begin met 125 NNS-gegradeerde navorsers en het in Februarie 2012 41 graderingsaansoeke by die NNS ingedien.

Agt van die 11 aansoeke vir nuwe graderings is aanvaar, en een is nog uitstaande.

Die NNS het 29 van die 30 aansoeke vir herevaluering goedgekeur. Weens natuurlike diensverlating van navorsers het die NWU 2012 afgesluit met 140 gegradeerde navorsers.

Die onderstaande tabel gee besonderhede van gegradeerde navorsers per kategorie op elke NWU-kampus soos op 31 Desember 2012.

| Kampus | Kategorie | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|
| Mafikeng | B | | | 1 | 1 |
| | C | 1 | 2 | 6 | 10 |
| | L | 1 | 1 | 1 | 0 |
| | Y | 1 | 1 | 1 | 2 |
| Totaal | | 3 | 4 | 9 | 13 |
| Potchefstroom | A | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | B | 12 | 11 | 13 | 15 |
| | C | 70 | 70 | 74 | 79 |
| | L | 3 | 3 | 2 | 2 |
| | P | 1 | 1 | | 1 |
| | Y | 20 | 20 | 16 | 17 |
| Totaal | | 108 | 105 | 107 | 116 |
| Vaaldriehoek | B | | | 1 | 1 |
| | Y | 3 | 3 | 2 | 2 |
| | C | 2 | 3 | 5 | 8 |
| Totaal | | 5 | 6 | 8 | 11 |
| NWU Totaal | | 116 | 117 | 125 | 140 |

## jaarlikse navorsingstoekennings

By die jaarlikse navorsingsdinee op 26 Oktober 2012 het die universiteit die prestasies van sy toppresterende navorsers gevier. Hulle was:

➞ Die ontvangers van die S2A3- en ABSA-bronsmedaljes vir die beste meestersgrade op die onderskeie kampusse;
➞ 29 navorsers wat 'n NNS-gradering of hergradering behaal het;
➞ Ses personeellede wat erkenning gekry het vir hul kreatiewe uitsette;
➞ Twee groepe wat erkenning gekry het vir hul gemeenskapsverbintenis;
➞ Twee personeellede wat erkenning gekry het vir uitsonderlike leierskap en bydraes tot internasionale organisasies;
➞ Die mees produktiewe junior en senior navorser en die mees produktiewe navorsingsentiteit, en
➞ Die mees aangehaalde navorser op internasionale vlak.

## ontwikkeling van navorsingskapasiteit

Net meer as R21 miljoen is in 2012 in navorsingskapasiteitsbou belê, hoofsaaklik in die vorm van finansiële ondersteuning vir meesters- en doktorsgraadstudente in areas wat op skaars vaardighede gerig is. Die volgende tabel toon die ondersteuning wat deur die NNS en NWU verleen is aan honneurs-, meesters- en doktorale studente in die kategorie Skaars Vaardighede, Algemeen en Innoverend.

| | Waarde (R) | Student |
|---|---|---|
| Honneurs | 3 880 000 | 118 |
| Meestersgraad | 11 125 200 | 313 |
| PhD | 5 632 871 | 165 |
| Totaal | 20 638 071 | 596 |

Behalwe vir die ondersteuning aan nagraadse studente het die NWU R409 000 aan kapasiteitsbouwerkswinkels bestee, wat deur 297 personeellede bygewoon is. Dit was oor onderwerpe soos skryf vir publikasies, vraelysontwerp, nagraadse studieleiding, wetenskapskommunikasie en befondsingsgeleenthede.

Die NWU het finansiële steun in die vorm van beurse verskaf aan 27 personeellede wat PhD-grade voltooi het. Die totale waarde van hierdie steun was R692 300.

## ons navorsingsleerstoele

Twee nuwe SARCHi-leerstoele is gedurende 2012 aan die NWU toegeken:

➞ Steenkoolnavorsing
➞ Vroeë Opsporing en Voorkoming van Kardiovaskulêre Siekte in Afrika. Dit was een van slegs agt gerigte leerstoele wat in 2012 toegeken is.

Die NWU huisves tans vyf Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel-inisiatief-leerstoele. Die ander drie is in Kernenergie, Ruimtefisika, en Berekeningschemie (steeds vakant).

## ons navorsingsentiteitemodel

Gedurende 2012 is die volgende veranderings aangebring aan die NWU se navorsingsentiteitemodel:

➞ Die Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling is opgegradeer tot 'n sentrum van uitnemendheid.

➞ Die volgende nuwe navorsingsfokusareas is goedgekeur:
⇨ OPTENTIA (Optimale uitdrukking van individuele, maatskaplike en institusionele potensiaal), Vaaldriehoekkampus
⇨ INSINQ (Gehalte in verpleeg- en verloskunde), Potchefstroomkampus
⇨ MaSIM (Materiaalwetenskapinnovasie en modellering), Mafikengkampus

➞ Die volgende nuwe nisareas is goedgekeur:
⇨ MuST (Meertalige Spraaktegnologieë), Vaaldriehoekkampus
⇨ TRADE (Handel en Ontwikkeling), Potchefstroomkampus

Die Senaat het in Mei 2012 besluit om die model verder te verbeter deur twee nuwe tipes entiteite goed te keur:

- ➞ **Gehuisveste navorsingsentiteite:** Dit is entiteite waar primêr gefokus word op innovasie-uitset laer in die innovasiewaardeketting. Die NWU huisves tans die volgende aktiwiteite:
  - ⇨ DW HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum vir waterstofproduksie, -berging, retikulasie en -veiligheid, kodes en standaarde.
  - ⇨ DWT Sentrum van Uitnemendheid in IKS.
  - ⇨ Die DWT se Platform vir Menslike Metabolomika.
  - ⇨ Die DWT/NWU Nasionale Prekliniese Geneesmiddel-ontwikkelingsplatform.
  - ⇨ Die DHN se Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging.

*Die NWU-navorsingsentiteite is in die volgende tabel gelys:*

| Titel | Status | Kampus |
|---|---|---|
| Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV) | Sentrum van Uitnemendheid | Potchefstroom |
| Sentrum van Uitnemendheid vir Ruimtenavorsing | Sentrum van Uitnemendheid | Potchefstroom |
| Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe | Sentrum van Uitnemendheid | Potchefstroom |
| Eenheid vir Energiestelsels | Eenheid | Potchefstroom |
| Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing | Eenheid | Potchefstroom |
| Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika | Eenheid | Potchefstroom |
| Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks | Eenheid | Potchefstroom |
| Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur | Eenheid | Potchefstroom |
| Eenheid vir Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat | Eenheid | Potchefstroom |
| Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR) | Eenheid | Potchefstroom |
| WorkWell: Eenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Eenheid | Potchefstroom |
| Chemiese Hulpbronveredeling | Fokusarea | Potchefstroom |
| Sosiale Transformasie | Fokusarea | Potchefstroom |
| Onderrig-leerorganisasies | Fokusarea | Potchefstroom |
| Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) | Fokusarea | Potchefstroom |
| Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET) | Fokusarea | Vaaldriehoek |
| Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (PhASRec) | Fokusarea | Potchefstroom |
| Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Samelewing (TREES) | Fokusarea | Potchefstroom |
| Optentia | Fokusarea | Vaaldriehoek |
| INSINQ (Gehalte in Verpleeg- en Verloskunde) | Fokusarea | Potchefstroom |
| MaSIM (Materiaalwetenskapinnovasie en Modellering) | Fokusarea | Mafikeng |
| Bevolking en Gesondheid | Nisarea | Mafikeng |
| Opvoedkundige Tegnologie vir Doeltreffende Onderrig, Leer en Fasilitering | Nisarea | Potchefstroom |
| Musikale Kunste in SA: Hulpbronne en Toepassings | Nisarea | Potchefstroom |
| Medisyneverbruik in SA (MUSA) | Nisarea | Potchefstroom |
| Voedselsekuriteit en -veiligheid in die Noordwesprovinsie | Nisarea | Mafikeng |
| MUST (Meertalige Spraaktegnologieë) | Nisarea | Vaaldriehoek |
| TRADE (Handel en Ontwikkeling) | Nisarea | Potchefstroom |

- ➞ **Kommersiële navorsingsentiteite:** Dit is entiteite waar primêr gefokus word op die implementering van kundigheid. Hulle sal op besigheidsbeginsels bedryf word, en daar word van hulle verwag om finansieel onafhanklik te wees. Die Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste is 'n voorbeeld hiervan.

## navorsingsbefondsing

Die volgende tabel bied 'n opsomming van die NNS-befondsing wat deur die NWU ontvang is vir navorsing. Die NWU gaan voort om sy inkomste vanaf die NNS vir nagraadse beurse te verhoog.

| Jaar | Bedrag | Aangepas | Toekenning |
|---|---|---|---|
| 2009 | R20 640 899 | R8 636 476 | R29 277 375 |
| 2010 | R22 979 510 | R16 707 197 | R39 686 707 |
| 2011 | R30 119 319 | R3 863 175 | R33 982 494 |
| 2012 | R36 599 173 | R10 808 456 | R47 407 629 |

Die fondse wat in 2012 vir THRIP-projekte verdien is, is hieronder aangedui. Die NWU is steeds een van die topverdieners in die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne in die Nywerheid (THRIP) van die Nasionale Navorsingstigting.

'n Goeie THRIP-prestasie is 'n aanduiding van 'n begrip van drievoudigeheliks-verhoudings waar hoëronderwys-instellings, die privaat sektor en die openbare sektor by volhoubare, innoverende samewerking betrokke raak.

| Jaar | Bedrag | Aangepas | Toekenning |
|---|---|---|---|
| 2009 | R26 485 875 | -R2 717 711 | R23 768 163 |
| 2010 | R26 855 536 | -R5 899 139 | R20 956 396 |
| 2011 | R8 266 409 | R28 313 648 | R36 540 057 |
| 2012 | R11 589 866 | R20 070 265 | R31 660 131 |

## gevolgtrekking

Die jaar 2012 se resultate bevestig dat die universiteit se akademiese en navorsingskernbesigheid fundamenteel gesond is en dat die Senaat sy rol van toesighouding oor die instansie se akademiese strukture, beleide en personeel op 'n bevoegde wyse vervul.

In verskeie opsigte verteenwoordig 2012 'n nege-jaar-hoogtepunt vir onderrig-leer en navorsing aan die NWU.

Die universiteit het sy totale **navorsingsuitset** sedert 2004 meer as verdubbel terwyl die voorgraadse slaagsyfer tot 88,2% verbeter het (afstand en kontak), wat beduidend hoër is as die gemiddelde koers vir openbare universiteite in Suid-Afrika.

Die aantal eerste **grade toegeken** in 2012 het met 11% toegeneem in vergelyking met die vorige jaar en daar was behoorlike toenames wat betref meesters- en doktorsgrade toegeken.

Daar was egter 'n afname van ongeveer 5% in toegekende honneursgrade en bykans 13% in toegekende diplomas. Daar was gevolglik 'n 3%-afname in die totale aantal grade en diplomas wat gedurende die jaar toegeken is. Die Senaat is besig om te kyk na die redes hiervoor en sal aanbevelings maak vir toepaslike optrede.

Breër **toegang** tot die universiteit se programme is steeds 'n prioriteit en die NWU reageer op die uitdaging deur inisiatiewe soos die Universiteit-voorbereidingsprogram en uitgebreide grondslagvoorsiening.

Ons is daartoe verbind om te verseker dat doeltreffende **akademiese ondersteuning** beskikbaar is aan alle studente, veral dié in hoërisikomodules, deur Aanvullende Onderrig en geleenthede vir die ontwikkeling van akademiese geletterdheidsvaardighede.

Iets wat altyd kommer wek, is die beskikbaarheid van voldoende befondsing om behoeftige, akademies verdienstelike studente te help.

Hoewel die totale bedrag wat vir **finansiële steun** aan behoeftige studente beskikbaar was, bykans R90 miljoen meer was as 2011 se R403 miljoen, is finansiële steun steeds buite bereik van veral baie voorgraadse studente. Die gerapporteerde toename in studenteskuld is 'n duidelike aanduiding dat die moeilike ekonomiese klimaat sy tol eis op studente.

Die tabel hierbo weerspieël van die belangrikste onderrig-leer- en navorsingsaanduiders sedert 2004 en toon duidelik hoe die NWU waarde toevoeg vir sy sleutelbelanghebbers.

Die Senaat se werk het toenemend kompleks geword in die afgelope jare – dink byvoorbeeld aan die HOKK-kwaliteitsoudit en nou die HOKR-programbelyningsprojek.


Beide is multijaarprojekte wat al die universiteit se werksaamhede geaffekteer het en beduidende investering van tyd en energie verg. Nietemin het hulle 'n enorme bydrae gelewer tot die NWU se institusionele kennisbasis en personeel waardevolle blootstelling gegee aan die nuutste verwikkelings in gehalteversekering, programevaluering en herkurrikulering.

Die opgedoende ervaring sal van onskatbare waarde wees soos wat die universiteit sy bydrae tot vaardigheidsontwikkeling in Suid-Afrika en verder uitbrei.

| | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale studente-inskrywings | 40 145 | 38 596 | 38 709 | 44 726 | 47 008 | 50 589 | 55 732 | 56 641 | 58 752 |
| Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand) | 75,20% | 78,80% | 78,36% | 79,48% | 81,20% | 83,6% | 83,5% | 85,2% | 88,2% |
| Grade en diplomas toegeken (totaal) | 9 657 | 7 746 | 9 825 | 11 345 | 12 337 | 13 445 | 15 083 | 15 904 | 14 669 |
| Meestersgrade toegeken | 626 | 700 | 765 | 618 | 583 | 659 | 633 | 639 | 670 |
| PhD's toegeken | 87 | 85 | 110 | 124 | 100 | 123 | 129 | 115 | 154 |
| Totale publikasie-uitset | 275 | 326 | 361 | 376 | 503 | 448 | 591 | 773 | 935 |
| Totale navorsingsuitset-eenhede | 798 | 865 | 1 075 | 1 061 | 1 084 | 1 186 | 1 330 | 1 483 | 1 830 |
| NNS-gegradeerde navorsers | 73 | 85 | 82 | 95 | 103 | 116 | 117 | 125 | 140 |
| Graadverwerwings-koers | 24% | 20% | 25% | 25% | 26% | 27% | 25% | 25% | 25% |
| Postdoktorale genote | 9 | 17 | 18 | 34 | 38 | 48 | 69 | 89 | 114 |
| Navorsingsuitset-eenhede per akademiese personeellid | | | 1,19 | 1,19 | 1,17 | 1,19 | 1,23 | 1,24 | 1,47 |



DR T ELOFF
VOORSITTER VAN DIE SENAAT



# 2012

58 752
studente

7 476
personeellede



44 361
voorgraadse studente

14 391
nagraadse studente



140
NNS-gegradeerde navorsers

114
postdoktorale genote

**7 476**

personeellede

**4 248**

manlike personeellede

**3 228**

vroulike personeellede

137 handelsmerke in NWU -handelsmerkregister

11 797
foto's deur die argief geprosesseer

R2 285 433
inkomste: tantième en produkverkope (uitvindings)

**R824 miljoen**

se goedere en dienste verkry

92%

van totale uitgawes aan BGSEB-kontrakteurs bestee

R30,31 million

bestee aan infrastruktuur-projekte op die mafikengkampus

4 999%

toename in rekenaar-skyfspasie per student/personeellid

12 186

mediaberigte oor die NWU

9 000

alumni-profiele bygewerk

564 bedieners
+
35 000 netwerkterminale
=
een van die grootste sentraal bestuurde IT-netwerke in hoër onderwys in SA

**R900 000**

vir kommersialisering van patente

**R285 004 666**

advertensie-ekwivalentwaarde van media-items oor die NWU

**R3 500 000**

belê in patenterings-koste

# hoe ons die nwu bestuur

ontmoet ons institusionele bestuur ........................................ 50

bereiking van ons doelwitte (institusionele plan) .................... 52

verslag van die visekanselier.................................................. 60

- ons bemagtig ons werknemers........................................... 62
- ons maak goeie korporatiewe en ander bestuur moontlik..... 66
- ons voorsien stewige fondamente vir die toekoms ............... 68
- ons tegnologie en innovasie ondersteun kennisdeling .......... 72
- ons laat ons stem hoor ...................................................... 76
- verklaring van selfevaluering van die prestasie van die visekanselier ................................................................. 78
- slot ................................................................................ 78

# ontmoet ons institusionele bestuur

As die uitvoerende vertakking van die NWU, is die Institusionele Bestuur verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word.

Ná die inlywing en samesmelting in Januarie 2004 het die universiteit 'n tweevlak-sakemodel aanvaar wat uit twee lae bestaan en pas by sy werksaamhede wat oor drie kampusse in twee provinsies sowel as 'n aantal leerterreine strek. Hierdie model bestaan uit 'n institusionele vlak as kern, wat universiteitswye konsekwentheid verseker, en drie kampusse wat as gedesentraliseerde en gekoördineerde besigheidseenhede funksioneer.

VISEKANSELIER



Dr Theuns Eloff

Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer



Prof Martin Oosthuizen

Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie



Prof Frikkie van Niekerk

Institusionele registrateur



Prof Themba Mosia

Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite



Prof Johan Rost

Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal



Mnr Victor Mothobi

Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge



Me Phumzile Mmope

Kampusrektor: Mafikeng



Prof Dan Kgwadi

Kampusrektor: Potchefstroom



Prof Herman van Schalkwyk

Kampusrektor: Vaaldriehoek



Prof Thanyani Mariba

## Dr Theuns Eloff, die visekanselier, is die NWU se hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte en is verantwoordelik aan die NWU-raad vir die instelling se algehele prestasie.

| Adjunk-visekanselier: Onderrig-Leer | Adjunk-visekanselier: Navorsing, Innovasie en Tegnologie | Institusionele registrateur | Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite | Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal | Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge | Kampusrektor: Mafikeng | Kampusrektor: Potchefstroom | Kampusrektor: Vaaldriehoek |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Lees meer oor hierdie portefeulje: | Lees meer oor hierdie portefeulje: | Lees meer oor hierdie portefeulje: | Lees meer oor hierdie portefeulje: | Lees meer oor hierdie portefeulje: | Lees meer oor hierdie portefeulje | Lees meer oor hierdie portefeulje: | Lees meer oor hierdie portefeulje: | Lees meer oor hierdie portefeulje: |
| **ons onderrig-leer** | **ons navorsing** | **goeie korporatiewe en ander bestuur** | **stewige fondamente vir die toekoms** | **bemagtiging van ons werknemers** | **ons laat ons stem hoor** | Kampusrektore is die uitvoerende hoofde van hul kampusse en is verantwoordlik vir die strategiese, funksionele en operasionele bestuur van elke kampus. | | |
| - kurrikulum- en kortkursusontwikkeling (p 38)<br>- *kwaliteit van akademiese programme (p 38)<br>- toegang en sukses van studente (p 39)<br>- ondersteuning vir ons studente (p 39)<br>- ontwikkeling van ons akademici (p 40)<br>- onderrig- en leertegnologie (p 41)<br>- loopbaansentrum | - ons navorsingstatistiek (p 43)<br>- jaarlikse navorsingstoekennings (p 44)<br>- ontwikkeling van navorsingskapasiteit (p 44)<br>- ons navorsingsleerstoele (p 44)<br>- ons navorsingsentiteite-model (p 44)<br>- navorsingsbefondsing (p 45)<br>inligtings- en kommunikasietegnologie (p 72 )<br>bestuursinligtingstelsels (p 72)<br>ondersteuning vir tegnologie-oordrag en innovasie (p 73)<br>gemeenskapsverbintenis en volhoubaarheid (p 74)<br>internasionalisering (p 75) | regs- en regulatoriese responsiwiteit (p 66)<br>dienslewering aan studente (p 66)<br>professionele korporatiewe bestuurs- en sekretariaatdienste (p 67)<br>bewaring van ons stories<br>- betroubare korporatiewe rekords (p 67)<br>- instandhouding van argiewe en museums (p 67)<br>institusionele administrasie vorm die ruggraat (p 67) | finansiële beplanning en begroting (p 68)<br>verkryging en betalings (p 68)<br>betaalstaat (p 68)<br>finansiële verslagdoening (p 68)<br>belastingdienste (p 69)<br>geldmark (p 69)<br>interne oudit (p 69)<br>sake- en ondernemingsontwikkeling (p 70)<br>fasiliteite en groot kapitaalwerke (p 70)<br>beroepsgesondheid en -veiligheid (p 71)<br>finansiële verslag (p 97 )<br>gekonsolideerde staat van finansiële stand (p 105)<br>gekonsolideerde staat van omvattende inkomste (p 106) | toereikendheid van personeelvlakke (p 62)<br>indiensnemingsgelykheid (p 62)<br>billikheidsteikens (p 62)<br>verbetering van indiensnemingsgelykheid (p 63)<br>diversiteitsbestuur (p 63)<br>werknemer-welstand (p 63)<br>bestuur van miv en vigs (p 64)<br>opleiding en vaardigheidsontwikkeling (p 64)<br>leierskap en bestuursontwikkeling (p 64)<br>werknemerverhoudinge en menseregte (p 64)<br>mensekapitaalbedrywighede (p 65)<br>institusionele verteenwoordigende studenteraad (p 65)<br>institusionele sportbestuur (p 65) | webbestuur (p 76)<br>eksterne kommunikasie (p 76)<br>in gesprek met ons personeel (p 77)<br>ons belanghebbers (p 77)<br>handelsmerkposisionering (p 77)<br>ons koester ons alumni en konvokasie (p 77)<br>institusionele ontwikkeling (p 78)<br>naamsverandering (p 78) | prestasies ten opsigte van die kampusplan-doelstellings (p 82)<br>kampushoogtepunte (p 82)<br>studentestatistieke (p 82)<br>onderrig-leer-aktiwiteite (p 83)<br>navorsingsaktiwiteite (p 84)<br>implementering van kundigheid (p 84)<br>bemarking en werwing ( p 85)<br>studentesake op kampus (p 85) | prestasies ten opsigte van die kampusplan-doelstellings (p 86)<br>kampushoogtepunte (p 86)<br>studentestatistieke (p 86)<br>onderrig-leer-aktiwiteite (p 87)<br>navorsingsaktiwiteite (p 88)<br>implementering van kundigheid (p 89)<br>bemarking en werwing (p 89)<br>studentesake op kampus (p 89) | prestasies ten opsigte van die kampusplan-doelstellings (p 92)<br>kampushoogtepunte (p 92)<br>studentestatistieke (p 92)<br>onderrig-leer-aktiwiteite (p 93)<br>navorsingsaktiwiteite (p 94)<br>implementering van kundigheid (p 94)<br>bemarking en werwing (p 95)<br>studentesake op kampus (p 95) |

** Gedurende 2012 het die kwaliteitskantoor aan die uitvoerende adviseur in die kantoor van die visekanselier verslag gedoen*

# bereiking van ons doelwitte

## Missie-element 1
## Dryf transformasie as 'n geïntegreerde, dringende, regverdige en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering om institusionele ongelykhede en die behoeftes van die land en al sy mense aan te spreek. Die NWU doen dit deur die bemagtiging van mense deur gehalteonderrig, wêreldklasnavorsing en die betekenisvolle implementering van sy kundigheid.

| Ons doelwit | Ons vordering | Waar om meer besonderhede te kry |
|---|---|---|
| Transformasie | ➡ Transformasie is in alle bestuurders se prestasieooreenkomste ingeskryf.<br>➡ Dit word by alle formele NWU-vergaderings bespreek.<br>➡ Die NWU-transformasiehandves is gefinaliseer en bekragtig. | Visie, waardes en missie, p 4<br>Verslag van die voorsitter van die Raad, p 16<br>Raadsverslag oor korporatiewe bestuur, p 21 |
| Toegang | ➡ Om toegang te fasiliteer, het die Senaat 'n tabel goedgekeur wat ou simbole omskakel na die huidige APS-tellings.<br>➡ Die NWU het seker gemaak dat klasgeld bekostigbaar is en dat finansiële hulp aan verdienstelike studente voortgesit word. | Senaatsverslag, pp 36, 37 |
| Belyning | ➡ Beleide is belyn en hersien om te verseker dat die kernbesigheid aanhou groei. | Verslag van die voorsitter van die Raad, p 17<br>Verslag van die visekanselier, p 67 |
| Diversiteit | ➡ Diversiteitsgesprekke is op al drie kampusse gehou.<br>➡ Die NWU se Taalbeleid en -plan is hersien en gefinaliseer. | Verslag van die visekanselier, p 63 |
| Kwaliteit | ➡ Kwaliteitsoudits is by verskeie ondersteuningsdienste gedoen.<br>➡ Goeie vordering is gemaak met die kwaliteitsverbeteringsplan wat uit die HOKK-ouditverslag van 2010 voortgespruit het. | Senaatsverslag, p 38 |
| Herstel | ➡ Verslagdoening oor gebou-infrastruktuurkoste is aangepas om meer besonderhede te gee.<br>➡ Beste praktyke is gebruik vir strategiese verkryging, breedgebaseerde SEB en ondersteuning van plaaslike besighede. | Verslag van die voorsitter van die Raad, p 17<br>Verslag van die visekanselier, p 70 |
| Hulpbrontoewysing | ➡ Die begrotingsproses is geoptimaliseer.<br>➡ Billike hulpbrontoewysing, volgens die kampusse se behoeftes. | Verslag van die visekanselier, p 68 |
| Studente-ervaring | ➡ Vraelyste en fokusgroepe is gebruik om die studente-ervaring te bepaal.<br>➡ Die nasionale skootrekenaarinisiatief vir studente is geïmplementeer, wat dit vir studente en personeel moontlik maak om skootrekenaars teen bekostigbare pryse aan te koop. | Verslag van die visekanselier, p 72 |
| Sukses | ➡ 'n Geïntegreerde transformasie-oorsigproses is daargestel as meetinstrument.<br>➡ 'n Projek is voltooi oor die impak van sosio-ekonomiese faktore op hoërisikostudente se wegkwynings- en sukseskoers. | Senaatsverslag, p 39 |

## Missie-element 2
## Om deur middel van innoverende onderrig en leer van gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense, die vasteland en die wêreld te dien.

| Ons doelwit | Ons vordering | Waar om meer besonderhede te kry |
|---|---|---|
| Akademiese beplanning en programontwikkeling. | ➡ Goeie vordering is gemaak met die grootskaalse HOKR-belyningsprojek.<br>➡ Die akademiese programgoedkeuringsproses is gestroomlyn.<br>➡ Voorgraadse programbelyning is noukeurig gemoniteer en oor verslag gedoen.<br>➡ Stappe is gedoen om enige programme wat geskeduleer is vir belyning in 2012, maar oor die hoof gesien is, te belyn. | Senaatsverslag, p 38 |
| Inskrywingsbeplanning om nasionale behoeftes aan te spreek | ➡ 'n Omvattende verslag oor hierdie voortgaande onderneming is by die Institusionele Bestuur ter tafel gelê. | Senaatsverslag, p 39 |
| Kurrikulumtransformasie | ➡ 'n Verslag oor modules wat ontwerp is vir die bereiking van kritieke kruisterreinuitkomstes is by die Senaat ter tafel gelê. | Senaatsverslag, p 38 |
| Loopbaansentrum | ➡ 'n Alumni-loopbaanportaal is geskep.<br>➡ Die Loopbaansentrum het 'n strategie vir indiensneembaarheid ontwikkel.<br>➡ Werkgewer-terugvoer is verkry oor NWU-graduandi via die Magnet-opname en SAGRA-navorsing. | Senaatsverslag, pp 41, 42 |
| Programeienaarskapsproses | ➡ Hierdie proses, wat bou op programgroepe wat in die HOKK-projek geïdentifiseer is, is oor al drie kampusse heen geïmplementeer.<br>➡ 'n Voorstel oor tussenkampus-programkoördinering is aan die Senaat voorgelê. | Senaatsverslag, p 38 |
| Voortgesette professionele ontwikkeling. | ➡ Die raamwerk vir die bestuur van kortkursusse is geïmplementeer en op al drie kampusse gemoniteer. | Senaatsverslag, p 38<br>Verslag van die visekanselier, p 64 |
| Innoverende leer | ➡ 'n Raamwerk is ontwikkel vir gemengde leer, bestaande uit kontak- en oop afstand-aflewering. | Senaatsverslag, p 40<br>Kampusoorsig, p 88 |
| Kwaliteitsversekering | ➡ Interne en eksterne akademiese programevaluerings is voortgesit.<br>➡ Verbeteringsplanne voortvloeiend uit programevaluerings is geïmplementeer en gemoniteer. | Senaatsverslag, p 38 |
| Studentesukses | ➡ Verslae oor studentesukses, graadverwerwing, voltooiing en uitvalkoerse is aan die Senaat voorgelê.<br>➡ Aanvullende Onderrig is billik geïmplementeer op al drie kampusse, veral in hoërisikomodules. | Senaatsverslag, pp 33, 38, 40 |
| Vakkundigheid van onderrig-leer | ➡ Die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente is in Februarie, Junie en November 2012 aangebied.<br>➡ Die jaarlikse Vakkundigheid van Onderrig en Leer-konferensie is in November 2012 gehou. | Senaatsverslag, pp 40, 41 |

## Missie-element 3
## Om ooreenkomstig nasionale prioriteite relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.

| Ons doelwit | Ons vordering | Waar om meer besonderhede te kry |
|---|---|---|
| Instaatstelling van navorsing | ➡ Die aantal postdoktorale genote het van 89 tot 114 toegeneem.<br>➡ ’n Verbeterde proses vir die verkryging van en verslagdoening oor internasionale befondsing is ontwikkel. | Senaatsverslag, p 43 |
| Verbeterde navorsingsprofiel | ➡ Die aantal NNS-gegradeerde navorsers het van 125 tot 140 toegeneem.<br>➡ 'n Beduidende belegging is in navorsingskapasiteitsbou en die vervanging van toerusting gemaak.<br>➡ Die jaarlikse navorsingsverslag is opgestel en aan belanghebbers versprei.<br>➡ Die NWU het 'n projek van stapel gestuur om deur 'n beursskema vir skaars vaardighede nagraadse studente te werf; sodoende is internasionale studente gelok.<br>➡ Daar was 'n beduidende toename in geakkrediteerde publikasies, subsidiegenererende publikasies per akademikus en totale navorsingsuitset. | Senaatsverslag, pp 43, 44, 45 |
| Navorsingspersoneel-kapasiteit | ➡ Akademici het die geleentheid gekry om hul kwalifikasies deur prestasiebestuur, opleidingsessies en werkswinkels te verbeter.<br>➡ Die aantal meestersgrade wat toegeken is, het tot 670 toegeneem en doktorsgrade tot 154. | Senaatsverslag, pp 43, 44 |
| Navorsingsentiteitemodel | ➡ Alle navorsingsentiteite is deur die Institusionele Navorsingsteunkommissie geëvalueer.<br>➡ 'n Kommunikasiestelsel is daargestel om nuwe internasionale befondsings-geleenthede onder personeel se aandag te bring.<br>➡ Twee multidissiplinêre samewerkingsprojekte is in plek gestel om navorsing te diversifiseer en uit te bou. | Senaatsverslag, pp 44, 45 |
| Verfyning van kwaliteitsversekering | ➡ Die NWU het 'n interne programhersiening van alle navorsingsgebaseerde meesters- en doktorsgraadsprogramme begin; dit sal in 2013 voltooi word.<br>➡ Die eksterne hersiening van alle navorsingsentiteite het voortgegaan. | Senaatsverslag, p 44 |
| Optimalisering van strategieë | ➡ Die Strategiese Plan vir Navorsing, Innovasie en Gemeenskapsverbintenis is hersien en goedgekeur. | Verslag van die visekanselier, p 74 |

## Missie-element 4
## Implementeer ons kundigheid in onderrig-leer en navorsing – kommersieel sowel as gemeenskapsgerig – tot voordeel van die provinsie, die land, Suider-Afrika, die vasteland en uiteindelik die wêreld.

| Ons doelwit | Ons vordering | Waar om meer besonderhede te kry |
|---|---|---|
| Implementeer kundigheid en kommersialiseer navorsingsresultate | ➞ Die universiteit het die toepassing van die raamwerk vir die implementering van kundigheid gemoniteer. Dit is daarop gerig om die universiteit se derdegeldstroominkomste te verhoog.<br>➞ Interne bewustheid van innovasie is deur werkswinkels en kommunikasie geskep.<br>➞ Huidige aansporings is ondersoek met die oog op die ontwikkeling van nuwe aansporingsmodelle vir personeel wat betrokke is by die implementering van kundigheid. | Verslag van die visekanselier, p 73 |
| Brei gemeenskapsverbintenis uit | ➞ Gemeenskapsverbintenis is ingesluit by die prestasieooreenkomste van individuele personeellede.<br>➞ Toekennings vir toppresterende gemeenskapsverbintenisprojekte is gemaak.<br>➞ 'n Raamwerk vir gemeenskapsverbintenisprojekte is geïmplementeer.<br>➞ Elke kampus het 'n colloquium oor gemeenskapsverbintenis en 'n vergadering van die Forum vir Deurlopende Gemeenskapsontwikkeling (FDGO) aangebied.<br>➞ Die verhouding van eksterne fondse tot eie fondse in die NWU se Maatskaplike Ontwikkelingstrustfonds het met minstens 10% toegeneem.<br>➞ Deur die NWU se Maatskaplike Ontwikkelingstrust is groter privaatsektordeelname aan gemeenskapsprojekte aangemoedig.<br>➞ 'n Brosjure is opgestel oor al die NWU se gemeenskapsverbintenisprojekte.<br>➞ Die impak van gemeenskapsverbintenisprojekte is gemoniteer en genormeer. | Verslag van die visekanselier, p 74 |
| Verfyn kwaliteitsversekering | ➞ Die kwaliteitsbestuurstelsel en -prosedures is hersien.<br>➞ Strategieë is geïmplementeer om tekortkominge in kwaliteitsbestuur ten opsigte van innovasie en gemeenskapsverbintenis aan te spreek. | Senaatsverslag, pp 38, 39 |
| Besigheidsontwikkeling | ➞ Besigheidsgeleenthede is verken vir die generering van derdegeldstroominkomste. | Verslag van die visekanselier, p 70 |
| Ondersteun kommersialisering en innovasie | ➞ Kommersialisering en innovasiesteun aan die kampusse is geëvalueer. | Verslag van die visekanselier, p 73 |

## Missie-element 5

## Posisioneer die NWU in die sektor as 'n verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansieel lewensvatbare en innoverende instelling, met 'n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.

| Ons doelwit | Ons vordering | Waar om meer besonderhede te kry |
|---|---|---|
| Verfyn handelsmerkposisionering | ➡ 'n Belynde handelsmerkstrategie is vir die Institusionele Kantoor en drie kampusse ontwikkel.<br>➡ 'n Boodskapstelsel is vir bemarkings- en kommunikasieveldtogte ontwikkel.<br>➡ Kommunikasie-, bemarking- en publisiteitstrategieë is ontwikkel.<br>➡ 'n Posisioneringsplatform en -proses ter ondersteuning van handelsmerkpogings is ontwikkel en geïmplementeer. | Verslag van die visekanselier, p 77 |
| Ontwikkel 'n geïntegreerde aanlyn inligtingstrategie | ➡ Implementering van 'n geskikte webpubliseringsmodel is ondersoek.<br>➡ Huidige elektroniese kommunikasiehulpmiddels is herevalueer en aangepas om gebruikerservaring te verbeter.<br>➡ Die digitale verspreiding van korporatiewe publikasies is uitgebrei om 'n groter gehoor te bereik en die NWU se koolstofvoetspoor te verklein. | Verslag van die visekanselier, p 76 |
| Verbeter nasionale media-blootstelling | ➡ 'n NWU-mediabeleid is opgestel en goedgekeur.<br>➡ 'n Nuuskantoor het tot stand gekom en 'n lys NWU-kundiges is opgestel.<br>➡ Twee media-opleidingsessies vir akademic is gehou.<br>➡ Media-artikels het vanaf 7 730 in 2011 tot 12 186 in 2012 toegeneem. | Verslag van die visekanselier, p 76 |
| Ontwikkel 'n doeltreffende belanghebber-bestuurstelsel | ➡ 'n Belanghebber-bestuursdatabasis is ontwikkel.<br>➡ Die visekanselier het sake-etes en ontbytbyeenkomste met sleutelbelanghebbers gehou en met die Raad van Donateurs vergader.<br>➡ Kommunikasie, alumni-aangeleenthede en studentewerwing is oor die drie kampusse heen belyn.<br>➡ Strategiese aangeleenthede van die visekanselier se kantoor is deur bestaande kanale gekommunikeer.<br>➡ Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding het die NWU se jaarverslag op 30 Junie 2012 ontvang. Dit is in Augustus opgevolg deur die publikasie van 'n jaarverslag vir belanghebbers. | Verslag van die visekanselier, p 77 |
| Bring 'n institusionele bevorderingskantoor tot stand | ➡ 'n Institusionele bevorderingskantoor en -strategie is tot stand gebring.<br>➡ Die koördineringstruktuur vir institusionele bevordering en fondswerwing is gekonsolideer. | Verslag van die visekanselier, p 78 |
| Implementeer 'n raamwerk vir internasionalisering | ➡ Die internasionaliseringsraamwerk is geïmplementeer, en teikens en norms is gestel.<br>➡ 'n Internasionaliseringsbeleid is ontwikkel. | Verslag van die visekanselier, p 75 |

| Ons doelwit | Ons vordering | Waar om meer besonderhede te kry |
|---|---|---|
| Wys hulpbronne toe om die implementering van kampusnisse te verseker (maw die strategiese rigting vir elke kampus) | ➡ Hulpbrontoewysing is oor die drie kampusse heen belyn.<br>➡ Ontplooiing van die 10 jaar-infrastruktuurplan is voortgesit. | Verslag van die visekanselier, p 70 |
| Verseker doeltreffende ondersteuningsfunksies | ➡ Die werk is voortgesit wat betref die sentralisering en desentralisering van ondersteuningsfunksies en die belyning van menskapitaal met die onderskeie kampusstrategieë.<br>➡ 'n Bestuursinligtingstelsel-oorsigproses en -verslagdoeningstelsel is ontwikkel om tydige, akkurate inligting aan kampusse beskikbaar te stel.<br>➡ Die Leierskaps- en Bestuursakademie is herposisioneer om te verseker dat die NWU oor voldoende leierskaps- en bestuursvaardighede beskik.<br>➡ Omvattende opleidings- en bewusmakingsveldtogte is onderneem mbt Beroepsgesondheid en Veiligheid. | Verslag van die visekanselier, pp 62, 63, 64, 71, 72 |
| Vestig gesonde korporatiewebeheer-strukture vir IKT | ➡ 'n Drie-jaar IT strategiese plan is gefinaliseer en behels onder meer risiko-evaluering en rampherstel. | Verslag van die visekanselier, p 72 |
| Herontwerp besigheidsprosesse | ➡ Noodsaaklike besigheidsprosesse is herontwerp en besluitnemingsprosesse gestroomlyn.<br>➡ Die NWU het voortgegaan met die 'anti-burokrasieprojek' wat op die uitskakeling van onnodige burokrasie gemik is. | Verslag van die visekanselier, pp 68, 90 |
| Uitnemende finansiële beplanning | ➡ In 2012 het die NWU 49,6% van sy totale inkomste aan personeelkoste bestee, wat weereens binne die DHOO se riglyne in hierdie verband is.<br>➡ Die begrotingsproses vir 2013 is in September 2012 voltooi en in November deur die Raad goedgekeur.<br>➡ Die geïntegreerde klasgeldmodel is hersien, en die NWU se klasgelde genormeer.<br>➡ Die kostedoeltreffendheid van akademiese programme is hersien.<br>➡ Verskillende modelle vir begrotingstoewysing is ontleed vir moontlike verbetering. | Senaatsverslag, p 37<br>Verslag van die visekanselier, pp 68, 100 |
| Werf en behou toegewyde personeel | ➡ 'n Stelsel vir opvolgonderhoude vir nuut aangestelde personeel is bekendgestel.<br>➡ Die talentbestuursprogram is verbeter deur die bekendstelling van die 'Kweek ons eie menskapitaal'-projek, aktiewe opvolgbeplanning, mentorskap en die Leierskaps- en Bestuursakademie. | Verslag van die visekanselier, pp 63, 64, 65 |
| Vestig 'n vervullende werksomgewing | ➡ Die wegkwyningskoers is aan die hand van sektortendense ontleed en genormeer.<br>➡ Uitdienstredingsonderhoude is gevoer met alle personeel wat die diens van die NWU verlaat het.<br>➡ Mentorskaps- en afrigtingsprogramme is bekendgestel om skaars vaardighede te identifiseer en te behou en om loopbaanontwikkeling en bevorderingsgeleenthede te verseker.<br>➡ 'n Proses is ontwerp om te verseker dat die NWU se vergoeding mededingend is. | Verslag van die visekanselier, pp 64, 65 |

| Ons doelwit | Ons vordering | Waar om meer besonderhede te kry |
|---|---|---|
| Optimaliseer die prestasiebestuurstelsel | ➡ 'n Beleid en riglyne oor prestasiebestuur is opgestel en sal in 2013 gekonsulteer word.<br>➡ Die totale belegging in werknemerontwikkeling en -opleiding was R3 276 859, en die totale bedrag wat aan ontwikkeling bestee is, was R16 384 736.<br>➡ Die insluiting van IP-doelwitte in die prestasieooreenkomste is konstant gemoniteer. | Verslag van die visekanselier, p 64 |
| Bekamp MIV en VIGS | ➡ Die Raad het die hersiene MIV/VIGS-beleid goedgekeur.<br>➡ Institusionele Bestuur het 'n NWU MIV- en VIGS-werkplekprogram goedgekeur wat die King II-verslag se aanbevelings oor MIV en VIGS inkorporeer.<br>➡ Die Mafikeng- en Potchefstroomkampus het 'n Memorandum van Verstandhouding met die Noordwes Provinsiale Departement van Gesondheid onderteken.<br>➡ Die Vaaldriehoekkampus het begin met onderhandelinge vir 'n soortgelyke ooreenkoms met Gauteng se Provinsiale Departement van Gesondheid. | Verslag van die visekanselier, p 64 |

help
studente

# R2,7 miljard
# 2012-begroting

voorsien
infrastruktuur

## R525,6 miljoen

NWU- en eksterne fondse om behoeftige, akademies verdienstelike studente by te staan

NWU-studente woon, werk en ontspan in geboue wat goed toegerus en in stand gehou word

## R219 miljoen

knap geboue op en bou nuwes







# VERSLAG VAN DIE visekanselier

Dr Theuns Eloff

## hoe om hierdie verslag te lees

**Die inhoud van hierdie verslag vloei van binne na buite. Dit begin by die hart van die organisasie, naamlik sy werknemers, en beweeg dan uitwaarts deur die ander lae van die NWU se bedrywighede en sluit af met ons kontak met die buitewêreld.**




Die NWU voorsien 'n omgewing wat studente en personeel in staat stel om sukses na te streef, veilig in die wete dat hulle deel is van 'n organisasie wat goed bestuur word en ondersteunend, stabiel en aanspreeklik is.

Die visekanselier is daarvoor verantwoordelik om te verseker dat die universiteit doeltreffend bestuur word, finansieel lewensvatbaar en kliëntgefokus is en dat hy sy doelwitte vir transformasie, onderrig-leer, navorsing en gemeenskapsverbintenis bereik.

## ons bemagtig ons werknemers ...62

toereikendheid van personeelvlakke
indiensnemingsgelykheid
billikheidsteikens
verbetering van indiensnemingsgelykheid
diversiteitsbestuur
werknemerwelstand
bestuur van miv en vigs
opleiding en vaardigheidsontwikkeling
leierskap en bestuursontwikkeling
werknemerverhoudinge en menseregte
mensekapitaalbedrywighede
institusionele verteenwoordigende studenteraad
institusionele sportbestuur

## ons maak goeie korporatiewe en ander bestuur moontlik ..............66

regs- en regulatoriese responsiwiteit
dienslewering aan studente
professionele korporatiewebestuurs- en sekretariaatdienste
bewaring van ons stories
- betroubare korporatiewe rekords
- instandhouding van argiewe en museums

institusionele administrasie is die ruggraat

## ons voorsien stewige fondamente vir die toekoms ...........................68

finansiële beplanning en begroting
verkryging en betalings
betaalstaat
finansiële verslagdoening
belastingdienste
geldmark
interne oudit
sake- en ondernemingsontwikkeling
fasiliteite en groot kapitaalwerke
beroepsgesondheid en veiligheid

## ons tegnologie en innovasie ondersteun kennisdeling ...............................72

inligtings- en kommunikasietegnologie
bestuursinligtingstelsels
ondersteuning vir tegnologie-oordrag en innovasie
gemeenskapsverbintenis en volhoubaarheid
internasionalisering

## ons laat ons stem hoor ..............76

webwerfbestuur
eksterne kommunikasie
in gesprek met ons personeel
ons belanghebbers
handelsmerkposisionering
ons koester ons alumni en konvokasie
institusionele ontwikkeling
naamsverandering

## verklaring van selfevaluering van die prestasie van die visekanselier .....78

## slot ...........................................78

# ons bemagtig ons werknemers

Die NWU het bemagtigde personeel nodig met die vermoë om studente in staat te stel om te word wat hulle wil wees, en werkgewers om die werknemers te vind wat hulle nodig het.

Die Direktoraat Mensekapitaal sien toe dat die NWU die regte kaliber personeel lok en behou, stel hulle in staat om hul loopbane te ontwikkel en bemagtig hulle om tot die sukses van die universiteit en sy belanghebbers by te dra.

## toereikendheid van personeelvlakke

Die NWU kyk noukeurig na die behoeftes van spesifieke akademiese en ondersteuningsdepartemente om seker te maak daar is toereikende personeel-voorsiening wat funksionering en uitbreiding bevorder.

**➞ Personeelkomplement van die NWU**

| NWU-werknemers | 2011 | 2012 |
|---|---|---|
| Permanent | 3 160 | 3 485 |
| Tydelik | 3 757 | 3 991 |
| Totaal | 6 917 | 7 476 |

**➞ Werknemerkategorieë**

| Kategorie | 2011 | 2012 |
|---|---|---|
| Professionele onderrig/navorsing-personeel | 3 058 | 3 520 |
| Uitvoerende/administratiewe/bestuursberoepslui | 104 | 104 |
| Professionele gespesialiseerde/ondersteuningspersoneel | 490 | 597 |
| Tegnies | 280 | 305 |
| Nieprofessioneel administrasie | 2 535 | 2 492 |
| Ambagte | 31 | 31 |
| Diens | 419 | 427 |
| Totaal * | 6 917 | 7 476 |

** Totaal sluit tydelike en permanente personeel in*

## indiensnemingsgelykheid

**➞ Geslagsprofiel**

| Besigheidseenheid | Vroulik | Manlik | Groottotaal |
|---|---|---|---|
| Institusionele Kantoor | 430 | 321 | 751 |
| Mafikengkampus | 524 | 707 | 1 231 |
| Potchefstroomkampus | 2 753 | 1 845 | 4 598 |
| Vaaldriehoekkampus | 541 | 355 | 896 |
| Groottotaal | 4 248 | 3 228 | 7 476 |

**➞ Demografiese samestelling**

Suid-Afrikaanse burgers

| Besigheids-eenheid | Afrikaan | Kleurling | Indiër | Wit | Groot-totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Institusionele Kantoor | 209 | 34 | 7 | 492 | 742 |
| Mafikeng-kampus | 942 | 26 | 21 | 110 | 1 099 |
| Potchefstroom-kampus | 807 | 181 | 24 | 3 532 | 4 544 |
| Vaaldriehoek-kampus | 378 | 20 | 11 | 476 | 885 |
| Groottotaal | 2 336 | 261 | 63 | 4 610 | 7 270 |

**Buitelanders**

| Besigheidseenheid | Vroulik | Manlik | Groottotaal |
|---|---|---|---|
| Institusionele Kantoor | 4 | 5 | 9 |
| Mafikengkampus | 41 | 91 | 132 |
| Potchefstroomkampus | 23 | 31 | 54 |
| Vaaldriehoekkampus | 5 | 6 | 11 |
| Groottotaal | 73 | 133 | 206 |

## billikheidsteikens

| Mafikengkampus | Swart | Wit | Vroue |
|---|---|---|---|
| Huidig | 88,13% | 11,88% | 45,21% |
| Teiken | 91,50% | 8,50% | 47,10% |

| Potchefstroomkampus | Swart | Wit | Vroue |
|---|---|---|---|
| Huidig | 24,64% | 75,36% | 59,63% |
| Teiken | 25,45% | 74,55% | 55,40% |

| Vaaldriehoekkampus | Swart | Wit | Vroue |
|---|---|---|---|
| Huidig | 35,04% | 64,96% | 63,82% |
| Teiken | 34,10% | 65,90% | 54,00% |

| Institusionele Kantoor | Swart | Wit | Vroue |
|---|---|---|---|
| Huidig | 21,31% | 78,69% | 58,24% |
| Teiken | 20,90% | 79,10% | 55,70% |

| Noordwes-Universiteit | Swart | Wit | Vroue |
|---|---|---|---|
| Huidig | 35,22% | 64,78% | 57,72% |
| Teiken | 37,02% | 62,98% | 53,05% |

## verbetering van indiensnemingsgelykheid

Om die NWU se vermoë om werknemers uit die aangewese groepe te lok en te behou, wesenlik te verbeter het die universiteit 'n aantal institusionele strategieë aanvaar.

➞ **Kapasiteitsboufonds**

Gedurende 2012 het hierdie fonds die aanstelling van 51 mense uit die aangewese groepe vir 'n maksimum van drie jaar deur oorbruggingsfinansiering gefasiliteer. Ná 'n driejaartydperk sal die poste deur die normale personeelbegroting befonds word.

➞ **Kadetstelsel**

Die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus het beurse toegeken aan agt akademies verdienstelike studente uit die aangewese groepe. Gedurende hul studie word hierdie studente ontwikkel om akademici op skaars en kritieke gebiede van ingenieurswese te word. Na voltooiing van hul studie word die studente as dosente binne die fakulteit aangestel.

➞ **Ontwikkel ons eie mensekapitaal**

Om die universiteit se indiensnemingsgelykheidsprofiel verder te verbeter, het die Institusionele Bestuur 'n program genaamd "Ontwikkel ons eie mensekapitaal" goedgekeur vir implementering in 2013. Hierdie program sal 'n voorgraadse program behels wat die kadetstelsel na ander fakulteite uitbrei, asook 'n nagraadse ontwikkelingsprogram vir toppresterende nagraadse studente uit aangewese groepe.

Hierbenewens sal opvolgbeplanningsprogramme verdere ontwikkelingsgeleenthede aan belowende akademiese en ondersteuningspersoneel voorsien en hulle vir senior en hoëvlakleierskaps- en bestuursposisies by die universiteit toerus.

Riglyne vir Internskapsprogramme vir Ondersteuningspersoneel is ook goedgekeur. Hierdie programme bied gestruktureerde internskapgeleenthede aan NWU-studente en werklose gegradueerdes en berei hulle voor vir administratiewe intreevlakposte.

## diversiteitsbestuur

➞ **Gestremdhede**

Daar is tans altesaam 21 werknemers met gestremdhede by die NWU geregistreer, wat 0,75% van die totale permanente werkerskorps van die NWU uitmaak.

Dit is duidelik dat die NWU 'n poging moet aanwend om mense met gestremdhede aan te stel, aangesien die Kommissie vir Indiensnemingsgelykheid (KIG) se jaarverslag vir 2012/2013 'n nasionale gemiddelde van 1,4% indiensneming van mense met gestremdhede toon.

Suksesvolle aansoeke vir ekstra befondsing vir gestremdheidsbystand is ingedien by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, asook by die Carl en Emily Fuchs-stigting. Fondse sal vir infrastruktuur- en hulpbronbehoeftes via die gestremdheidseenhede op die drie kampusse versprei word.

➞ **Diversiteitsbewustheid**

Diversiteitsbewustheid sal as deel van mensebestuursopleiding en die oriëntasieprogram vir nuwe werknemers en bestuurders in 2013 ingesluit word.

➞ **Klimaat-en-kultuuropname onder personeel**

Altesaam 629 werknemers het deelgeneem aan 'n personeelklimaatsopname om werknemers se persepsies van die NWU as 'n werkgewer te bepaal.

Terugvoer oor die resultate is aan bestuurstrukture gegee en fokusgroepe is gebruik om personeellede te betrek, met die bedoeling om meer inligting oor die bevindinge in te win sodat doeltreffende ingrepe in plek gestel kan word.

## werknemerwelstand

Die NWU het 'n goed gestruktureerde Werknemersgesondheid- en Welstandprogram wat die fisiese en emosionele welsyn van personeel in aanmerking neem. Die volgende werknemerwelstandsaktiwiteite is goed gedurende 2012 bygewoon:

➞ **Gesondheids- en welstandsprojekte**
Hierdie projekte sluit die Be Active-program in, wat uit georganiseerde sportgeleenthede bestaan, en die ExecuWell-program, wat die fisieke en psigososiale welstand van uitvoerende bestuurders bevorder. Personeellede het ook aan 'n Weigh-Less-program, gesondheidsiftings, griepimmunisasies, 'n Discovery-welstandsdag en bloedskenkersklinieke deelgeneem.

➞ **Werk-lewe-balansprojekte**
Werk-lewe-balans streef daarna om die hoeveelheid tyd wat werknemers van die kampus af bestee aan belangrike maar tydrowende persoonlike take te verminder. Dienste wat deur hierdie projek aangebied word, sluit die verkryging van identiteitsdokumente en paspoorte, internasionale bestuurspermitte en motorvoertuiglisensies in.

➞ **Interkampus Sosiale Dag**
NWU-werknemers het die Interkampus Sosiale Dag vir 2012 bygewoon wat op 16 Maart op die Mafikengkampus gehou is. Die doel van hierdie gebeurtenis is om werknemers van die drie kampusse en die Institusionele Kantoor in staat te stel om mekaar beter te leer ken. Dit lewer ook 'n bydrae tot 'n positiewe organisasieklimaat en verbeterde kommunikasie.

➞ **Hantering van stres en uitbranding**
Die risiko wat met stres in die werksplek verband hou, word voortdurend deur die "stresuitbranding"-opname gemoniteer, en in 2012 het die Institusionele Bestuur riglyne goedgekeur om bestuurders en werknemers behulpsaam te wees met die identifisering en hantering van stres in die werksplek. Verdere ondersteuning vir werknemers en bestuurders is uiteengesit in die leierskaps- en bestuursontwikkelingsprogram.

➞ **Werknemersbystandprogram**
Hierdie program fokus op bystand aan werknemers wat werksverwante of persoonlike probleme het wat hul teenwoordigheid of werksprestasie beïnvloed.

## bestuur van miv en vigs

In 2012 het die Hoëronderwys-MIV/VIGS-program ("HEAIDS") die "Eerste Dinge Eerste-veldtog" by hoëronderwysinstellings, insluitende die NWU gehou. Hierdie vrywilligetoetsingsveldtog is op elk van die kampusse en by die Institusionele Kantoor gehou. Die NWU het altesaam 176 personeel en 2 866 studente getoets.

Benewens hierdie veldtog het die NWU 'n bewusmakingsveldtog oor seksueel oordraagbare infeksies en kondoomgebruik, 'n kersliggedenkgeleentheid en gebeurtenisse om Wêreld-Vigs-dag te gedenk aangebied.

'n Aantal belangrike MIV-beleidsmylpale is gedurende 2012 bereik.

- Die hersiene NWU-beleid vir MIV en VIGS is goedgekeur, tesame met die Werksplekprogram vir MIV en VIGS.
- Die Mafikeng- en Potchefstroomkampus het die Memorandum van Verstandhouding met die Noordwes Provinsiale Departement van Gesondheid vir Primêre Gesondheidsorg, wat MIV en VIGS insluit, geïmplementeer.
- Die Vaaldriehoekkampus is besig met onderhandeling oor 'n soortgelyke ooreenkoms met die Gautengse Provinsiale Departement van Gesondheid.

## opleiding en vaardigheidsontwikkeling

Befondsing is beskikbaar vir akademiese en ondersteuningspersoneel om hul kwalifikasies te verbeter. Hierbenewens word interne opleidingsprogramme vir ondersteuningspersoneel voorsien en bestaan daar fondse vir eksterne ad hoc-vaardigheidsopleiding.

'n Deurlopende program vir Volwasse Basiese Onderwys en Opleiding stel personeel in staat om 'n NKR-vlak 1-kwalifikasie (tot graad 9) te verwerf. Gedurende 2012 het die universiteit toelaebefondsing van R3 630 257 van die Onderwys, Opleiding en Ontwikkeling se Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid ontvang.

## leierskap en bestuursontwikkeling

### Leierskapsakademie

'n Projek om die Leierskaps- en Bestuursakademie te herposisioneer is voltooi en 'n sakeplan vir die "nuwe" akademie is goedgekeur.

Hoofde van fakulteite en ondersteuningsafdelings sal daarvoor verantwoordelik wees om te verseker dat die bestuurs- en leierskapsontwikkelingsprogramme in hul jaarlikse aksieplanne geïntegreer word en dat implementering gemoniteer word.

### Oriëntasieprogram vir nuwe bestuurders

In November 2012 het 33 nuwe bestuurders 'n oriëntasieprogram bygewoon wat gefokus het op praktiese kennis omtrent mensekapitaalpraktyke en prosedures, ter ondersteuning van die NWU-leierskapsbevoegdhede.

### Leierskapsopname

Om leierskapsvaardighede onder NWU-bestuurders verder te ontwikkel, is 'n 360 grade-leierskapsopname ontwikkel. Die opname sal elke November as deel van die jaarlikse prestasiebestuursiklus gedoen word.

Daar word voorsien dat die evalueringsresultate insette vir 'n verpersoonlikte leierskapontwikkelingsprogram vir elke bestuurder sal voorsien.

### Organisatoriese ontwikkeling

Die afdeling Organisasieontwikkeling het verseker dat die universiteit oor die strukture en stelsels beskik om mensekapitaalbehoeftes doeltreffend te bestuur:

- 'n Nuwe posevalueringstelsel bekend as Remeasure is ingestel, wat deursigtigheid aan bestuurders op alle vlakke voorsien.
- Die jaarlikse diensstaatproses is onderneem, wat die middel voorsien het om akademiese personeeltalle in verhouding tot werkslading te bepaal, en ook om 'n werkerskorps te verseker wat geskik vir die vereistes van die organisasie is.
- Bestuurders het inligting oor begrotings- en strategiese vergoedingsbestuur ontvang ten einde hulle behulpsaam te wees om die beste werknemers te lok, te behou en te motiveer, terwyl die universiteit se 'n finansiële langtermynlewensvatbaarheid verseker word.
- 'n Projek is van stapel gestuur om die bestaande mensekapitaal-inligtingstelsel op te gradeer.
- 'n Mensehulpbron-verslagdoeningsplatform is ontwikkel wat op 'n gebruikersvriendelike wyse gereelde bestuurs- en bedryfsinligting voorsien.

## werknemerverhoudinge en menseregte

Die Noordwes-Universiteit erken die fundamentele regte en waardes wat in die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vervat is.

Ons is oortuig dat hierdie fundamentele waardes en regte in die universiteitsgemeenskap gerespekteer en gehandhaaf en as 'n integrerende deel van die universiteit se praktyke en beleide toegepas moet word.

Gedurende 2012 het die NWU se Menseregtekomitee, wat deur die Raad ingestel is, voortgegaan om onafhanklik en onpartydig te goeder trou en sonder vooroordeel te funksioneer.

Die doel van hierdie komitee is om na die regte van alle personeellede en studente om te sien sonder om inbreuk op ander mense se regte te maak.

Die komitee bestaan uit 12 lede, wat die universiteitsgemeenskap ten opsigte van ras, geslag en gestremdheid verteenwoordig. Gedurende 2012 was adv Solly Sithole SC die voorsitter van die komitee.

Die Menseregtekomitee is deel van die portefeulje vir Werknemersverhoudinge wat gereeld aan die Institusionele Bestuur en die Raad verslag doen.

Om verdraagsaamheid en respek vir menseregte by die universiteit verder te bevorder, het hierdie afdeling in samewerking met die Menseregtekomitee gedurende 2012 twee seminare oor menseregte aangebied.

Die eerste seminaar is in Maart gehou om Menseregtedag te vier, en die tweede in September, en dit het gehandel oor die regte van werknemers om in 'n veilige omgewing, vry van intimidasie en viktimisasie, te werk. Ander aktiwiteite van Werknemersverhoudinge het opleiding oor die gedragshandleiding vir NWU-personeel ingesluit,

wat in 2012 begin is en in 2013 voortgesit sal word. Die handleiding sit die prosedures uiteen vir bestuurs-aangeleenthede betreffende griewe, dissiplinêre optrede vir swak prestasie en onvermoë.

'n Ombudspersoon vir Seksuele Teistering is ook geïdentifiseer om klagtes van studente en personeel te evalueer, en die aanstelling sal in 2013 'n aanvang neem.

Gedurende 2012 was daar 22 sake by die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) en 10 Arbeidshofsake.

Gedurende dieselfde tydperk is 69 dissiplinêre sake hanteer en afgehandel, asook nege griewe en sewe gevalle van swak werksverrigting.

## mensekapitaalbedrywighede

➞ **Mensekapitaal-kliëntedienste**

In 2012 is mensekapitaalpraktisyns aan verskillende fakulteite en afdelings van die Institusionele Kantoor en die drie kampusse toegewys.

Hulle adviseer oor en help met werwing en keuring, organisatoriese ontwerp, talentbestuur, diversiteit, gestremdheid, opvolgbeplanning, loopbaanontwikkeling, prestasie-bestuur en belonings en erkenning.

Kliëntedienste het die personeelwegkwyningskoers gemoniteer deur uitdienstredingsonderhoude te voer met elke personeellid wat die diens van die NWU verlaat het.

Hulle het ook die NWU-wegkwyningskoers met dié van ander hoëronderwysinstellings vergelyk en 'n verslag vir bestuursingrepe ter tafel gelê.

## institusionele verteenwoordigende studenteraad

Die institusionele verteenwoordigende studenteraad (IVSR) het 2012 met 'n vol program van oriëntasie vir die nuwe studente op al drie kampusse begin, en op 20 April 2012 het die IVSR 'n werkswinkel gehou om die wysiging van die IVSR-grondwet te bespreek.

Al die kampusse het gedurende Augustus en September suksesvolle kampus-VSR-verkiesings vir die 2012/13-leierskap gehou. Die nuwe IVSR is op 7 September 2012 ingehuldig. Orapeleng Matshediso van die Mafikengkampus is as die nuwe IVSR-voorsitter aangewys.

Van 12 tot 14 Oktober 2012 het al die nuutverkose Kampus-VSR-lede 'n leierskapwerkswinkel bygewoon wat deur die African Leadership Group en die Life College Group gefasiliteer is. Die program het 'n aanbieding oor huidige tendense in hoëronderwys, bestuursverwagtinge van studenteleiers en 'n aanbieding oor die VIGS-epidemie onder universiteitstudente ingesluit.

Vier IVSR-lede het die NWU se IVSR by die Suid-Afrikaanse studente-unie (SASU) se konferensie in November 2012 by die universiteit van KwaZulu-Natal bygewoon.

## institusionele sportbestuur

Studente van al die kampusse het die jaarlikse Interkampus-sportdag in Maart 2012 op die Vaaldriehoek-kampus bygewoon. Later in die jaar, in September, het die Vaaldriehoekkampus kultuurdagvieringe gehou en is studente van die ander kampusse genooi om dit by te woon.



# ons maak goeie korporatiewe en ander bestuur moontlik

Die NWU is op die voorpunt van aanspreeklike korporatiewe bestuur en verslagdoening, en ons is bekend vir ons deeglikheid in die nakoming van regs- en regulatoriese verpligtinge. Die kantoor van die institusionele registrateur dra hiertoe by deur te verseker dat die universiteit aan die vereistes van die veranderende regulatoriese raamwerk in hoër onderwys voldoen. Ons doen dit deur op hoogte van die jongste regulatoriese ontwikkelings te bly, en breed gebaseerde sekretariële, administratiewe en regsdienste aan die universiteit te lewer en die leiding met spesiale projekte te neem.

## regs- en regulatoriese responsiwiteit

Regsdienste het 13 hofsake namens die universiteit hanteer, hoofsaaklik in die Johannesburgse Arbeidshof en verskeie afdelings van die Hoër Hof. Die hof het in verskeie van hierdie sake ten gunste van die NWU bevind, terwyl ander op gunstige voorwaardes geskik is. Gedurende die jaar is 'n bedrag van R1,5 miljoen vir die universiteit deur regsgedinge verhaal.

Twee nagraadse studente het arbitrasiegedinge teen die NWU aanhangig gemaak ingevolge die algemene akademiese reëls. Die studente se eis is van die hand gewys en hulle is beveel om 'n aansienlike bydrae tot die universiteit se regskoste te lewer.

Gedurende 2012 het Regsdienste ook:

- die NWU se navorsingsleerstoel vir Astrofisika verteenwoordig in die NNS se Cherenskov Teleskopiese Rangskikking- (CTR-) taakspan wat die terreinkeuringsbod deur Suid-Afrika en Namibië opgestel het. Die taakspan het die Europese Unie se verteenwoordigers oor die toepaslike korporatiewe strukture en belastingimplikasies verbonde aan die bou van die CTR-sterrewag in Suider-Afrika geadviseer;
- die NWU se handelsmerkregister in stand gehou, wat op 31 Desember 2012 137 handelsmerke bevat het, en het verseker dat 14 handelsmerke betyds hernu is;
- die universiteit se finansiële reëls en regulasies hersien ten einde voldoening aan die Wet op Verbruikersbeskerming te verseker;
- met Rekordbestuur saamgewerk aan aangeleenthede soos die digitalisering van kontrakte; en
- in samewerking met die Institusionele Kantoor vir Beroepsgesondheid en Veiligheid beduidende insette vir die finalisering van kontrolelyste vir ouditdoeleindes en die induksieboekie gelewer.

'n Skenking van R150 000 het die afdeling in staat gestel om die professionele ontwikkeling van personeel wat betref intellektuele eiendom te befonds. Die Organisasie vir Dramatiese, Artistiese en Literêre Regte (Dalro) het R60 000 bygedra, en 'n prominente Gautengse regsfirma wat in intellektuele eiendomsreg spesialiseer, het R90 000 geskenk.

Twee jaar van intensiewe onderhandelings oor die kommersialisering van universiteitsport het op die ondertekening van die ASEM Varsity Sports-mediaregteooreenkoms gedurende 2012 uitgeloop. Die University Sports Company is terselfdertyd tot stand gebring.

- **Betrokkenheid by studentesake**

'n Senior lid van Regsdienste het as sekretaris opgetree vir 'n onafhanklike kommissie van ondersoek oor die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die tragiese verdrinking van 'n eerstejaarstudent gedurende die ontvangs- en oriëntasieprogram op die Potchefstroomkampus in Januarie 2012.

Die afdeling het advies gegee oor en gewysigde Huisreëls en grondwette vir die SR'e van al drie kampusse opgestel. Dit het aan die lig gekom dat die bestaande reëls tekortkominge bevat het en die VSR-verkiesings gedurende die oorsigjaar belemmer het.

Verder het Regsdienste advies gegee en aanbevelings gemaak oor dissiplinêre reëls vir studente, die regsimplikasies van aanlynaansoeke vir toelating tot die universiteit en die regsaspekte van universiteitsbeleide wat swanger studente raak.

## dienslewering aan studente

Die afdeling Studenteadministrasiestelsels (SAS) ontwikkel stelsels vir studenteadministrasie, hou dit in stand en lei personeel op om dit te gebruik.

In 2012 was SAS verantwoordelik vir die vaslegging van geldige PKM-data op die stelsels wat vir die toelating en registrasie van kontak- en afstandstudente gebruik word.

Die afdeling het steun vir nuwe kwalifikasieaansoeke, wysigings van bestaande kwalifikasies en die belyning van kwalifikasies met die Hoëronderwys-kwalifikasieraamwerk verleen.

Om die NWU se koolstofvoetspoor te help verminder, het SAS die getal gedrukte akademiese jaarboeke verminder en 'n elektroniese weergawe aan studente beskikbaar gestel.

Verbeterings in die aanlynaansoek- en -registrasiestelsel kan die gebruik van gedrukte vorms verder verminder. Die aanlynportaal vir akademiese navrae is ook 'n alternatief vir die druk en pos van dokumente, terwyl dit toegang tot inligting verbeter.

Die afdeling was betrokke by 'n projek om studentedataverslae en verslagdoeningsformate te verbeter ten einde te verseker dat waardevolle data studente en besluitnemers bereik. Verbeterings is ook aangebring

aan die kortkursus-administrasiestelsel ten einde 'n groter verskeidenheid gebruikers in die administrasie en rekordhouding van kortkursusdeelnemers te ondersteun. Net so help die afdeling met die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) se stelsel en het hulle aan interuniversitêre samewerkingsinisiatiewe soos Kuali Student deelgeneem. (Kyk bladsy 38 en 72 onderskeidelik vir meer inligting oor die IKAS-stelsel en die Kuali-inisiatief.)

## professionele korporatiewebestuurs- en sekretariaatdienste

Institusionele Korporatiewebestuurs- en Sekretariaatdienste verseker dat die aktiwiteite en prosesse van die Raad, Senaat, Institusionele Forum en Institusionele Bestuur aan die statutêre vereistes voldoen.

Onder die hoofaktiwiteite van die jaar was daar:

- ➞ Die reël van die jaarlikse Raadswerkswinkel sowel as 'n induksiesessie vir nuut aangewese Raadslede.
- ➞ Bystaan van die Raad en Senaat met die aanvra van nominasies vir eretoekennings.
- ➞ Bystaan van die universiteit se korporatiewebestuurstrukture met verkiesings om vakatures ter vul.
- ➞ Hersiening van die Raadskomitee se lidmaatskap.
- ➞ Skedulering van aktiwiteite en vergaderings van strukture op institusionele vlak en hulp met die opstel van die institusionele kalender.

## bewaring van ons stories

### ➞ Betroubare korporatiewe rekords

In 2012 het die Rekordbestuursafdeling voortgegaan om 'n rekordbestuursprogram te implementeer ten einde die kwaliteit, betroubaarheid en akkuraatheid van die NWU se korporatiewe rekords te verbeter.

Rekordbestuursmylpale van die jaar het die volgende ingesluit:

- toets en implementering van INSINQ SHARE, die elektroniese rekordbestuursplatform van die NWU;
- voorsiening van formele rekordbestuursopleiding en aanbieding van inligtingsessies oor INSINQ SHARE aan personeel;
- die doen van 'n opbergingsgebiedopname wat uitgeloop het op die besluit om rekords met ingang van 2013 weg van die perseel af op die perseel van 'n bewaringsfasiliteitmaatskappy te bewaar;
- voortsetting van die skoonmaak van verskeie bewaringsgebiede en die oorplasing van eksamenskrifte na veilige bewaring; en
- medeaanbieding van 'n inligtingsessie oor rekordhouding in onderrig-leer en toegang tot inligting ooreenkomstig die Wet op Openbare Toegang tot Inligting.

### ➞ Instandhouding van argiewe en museums

Die Institusionele Argief en Museums het voortgegaan om NWU-rekords van noodsaaklike en historiese waarde te verkry, asook om vennootskappe vir samewerkende strategieë te ondersoek wat onderrig-leer en studentesukses steun:

- ⇨ Werkswinkels oor die belangrikheid van die hou van notules van vergaderings is op die Potchefstroomkampus gehou en sal gedurende 2013 na die ander twee kampusse uitgebrei word.
- ⇨ Die Argief op die Vaaldriehoekkampus het 'n groot inisiatief van stapel gestuur om die belangrikheid van goeie rekordbestuur en die argivering van noodsaaklike rekords uit te lig.
- ⇨ Verskeie studenteliggame is ingelig oor die samestelling van hul argiefportefeuljes, wat 'n invloei van rekords wat die studentelewe op die kampus uitbeeld na die Argief tot gevolg gehad het.

Verwerking lê aan die hart van enige argiefprogram. Gedurende die oorsigjaar het die Argief die volgende voltooi:

- 11 797 positiewe en digitale foto's verwerk;
- meer as 3 300 museumitems gefotografeer; en
- 218 liniêre meter rekords deur verskeie soektoghulpmiddels toeganklik gemaak.

## institusionele administrasie is die ruggraat

'n Belangrike taak vir Rekordbestuur en Administrasie was die koördinering van die universiteit se jaarverslag vir die 2011 akademiese jaar.

Die jaarverslag het 'n gedetailleerde afdeling oor die NWU se prestasie vir elke doelwit van die Institusionele Plan ingesluit. Dit het die eksterne ouditeure, PWC, in 'n groot mate gehelp met hul eerste oudit van die Institusionele Plan, wat in 2012 onderneem is.

Dienooreenkomstig is 'n jaarverslag wat aan die regsvereistes voldoen op 30 Junie 2012 by die DHOO ingedien.

Die inligting wat vir hierdie jaarverslag versamel en saamgestel is, het ook die grondslag van die belanghebbersweergawe uitgemaak wat deur Korporatiewe Sake en Verhoudinge opgestel is.

In 2012 het die afdeling Rekordbestuur en Administrasie beleide as deel van die beleidbestuursprogram hanteer: Die NWU het tans 52 raadsgoedgekeurde beleide.

Ander wyses waarop die afdeling tot die gladde funksionering van die NWU gedurende die jaar bygedra het, was:

- ⇨ samestelling van die 2013 institusionele kalender;
- ⇨ indiening van hul eerste kwaliteitshandleiding;
- ⇨ administrasie van ex officio-Kommissarisse van Ede, van wie daar 76 regdeur die universiteit was; en
- ⇨ hantering van 14 versoeke ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI).

Ooreenkomstig die vereistes van die Wet is 'n WBTI-verslag teen 30 April 2012 by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie ingedien.

# ons voorsien stewige fondamente vir die toekoms

Die portefeulje Finansies en Fasiliteite voorsien die finansiële en infrastruktuur-ruggraat vir die suksesvolle bedryf van die universiteit se kernbedrywighede en verseker dat die boublokke in plek is vir personeel en studente om vir hulle 'n suksesvolle toekoms te bou. Doeltreffende, effektiewe en deursigtige finansiële bestuur en interne beheerstelsels, sowel as geïntegreerde risikobestuur, is hoekstene van die universiteit se verbintenis om finansiële volhoubaarheid te verseker. Gevolglik het die universiteit weer 'n ongekwalifiseerde ouditeursverslag ontvang.

## finansiële beplanning en begroting

By die NWU is sekere verantwoordelikhede wat betref finansiële bestuur gedesentraliseer, terwyl ander sentraal vanuit die Institusionele Kantoor bestuur word.

Desentralisasie ondersteun die interaktiewe bestuursmodel van die NWU, verseker aanspreeklikheid vir die gebruik van geld en vaste bates op alle vlakke, en lei tot verbeterings in doeltreffende finansiële beheer.

Terselfdertyd is Institusionele Bestuur op 'n maandelikse grondslag met die sake-eenhede in gesprek om afwykings te bespreek en terugvoer te voorsien wat hulle in staat stel om proaktief eerder as reaktief te wees.

Die universiteit se benadering tot finansiële bestuur beklemtoon die rol van die begroting in die versekering van bedryfsvolhoubaarheid en die verwesenliking van strategiese prioriteite soos in die Institusionele Plan uiteengesit. Die primêre doelwit was om hulpbronne toe te wys op 'n billike en deursigtige wyse ten einde te verseker dat ooreengekome uitsette gelewer word.

Gedurende 2012 is 'n model vir finansiële lewensvatbaarheid ontwikkel om die koste-effektiwiteit van akademiese programme, modules, skole, fakulteite en ander eenhede te hersien, en dit word tans getoets. Hierdie model sal in 2013 gefinaliseer en aan alle toepaslike bestuurders uitgerol word. Die afdeling finansies was ook by verskeie ander projekte betrokke, soos:

- die Taakspan van Hoër Onderwys Suid-Afrika se Finansiële Uitvoerende Bestuursforum, wat 'n volledige kostemodel vir navorsing ontwikkel het vir voorlegging aan die Nasionale Kantoor vir Bestuur van Intellektuele Eiendom ("NIPMO");
- die ontwikkeling van 'n model om die jaarlikse berekening van klasgelde te stroomlyn en die klasgeld teenoor dié van ander hoëronderwysinstellings te meet; en
- deur deel te wees van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se taakspan om die befondsingsraamwerk en die nuwe verslagdoeningsregulasies te hersien.

## verkryging en betalings

Die NWU het 'n gesentraliseerde verkrygingsbestuurstruktuur wat beheer en koördinering bied sonder om die magte van evaluering, aanbeveling en magtiging vir verkryging op 'n gedesentraliseerde afdelingsvlak aan bande te lê.

Merkbare suksesse gedurende 2012 was die uiters gunstige tenders en onderhandelings wat vir die verskaffing van drukdienste aan die universiteit beding is, asook korttermynversekering wat 'n wesenlike besparing vanaf 2013 en verder tot gevolg sal hê.

Die sentralisasie van alle betalingsaktiwiteite verseker voldoening aan finansiële beleid en riglyne wat deur bestuur neergelê is.

Terselfdertyd is sentralisasie die grondslag van 'n koste-effektiewe en gespesialiseerde proses om die universiteit se uitgaweverpligtinge na te kom.

Die Verkrygingsafdeling plaas ook 'n premie daarop om goedere en dienste van BGSEB-gekwalifiseerde verskaffers te verkry. Goedere en dienste ter waarde van R824 miljoen is in 1012 verkry, en 66,39% hiervan ((2011 – 57,54%) het as BGSEB-bydraes gekwalifiseer.

## betaalstaat

Gedurende 2012 is die Betaalstaatafdeling vanaf die direktoraat Mensekapitaal na die Finansiesafdeling oorgeplaas. Dit is gedoen om die doeltreffendheid van interne beheermaatreëls te verbeter en beter skeiding van pligte tussen betalings en magtigings te verseker, en is ook gegrond op advies van die eksterne ouditeure.

Hierbenewens is die Betaalstaatafdeling 'n integrerende deel van die projek vir die opgradering van die Oracle-stelsel. As gevolg van die verval van die lisensie vir ondersteuning van die Oracle-stelsel is die NWU verplig om die Mensekapitaal- en Betaalstelsel na Weergawe 12 op te gradeer. Implementering van die nuwe weergawe word vir die einde van Augustus 2013 beplan.

## finansiële verslagdoening

Die finansiële jaarstate van die NWU is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde opgestel, en binne die regulasies ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys van 1997, soos gewysig.

Die Ouditeur-generaal het aan die eksterne ouditeure opdrag gegee om hul ouditprosedures na sekere addisionele funksies van die NWU uit te brei, in ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudits nr 25 van 2004.

Ná voltooiing van 'n deeglike ondersoek na die toepaslikheid, doeltreffendheid en koste-effektiwiteit van die Oracle ERP-stelsel op die lang termyn, het die NWU besluit om te werk in die rigting van die implementering van die Kuali Finansiële Stelsel (KFS).

Die Kuali-benadering tot stelselontwikkeling is 'n belangrike langtermynstrategie van die NWU en dek talle moontlike toepassings, en dit is deur universiteite vir universiteite ontwikkel. Die implementeringsproses het in September 2012 'n aanvang geneem en die beplande oorskakelingsdatum is laat in 2014.

Die NWU was deel van die taakspan van die Finansiële Uitvoerende Forum van HESA, wat besig is om 'n stel finansiële aanwysers of kriteria te ontwerp om te dien as vroeë waarskuwingstekens van finansiële "moeilikheid". Die aanwysers sal ook in sektorwye normbepalingsoefeninge gebruik word.

Raadpleeg asseblief ook bladsy 97 en verder vir die volledige finansiële oorsig en gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2012.

## belastingdienste

Belastingdienste het bygedra tot die ontwikkeling van 'n model wat doeltreffender belastingnakoming en risikovermindering oor die algemeen verseker en sodoende bedrog, foute en onreëlmatighede voorkom.

Hulle het ook aansienlike belastingbesparings vir die NWU teweeg gebring deur BTW-foute op te spoor en reg te stel en wetswysigings te implementeer wat die NWU tot voordeel strek en wat voorheen oor die hoof gesien of agterweë gelaat is.


Nog 'n aktiwiteit was die regstelling van ongeldige of verkeerde BTW-nommers op die NWU-databasis deur al die universiteit se krediteure te kontroleer.

Hierbenewens het die afdeling 'n kontrolelys ontwikkel om die kontrolering van onafhanklike kontrakteurs te verbeter en het hulle 'n breë spektrum van raadplegende belastingdienste en opleiding aan interne kliënte voorsien.

## geldmark

Die Geldmarkbestuurder het die universiteit se kontantvloei op 'n daaglikse basis bestuur om addisionele inkomste te genereer. Dit het 'n positiewe afwyking van 3,82% per jaar tussen die werklike opbrengs en die normopbrengs tot gevolg gehad, wat op 'n "wins" van R30,8 miljoen vir die geldmarkportefeulje uitgeloop het. Opbrengste vir die afgelope vier jaar word hieronder aangetoon:

*Werklike opbrengs 2008–2012*





## interne oudit

Die afdeling Interne Oudit dien as 'n onafhanklike gerusstellingsfunksie en het dus unieke verslagdoeningsreëlings. Dit bestaan uit 'n administratiewe verslagdoeningslyn na die visekanselier en Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, asook 'n funksionele verslagdoeningslyn na die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee van die Raad.

Interne Oudit is verantwoordelik vir die evaluering van die doeltreffendheid van korporatiewe bestuur, interne beheermaatreëls, nakoming en risikobestuur, en voer ook spesiale ondersoeke na aangemelde onreëlmatighede en bedrogverwante aangeleenthede uit.

Interne Oudit volg 'n risikogebaseerde benadering tot die hantering van strategiese, bedryfs-, finansiële en



van die gekombineerde versekeringsmodel uit. Dit voorsien ook 'n evaluering van die doeltreffendheid van die universiteit se stelsels van interne beheer en risikobestuur, soos deur King III vereis.

Verder word interne kwaliteitsversekeringsoorsigte ook jaarliks op Interne Oudit uitgevoer om te verseker dat goeie pogings aangewend word om aan die vereistes van die standaarde te voldoen. Hoë vlakke van vertroue is deur die eksterne ouditeure geplaas op oorsigte wat deur interne oudit uitgevoer is.

## sake- en ondernemingsontwikkeling

Verskeie projekte is gedurende 2012 ondersoek, en een wat verwesenlik is, was die ondertekening van 'n formele ooreenkoms met die opleidingsmaatskappy Thinking Fusion.

Ingevolge hierdie ooreenkoms sal die NWU leierskaps-opleiding aan openbare maatskappye bied. Die Cachet Park-sakesentrum in Potchefstroom het 'n gesonde surplus van R5 miljoen vir die oorsigjaar gegenereer.

## fasiliteite en groot kapitaalwerke

Die NWU het in 2012 altesaam R219 miljoen aan die kapitaalbesteding- en makro-instandhoudingsprogram bestee.

Hierdie infrastruktuurprojekte het gefokus op die opgradering en vergroting van die kapasiteit van die laboratoriums vir Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie (WIT) vir onderrig-leer en navorsing.

In ooreenstemming met die ministeriële verslag oor studentebehuising is verskeie studentekoshuise opgegradeer en die getal beddens verhoog ten einde meer studente in staat te stel om die voordele daarvan te benut om op die kampus te woon.

Ooreenkomstig die formule van die Departement Handel en Nywerheid is ongeveer 92% van totale kapitaalbesteding vir die jaar aan Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging- (BGSEB ) kontrakteurs uitbestee.

**Mafikengkampus**

Op die Mafikengkampus is R30,31 miljoen gedurende 2012 aan infrastruktuurprojekte bestee. Die volgende tabel verskaf besonderhede oor die bedrag wat aan groter projekte bestee is.

| Projekte | Uitgawes in 2012 R'000 | Totale projekkoste tot op datum R'000 | Bron van befondsing |
|---|---|---|---|
| Nuwe Wetenskapskompleks en voorgraadse klaskamers (MC01) | R 10 188 | R 47 624 | DHOO-projek |
| Addisionele nagraadse eenhede | R 3 910 | R 3 910 | NWU |
| Opgradering van James Moroka-koshuis | R 3 430 | R 3 430 | DHOO-projek |
| Opknapping van rekenaarlaboratoriums – Natuurwetenskappegebou | R 2 166 | R 2 166 | NWU |
| Leeslaboratorium vir Akademiese Geletterdheid | R 1 756 | R 1 756 | NWU |
| Aanbouings by Dieregesondheid | R 1 167 | R 4 494 | DHOO-projek |
| Aanbouings by Chris Hani-gebou vir sokker | R 1 048 | R 1 048 | NWU |
| Opgradering van Molelwane-plaas (MC04) | R 1 019 | R 3 145 | DHOO-projek |

**Potchefstroomkampus**

Op hierdie kampus het kapitaalprojekte vir 2012 R143,311 miljoen beloop. Die onderstaande tabel verstrek besonderhede oor groter projekte.

| Projekte | Uitgawes in 2012 R'000 | Totale projekkoste tot op datum R'000 | Bron van befondsing |
|---|---|---|---|
| Nuwe koshuis (250 beddens) | R 26 978 | R 33 989 | NWU |
| Opgradering van G19 vir prekliniese platform | R 18 094 | R 18 094 | DST en NWU projek |
| Konstruksie van Blok E-lesinglokaalkompleks | R 10 442 | R 36 482 | NWU |
| Nuwe Metabolomikasentrum | R 7 263 | R 7 943 | NWU |
| Hernuwing van ruimte vir Gesondheids-wetenskappe in G16 – voorgraadse praktiese laboratoriums vir Farmasie | R 6 374 | R 6 374 | DHOO-projek |
| De Wilgers-kombuis en -eetsaal | R 3 650 | R 3 650 | NWU |
| Toerusting vir die nuwe Ingenieurskompleks | R 3 858 | R 3 858 | DHOO-projek |
| Nooduitgang by G4 | R 3 309 | R 3 658 | NWU |
| Opknapping van Chemielaboratorium vir tweedejaars | R 3 241 | R 3 424 | NWU |
| Opknapping van ruimte vir Lewenswetenskappe-Fisika-prakties 2 en 3 | R 1 727 | R 2 132 | DHOO-projek |
| Opknapping van ruimte vir Lewenswetenskappe-Fisika-prakties 1 | R 1 640 | R 2 225 | DHOO-projek |

**Vaaldriehoekkampus**
Op hierdie kampus het die totale kapitaalbesteding vir 2012 op R30,96 miljoen te staan gekom. Die tabel hieronder gee besonderhede van die bedrag wat aan groter projekte vir onderrig-leer, sport en studentefasiliteite bestee is.

| Projek | Uitgawes in 2012 R'000 | Totale projekkoste tot op datum R'000 | Bron van befondsing |
|---|---|---|---|
| Nuwe Biblioteekgebou | R 17 658 | R 20 744 | NWU |
| Kompleks vir Tegniese Opleiding vir Onderwysers – finale fase | R 4 998 | R 32 890 | DHOO-projek |
| Omskepping van Quest-konferensiesentrum in 'n Toegepaste Risikobestuur-opleidingsfasiliteit | R 3 208 | R 3 213 | NWU |
| Ontspanningsale en eenheid vir studente met gestremdhede by nuwe nagraadse koshuis | R 759 | R 1 036 | NWU |
| Omskep voormalige kafeteria in tydelike kantore vir inkubator | R 611 | R 646 | NWU |

**➞ Kleiner opknappings en makro-instandhouding in 2012**

Bo en behalwe die groot kapitaalprojekte wat onderneem is, het Fisiese Infrastruktuur en Beplanning ook oor 'n aantal kleiner projekte en die algemene 10-jaarplan vir makro-instandhouding van die universiteit toesig gehou. Altesaam R19,651 miljoen is bestee.

**➞ Vooruitsig op 2013**

Die DHOO het die nuwe rondte van infrastruktuur-befondsing vir die siklus 2012 tot 2015 in Oktober 2012 toegewys. Die NWU het 'n toewysing van R211,373 miljoen ontvang.


In 2012 het die NWU-raad 'n aantal bouprojekte goedgekeur wat in die komende akademiese jaar 'n aanvang sal neem of voortgesit sal word. Sommige van die projekte wat goedgekeur is, sal uit die DHOO-toewysing befonds word, en die res deur 'n kombinasie van NWU- en eksterne befondsing. Verbeterings word vir al drie kampusse beplan.

## beroepsgesondheid en veiligheid

Die afdeling Institusionele Beroepsgesondheid en Veiligheid (IBGV) is op 1 Julie 2012 tot stand gebring om doeltreffende bestuur, koördinering tussen kampusse en implementering en instandhouding van gesondheids- en veiligheidswetgewing by die NWU te verseker.

Mylpale in beroepsgesondheid en veiligheid wat in 2012 behaal is, het die volgende ingesluit:

- 'n Brandrisiko-oudit en evaluering van al die NWU se geboue is suksesvol uitgevoer en vroeg in 2012 afgehandel. IBGV sal korrektiewe aksieplanne saamstel en dit vroeg in 2013 vir implementering beskikbaar stel. Intussen hou die afdeling toesig oor die implementering van regstellende stappe om brandveiligheidsvoldoening van alle NWU-geboue te verseker.
- Wetsvoldoeningoudits is op alle NWU-gasinstellasies en dampkabinette uitgevoer.
- Gevaarlike afval is ooreenkomstig wetgewing verwyder. Eerstens het IBGV 'n opname gedoen om behoeftes en dienste te bepaal. Daarna het hulle 'n kontrak vir die verwydering van gevaarlike afval met 'n bevoegde diensverskaffer onderteken, naamlik Oricol Waste Management. Hierdie funksie word deur IBGV bestuur en gekoördineer, en rekords is ter insae beskikbaar.



# ons tegnologie en innovasie ondersteun kennisdeling

Hoëkwaliteit-inligting is die lewensbloed van 'n intellektuele gemeenskap. Deur eersteklasinligting en -kommunikasietegnologie te voorsien, verseker die NWU dat inligting glad en vinnig vloei na waar dit nodig is. Die universiteit se innoverende gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie verbind studente met mekaar, met hul dosente en met inligtingshulpbronne, en stel navorsers in staat om met hul eweknieë nasionaal en internasionaal te netwerk.

Behalwe navorsing, wat in die Senaatsverslag hanteer word, benut ons die waarde van ons intellektuele eiendom, het ons 'n uitgebreide raamwerk vir gemeenskaps-verbintenis vir projekte in volhoubare ontwikkeling en voer ons 'n internasionalisering-strategie uit wat kennisdeling en samewerking met eendersdenkende instellings wêreldwyd meebring.

## inligtings- en kommunikasietegnologie

Binne die universiteitsgemeenskap self word omvattende gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gemaak om die doeltreffendheid van die NWU se bedrywighede te verbeter, onderrig-leer te bevorder en die verskeidenheid kommunikasiekeuses wat aan studente en personeel beskikbaar is, uit te brei.

Altesaam 44 IKT-projekte is in 2012 voltooi. Hulle het verbeterings vir al drie kampusse gelewer en sal na verwagting langtermynvoordele vir die NWU se IT-gemeenskap inhou.

Sommige van die hoogtepunte van die IKT-program was:

- Die IKT-infrastruktuur het eksponensiële groei ervaar en het aan die einde van 2012 uit 564 bedieners (258 fisieke bedieners) en ongeveer 35 000 netwerkterminale bestaan. Dit maak daarvan een van die grootste sentraal bestuurde netwerke in hoër onderwys in Suid-Afrika.
- Die telekommunikasie- en IT-infrastruktuur van die universiteit is aansienlik verbeter, met meer bandwydte, netwerkdekking en skyfspasie as ooit tevore wat aan studente en personeel beskikbaar is. 'n Vlak 2-skyfstooromgewing van 1PB is geïmplementeer, wat skyfspasietoewysing vir elke student en personeellid van 2 MB tot 10 GB verhoog het ('n toename van 4 999%). Dit het stoorkoste van 20c/MB na 0,2c/MB verminder, wat 'n 99%-verlaging in koste tot gevolg gehad het.
- Rekenaarlaboratoriums vir studente is op al drie kampusse opgegradeer. 'n Nuwe 300-sitplek-laboratorium is op die Potchefstroomkampus voltooi, en die Mafikengkampus het ses nuwe laboratoriums ontvang, elk met ongeveer 80 rekenaars. Die Vaaldriehoekkampus het vyf laboratoriums met 385 rekenaars.
- Die nasionale Skootrekenaarinisiatief vir Studente is suksesvol geïmplementeer, wat dit vir studente en personeel moontlik maak om hoë kwaliteit skootrekenaars teen uiters mededingende pryse aan te koop, insluitende groot afslag op Microsoft-programmatuur.
- Verskeie langtermynprojekte is geïnisieer om ondoeltreffende en handadministrasiestelsel-prosesse te vervang en prosesse oor besigheidsareas heen te belyn. Twee groot projekte is die outomatisasie van die tydrowende IKAS-administrasieproses vir goedkeuring van akademiese programme en die KOI-projek. (KOI staan vir die Kuali-Oracle-inisiatief en het te doen met die opgradering van die mensekapitaalstelsel vanaf Oracle 11 na Oracle 12, en die oorskakeling vanaf Oracle 11 se finansiële stelsel na die Kuali Finansiële Stelsel.)
- Gemeenskapsamewerking is uitgebrei om IKT-deelname aan interuniversitêre samewerkings-inisiatiewe, plaaslik sowel as internasionaal, te vergroot, soos Sakai, Kuali en ASAUDIT. In die Kuali-studenteprojek spesifiek is die NWU teen die einde van 2011 vir 'n tweede Suid-Afrikaanse span genader, wat in Januarie 2012 begin werk het. Die span is deur die Kuali-projek befonds en het dus inkomste vir die NWU verdien. Hierdie bydrae het aan die einde van November 2012 ten einde geloop.
- IKT het gebruikersteun, opleiding en bemagtiging vir NWU-personeellede voorsien. Dit het 'n nuwe ondersteuningsmodel vir eindgebruikertoestelle ingesluit, asook 'n IT-dienskatalogus wat die volledige diensportefeulje aan eindgebruikers beskryf en kursusse wat oor sestien verskillende onderwerpe aangebied en deur 471 personeellede bygewoon is.

## bestuursinligtingstelsels

Bestuursinligtingstelsels (MIS) het alle aspekte van die universiteitsbesigheid deur uitnemende en innoverende ontwikkeling van IKT-infrastruktuur en die voorsiening van

hoëgehalte-inligting ondersteun. Hoogtepunte vir 2012 sluit die volgende in:

- Die verdere ontwikkeling van die MIS-datapakhuis en hulpmiddels vir verslagdoening en ontleding om omvattende bestuursinligting aan lynbestuurders te voorsien.
- 'n Nuwe verbeterde en gestandaardiseerde Studentekohortontleding binne die HODO- (Hoër Onderwys-dataontleding-) gemeenskap, wat op alle vlakke en tov alle vereistes toeganklik en konfigureerbaar is.
- Implementering van HODO-prestasie-evaluerings-ooreenkomste vir Senior Bestuur, vir die eerste keer in die NWU se geskiedenis.
- Finale indiening van Student-HEMIS-verslagdoening vir 2012.

## ondersteuning vir tegnologie-oordrag en innovasie

Die NWU het 'n omvattende patentportefeulje wat oor 47 lande strek en derdegeldstroominkomste deur lisensiëringsooreenkomste, tantième en inkomste uit produkverkope op grond van die NWU se eie intellektuele eiendom genereer.

Die Kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun staan die kampusse by met steun vir tegnologie-oordrag, vir beskerming van intellektuele eiendom, leiding vir befondsingsaansoeke vir projekte en navorsingsleerstoele, en die bestuur en herbedinging van lisensieooreenkomste, onder andere.

*Die onderstaande tabel gee die belangrikste onwikkelings in patentindienings en registrasies aan.*

### ➞ Bestuur van intellektuele eiendomsregte

NWU-uitvinders het gedurende die jaar ses openbaarmakings gedoen, wat twee voorlopige aansoeke vir die jaar 2012 tot gevolg gehad het. Die verhoogde druk op navorsers om navorsing te doen en te publiseer, sowel as die onderrigglading, het 'n effense daling in die openbaarmakingsyfer tot gevolg gehad. Daar word egter verwag dat hierdie druk op navorsingsuitset in die toekoms tot 'n styging in uitvindings sal lei.

Let daarop dat uitvindings in talle lande geregistreer kan word. Die portefeulje bestaan meer as 300 individuele patentregistrasies, waarvan sommige aktief is en andere verstryk het, wêreldwyd. Die NWU het tans 11 VSA-geregistreerde patente. Die NWU belê gemiddeld R3 500 000 per jaar aan patenteringskoste. Die Nasionale Kantoor vir Bestuur van Intellektuele Eiendom (NIPMO) ondersteun die NWU deur tot 50% van hierdie koste by te dra.

### ➞ Kommersialisering van patente

Die Tegnologieoordragkantoor het in 2012 altesaam R233 000 in saad- en kommersialiseringsprojekte belê en het R900 000 vir die kommersialisering van 12 patente in vier navorsingsgroepe toegewys. Die volgende patente word gekommersialiseer of ondersteun:

- Twee nuwe motorontstekingstelsels
- Lukraakgetalgenereerder-apparatuur
- MyLab-minilaboratorium
- Pheroids
- Verspreidelaeruising-versterker
- Osoongenerator
- Verskeie farmaseutiese middels
- Voorspellende poolglipbeskermingstelsel

| Openbaarmakings, indienings en registrasies: | 2004-2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorlopige aansoeke | 20 | 5 | 8 | 1 | 2 |
| Totale getal RSA-gepatenteerde uitvindings | 30 | 35 | 38 | 40 | 42 |
| Totale getal eerste internasionaal gepatenteerde uitvindings | 0 | 14 | 15 | 16 | 18 |
| Getal lande in portefeulje | 47 | 47 | 47 | 47 | 47 |
| Patente wat verstryk het | 0 | 0 | 0 | 13 | 8 |



Die onderstaande tabel toon die lisensiërings- en newemaatskappy-aktiwiteite van die NWU. Die inkomste uit hierdie aktiwiteite en tantième word ook hieronder aangetoon.

*Newemaatskappye (onafhanklik, geassosieer en filiale)*

| | 2004-2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale tegnologie-newemaatskappye sedert 1999 | 15 | 16 | 16 | 16 | 16 |
| Tegnologie-newemaatskappye steeds aktief | 12 | 13 | 13 | 13 | 13 |

*Lisensiëring, tantième en produkverkope*

| | 2004 - 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|
| Nuwe lisensie-ooreenkomste | 13 | 1 | 0 | 1 | 1 |
| Totale aktiewe ooreenkomste | 12 | 14 | 14 | 14 | 15 |
| Totale inkomste uit tantième, uitvinding-gebaseerde produkverkope | R17 114 760 | R2 619 257 | R3 686 990 | R3 340 193 | R2 285 433 |

## gemeenskapsverbintenis en volhoubaarheid

Gemeenskapsverbintenis word omskryf as daardie aktiwiteite wat deur al die personeel en studente van die universiteit uitgevoer word en gerig is op die ontwikkeling, steun en opheffing van die gemeenskap. Klem word geplaas op transdissiplinêre ontwikkelingsprojekte wat volhoubaar is en 'n meetbare impak het.

➞ **Stappe onderweg na geïntegreerde verslagdoening**

Die NWU inkorporeer die King III-verslagdoeningsprosesse in alle aktiwiteite. Dit sluit verslagdoening oor en monitering van vordering en impak in gemeenskaps-verbintenis en volhoubare ontwikkeling van alle geassosieerde gemeenskappe van die NWU in. In die omgewingskonteks was die eerste stap in hierdie proses om 'n omgewingsregvoldoening-oudit op alle NWU-kampusse uit te voer. 'n Finale verslag van die oudit, wat in Januarie 2013 gelewer moet word, sal die rigting vir regstellende maatreëls en nuwe kampusomgewingsinisiatiewe en innovasies aandui. 'n Interne, geïntegreerde verslag sal teen die middel van 2013 afgehandel wees.

➞ Netwerke

⇨ Internasionale Talloires-netwerk

In 2012 het die universiteit aan die Talloires Network se jaarlikse MacJannet-kompetisie vir studentegedrewe gemeenskapsopheffing en wêreldwye burgerskap deelgeneem en die tweede plek uit 72 nominasies van 52 universiteite in 21 lande die wêreld oor ingeneem. Die Studentejoolgemeenskapsdiens (SJGD) was by uitreikingsprogramme betrokke, insluitende 'n voedingskema en skuilings vir hawelose kinders, en het voortgegaan om voorskoolse en dagsorgsentrums, jeugontwikkelingsprojekte en dienste vir bejaardes en mense met gestremdhede te befonds.

⇨ Suid-Afrikaanse Forum vir Hoëronderwys-gemeenskapsbetrokkenheid (SAFHOGB)

In September 2012 het die universiteit 'n werkswinkel van die Suid-Afrikaanse Forum vir Hoëronderwys-gemeenskapsbetrokkenheidsforum (SAFHOGB) aangebied waar die werksgroepe vir diensleer en vennootskappe ontmoet het. Hierbenewens is 'n werkswinkel van die Talloires/Walmart Foundation ook gehou oor die tema "Livelihoods: cooperatives, access to markets, health and wellness".

⇨ Forum vir Voortgesette Gemeenskapsontwikkeling (FVGO)

Die FVGO, wat daarop gemik is om kapasiteit onder nieregeringsorganisasies (NRO's) te bou, het voor-spraakbesoeke aan verskeie gemeenskappe in die Noordwes-provinsie in 2012 gereël. Die betrokke NRO's sal in groepe volgens die tipes dienste wat hulle lewer en hul opleidingsbehoeftes saamgegroepeer word, sodat bykomende vaardigheidontwikkelings-kursusse voorsien kan word.

⇨ NWU-gemeenskapsontwikkelingstrust

Die NWU-gemeenskapsontwikkelingstrust het skenkings ten bedrae van R286 115 vir die jaar ontvang. Die borge was die Departement van Wetenskap en Tegnologie, Dr Kenneth Kaunda-distriksmunisipaliteit, Hollard Foundation, ABSA en verskeie klein en medium ondernemings wat sosio-ekonomiese ontwikkelingsprojekte vir BGSEB-telkaartpunte geborg het.

Skenkersbefondsing is gekanaliseer vir 'n studie vir die Hollard Foundation-projek wat deur die NRO Kago Ya Bana geïmplementeer is. Hierdie navorsingstudie het die kapasiteit geëvalueer van geselekteerde munisipaliteite om sleutelfunksies van die Kinderwet te implementeer.

➞ **Erkenning vir uitnemendheid in gemeenskapsverbintenis**

Die universiteit sluit gemeenskapsverbintenis as 'n kategorie in die jaarlikse navorsingstoekennings in. Die Visekanselier se Toekennings vir Uitnemendheid in Gemeenskapsverbintenis is soos volg toegeken:

⇨ Noordwes-Universiteit se Pro bono-kantoor vir omgewingsimpakevaluering:
Die kantoor voorsien kosteloos omgewingsbestuur-konsultasiedienste sowel as opleiding en kapasiteitsbou vir munisipaliteite.

⇨ Kinderregeenheid, Regskliniek, Potchefstroomkampus:
Die eenheid voorsien kinders in 27 dorpe in die Noordwes-provinsie van regsverteenwoordiging

en advies om hul regte te beskerm en hulle met Kinderhofverrigtinge by te staan.

- Verspreidingstrustfonds van die nasionale lotery

In 2012 het die NWU borgskappe vir voorstelle in die Sport- en Rekreasiesektor ontvang. Twee bedrae is ontvang, R1 334 110 en R2 205 311, en is na die betrokke projekte op kampusvlak oorgedra.

## internasionalisering

Die NWU het steeds deelgeneem aan aktiwiteite om sy internasionale profiel te verstewig:

- Samesprekings is met internasionale organisasies gehou met die oog op deelname aan internasionale evaluerings- en rangordeningsprosesse.
- Vergaderings is gehou tussen die agt universiteitsvennote vir die projek genaamd Intra ACP Mobility STREAM (Strengthening African Higher Education through Academic Mobility).
- Die NWU het 'n lid van die Eidos-instituut geword, wat 'n onafhanklike organisasie sonder winsbejag is wat aan die waardes van idees en maatskaplike verandering toegewy is.
- Die NWU is genooi om in 2013 'n afvaardiging na die G20-Jeugforum in Sint Petersburg, Rusland te stuur.
- Die NWU het 'n voltydse lid van die Suider-Afrikaanse-Nordiese (SANORD) konsortium geword, 'n organisasie sonder winsbejag wat samewerking tussen hoëronderwysinstellings in die Nordiese en die Suider-Afrikaanse streek bevorder.
- Die visekanselier, dr Theuns Eloff, het 'n lid geword van die Internasionale Assosiasie van Universiteitsrektore (IAUP). Hierdie organisasie bestaan uit 600 ewekniepresidente, rektore en kanseliers uit meer as 70 lande.
- Die NWU het memorandums van verstandhouding en samewerking onderteken met:
  - Die universiteit van Nizwa (Oman) op die gebied van Farmasie.
  - Die universiteit van Tilburg (Nederland) op die gebiede van Regte, Kunste en Maatskaplike en Gedragswetenskappe.
  - Die universiteit van Leipzig (Duitsland) op die gebied van die Gesondheidswetenskappe.
  - Die Departement Ekonomiese Ontwikkeling, Omgewing, Bewaring en Toerisme (Noordwes-provinsie).
  - Die Duisenberg-skool vir Finansies (Nederland) op die gebied van Bedryfswiskunde en Informatika.



# ons laat ons stem hoor

Onder die sambreel van Korporatiewe Sake en Verhoudinge inkorporeer hierdie afdeling ontwikkeling (fondsinsameling) en alumniverhoudinge tesame met korporatiewe kommunikasie, belanghebbersverhoudinge, handelsmerkbestuur en webwerfbestuur.

'n Belangrike ontwikkeling gedurende 2012 was die totstandbrenging van 'n volwaardige institusionele ontwikkelingskantoor binne hierdie afdeling. Dit is in ooreenstemming met beste praktyk in hoëronderwysinstellings en sal die afdeling in staat stel om 'n meer strategiese rol ter ondersteuning van die NWU se finansiële langtermyn-volhoubaarheid te speel.

## webwerfbestuur

Gedurende 2012 is 'n doelgerigte poging aangewend om die webteenwoordigheid van die NWU te verstewig. 'n Eksterne diensverskaffer is gekontrakteer om die NWU in die rigting van die verdere ontwikkeling van die webwerf te help beweeg en prioriteite is vir verdere verfyning in die toekoms gestel.

Die NWU het beweeg in die rigting van 'n multiwerf-omgewing, aangesien dit die doeltreffendste wyse is om webwerfinhoud te bestuur. Dit behels die skepping van subdomeine onder die NWU-hoofdomein, wat gesentraliseerde inhoudbestuur en 'n beter gebruikerservaring in die hand werk.

Talle sessies met belanghebbers is gedurende die jaar gehou om 'n beter begrip van hul behoeftes wat betref die webwerfinhoud te verkry. 'n Verslag is opgestel oor die uitkomste van hierdie sessies, sowel as oor die resultate van gestruktureerde opnames onder sleutelbelanghebbers. Hierdie terugvoer sal vir die verdere ontwikkeling van die NWU-webwerf gedurende 2013 gebruik word.

## eksterne kommunikasie

Om die NWU onder eksterne sleutelbelanghebbers te posisioneer, is 'n reklameveldtog weer regdeur die jaar in geselekteerde publikasies gevoer.

Die tema van hierdie veldtog is gebaseer op die "Mag van drie", en op die boodskap "Dit gaan nie net oor opvoeding nie, maar oor die geleentheid wat opvoeding bied".

**➞ Gunstige dekking oorheers**

Mediamonitering het getoon dat gunstige dekking van die NWU ongunstige dekking gedurende 2012 in 'n beduidende mate oorskadu het.

Altesaam 12 186 media-items is ontleed, vergeleke met die 7 730 in 2011, 'n styging van 57,6%. Dit het 'n totale advertensie-ekwivalentwaarde van R285 004 666 verteenwoordig.

Daar was altesaam 11 613 gebalanseerde en 507 positiewe items, terwyl die ongunstige dekking 66 artikels tot gevolg gehad het. Baie van die gunstige dekking was die gevolg van navorsingsprestasies op die Potchefstroomkampus, terwyl die meeste van die negatiewe publisiteit die gevolg was van 'n voorval gedurende die ontvangs- en bekendstellingsprogram op die Potchefstroomkampus toe 'n eerstejaarstudent ná 'n vrugtefees verdrink het.

**➞ Topwoordvoerders kry krediet**

Vir die derde jaar is finansiële toekennings gemaak aan die NWU-woordvoerders wat die gereeldste in die gedrukte, uitsaai- en aanlynmedia onderskeidelik aangehaal is, asook die algehele wenner, wat as die Woordvoerder van die Jaar aangewys is.

**➞ Mediabeleid: praat met een stem**

Vir die eerste keer sedert die samesmelting is 'n mediabeleid vir die hele universiteit opgestel.

Hierdie beleid voorsien 'n doeltreffende en effektiewe raamwerk om die tydige verspreiding van inligting te fasiliteer en, die belangrikste, om die NWU se goeie naam en handelsmerk te beskerm en te bou.

Werknemers en studente van al vier sake-eenhede is aan die beleid onderhewig, wat alle vorme van media-interaksie dek.

**➞ Toekennings vier uitnemende joernalistiek**

Een van die belangrikste eksterne kommunikasiehoogtepunte gedurende 2012 was die NWU se voortgesette borgskap van die Nasionale Persklub se Joernalis van die Jaar- en Redakteur van die Jaar-kompetisie.

'n Netwerkgeleentheid is ook aangebied waar die visekanselier 'n oorsig van die suksesse en uitdagings van die NWU gegee het en dwingende sake in hoër onderwys in die geheel bespreek het.

**➞ Korporatiewe publikasies versterk sleutelboodskappe**

Korporatiewe publikasies is regdeur 2012 gebruik om die universiteit se handelsmerk te vestig en sy strategiese sleutelboodskappe te verstewig.

Die gedrukte vlagskippublikasies was, onder andere:

- die 2011-jaarverslag vir belanghebbers met die tema, "Dit gaan nie net oor opvoeding nie, maar oor die geleentheid wat opvoeding bied";
- twee uitgawes van die alumnipublikasie *NWU & U*, wat aan alle konvokasielede en die alumnikantore van die drie kampusse versprei is; en
- die navorsingsjaarverslag, waarvan die beplanning en finale uitvoering deur Korporatiewe Sake en Verhoudinge hanteer is.

Om te verseker dat eksterne publikasies relevant vir hul teikengehore bly, skryf die afdeling hulle in vir 'n jaarlikse kompetisie wat deur die Suid-Afrikaanse Publikasieforum gehou word. In 2012 was die *NWU & U* 'n finalis in die kategorie vir Beste Eksterne Tydskrif.

Digitale verspreiding van korporatiewe publikasies stel die NWU in staat om 'n wyer gehoor te bereik en die koolstofvoetspoor van gedrukte materiaal te minimaliseer. Met hierdie doel voor oë is die jaarverslag, korporatiewe profiel en alumnipublikasies weer eens in 2012 digitaal beskikbaar gestel, en is dit op die universiteit se webwerf gepubliseer. Meer publikasies sal in 2013 digitaal versprei word.

## in gesprek met ons personeel

Pogings word voortgesit om interne kommunikasie-aktiwiteite van die Institusionele Kantoor en die drie kampusse te stroomlyn en te belyn.

Die hoofkanale van interne kommunikasie wat gedurende die jaar by die Institusionele Kantoor gebruik is, was:

- Die interne personeelnuusbrief *Eish!*.
- Elektroniese media, soos die halfweeklikse *@NWU*, die elektroniese kennisgewing vir personeel, die visekanselier se maandelikse nuusbrief, videostroomboodskappe vanaf die visekanselier en dringende en krisiskommunikasiebulletins.

Die NWU se interne personeeltydskrif, *Eish!*, tel amptelik onder die beste interne publikasies in die land. Dit is bevestig deur die SA Publikasieforum se toekenningseremonie in September 2012, toe *Eish!* as die algehele beste publikasie met 'n beperkte begroting aangekondig is.

*Eish!* het ook die beste gevaar in 'n kompetisie wat deur Bemarking, Bevordering en Kommunikasie in Hoër Onderwys ("MACE") gereël is. Vir die tweede jaar agtereenvolgens is die publikasie as die beste interne nuusbrief benoem.

## ons belanghebbers

Die NWU het voortgegaan om gesonde verhoudings met verskillende belanghebbers te vestig en uit te bou.

- Die visekanselier het 12 netwerkdinees regdeur die land gehou, insluitende twee met die NWU se Raad van Donateure.
- 'n Vergadering is tussen 'n NWU-afvaardiging en die Uitvoerende Komitee van Korporatiewe Bestuur en Administrasie van die Provinsiale Regering Noordwes gehou om hulle in te lig oor die strategiese prioriteite en huidige status van die universiteit.
- Die visekanselier het 20 ontbytvergaderings met personeel op die kampusse en in die Institusionele Kantoor gehou om interne kommunikasie te fasiliteer.
- Drie werkswinkels is gehou sodat akademici en nywerheidsverteenwoordigers kon saamkom om die mensekapitaalbehoeftes van werkgewers bespreek. Vir meer besonderhede, raadpleeg bladsy 41 van hierdie verslag.

## handelsmerkposisionering

As 'n eerste aksieplan is 'n belynde handelsmerkstrategie ontwikkel om die NWU as 'n handelsmerk te ondersteun, met inagneming van die vier sake-eenhede. Dit is gedoen in samewerking met die kampusse en met die bystand van McCann Worldgroup.

Die strategie sit die nuwe benadering tot die handelsmerkposisionering uiteen, en beklemtoon die belangrikheid van konsekwente, belynde kampus- en institusionele boodskappe.

**➞ Kreatiewe platform vir veldtogte**

Die tweede aksieplan is om 'n kreatiewe platform vir kommunikasie- en bemarkingsveldtogte te ontwikkel en te implementeer.

'n Televisieadvertensie is gedurende die Varsity-bekerwedstryde uitgesaai, en werk het gevorder met die vertolking van die handelsmerkstrategie in 'n kreatiewe toepassing.

Die Institusionele Bestuur het die veldtogkonsep en 'n nuwe slagspreuk op 29 Augustus 2012 goedgekeur. Manifesboodskappe is deur 'n interne bewusmakingsveldtog gekommunikeer en verskeie gedrukte advertensies asook bemarkingsmateriaal is ontwikkel.

**➞ Belyning van ons strategieë**

Die derde aksieplan was om kommunikasie-, bemarkings- en publisiteitstrategieë in ooreenstemming met die hersiene posisionerings- en boodskapstelsel te ontwikkel en te implementeer. Dit sal verseker dat doelstellings verwesenlik word, sleutelbelanghebbendes op toepaslike wyse behandel word en belyning met die beeld en visie van die handelsmerk bewerkstellig word.

## ons koester ons alumni en konvokasie

Die NWU-konvokasie is besig om 'n alumnivereniging tot stand te bring wat met die koördinering en korporatiewe bestuur van die alumnikantoor by die Institusionele Kantoor en op die onderskeie kampusse behulpsaam sal wees. Die konvokasie is ook besig om vir die eerste alumnitoekennings voor te berei. Die NWU is baie trots op sy alumni en is besig om die alumnitoekennings in te stel om aan hulle erkenning vir hul loopbaanprestasies en hul voorbeeldige bydraes tot die gemeenskap te verleen. Die eerste alumnitoekennings sal gemaak word tydens 'n galadinee wat in 2013 beplan word.

## institusionele ontwikkeling

Die nuwe kantoor vir institusionele ontwikkeling mik daarvoor om vars beleggings te lok deur sterk verhoudinge met belanghebbers te bou en private fondsinsamelingsgeleenthede te ontsluit. Institusionele ontwikkelingsaktiwiteite gedurende 2012 het die totstandbrenging ingesluit van 'n Bevorderingsprojekte-evalueringskomitee om doeltreffende kommunikasie en samewerking tussen die Institusionele Bestuur en die kampusse oor aangeleenthede van alumniverhoudinge en ontwikkeling (fondsinsameling) te verseker. 'n Mini-inbelsentrum is ook tot stand gebring om te help om die alumnidatabasis by te werk. In nege maande het die oproepsentrum daarin geslaag om byna 9 000 alumniprofiele by te werk.

## naamsverandering

Teen die einde van 2012 het die Institusionele Bestuur die naamsverandering van Korporatiewe Sake en Verhoudinge na dié van Institusionele Bevordering goedgekeur. As deel van die naamsverandering is die struktuur van die afdeling hersien.

Die hersiene struktuur sal in 2013 geïmplementeer word om die afdeling se prosesse te stroomlyn en enige tekortkominge die hoof te bied.

Die verandering bring die afdeling in ooreenstemming met beste praktyk in hoëronderwysinstellings en verseker die direkte betrokkenheid van die visekanselier.

## verklaring van selfevaluering van die prestasie van die visekanselier

Alle NWU-aktiwiteite in 2012 is op die Institusionele Plan gebaseer, wat 'n rollende driejaarplan is. Die Institusionele Plan maak die prestasie-ooreenkoms tussen die Raad en die visekanselier uit en word terselfdertyd op toepaslike wyse in die prestasie-ooreenkomste van bestuurders op alle vlakke binne die NWU toegepas. As visekanselier het ek my verantwoordelikhede ingevolge my prestasieooreenkoms met die ondersteuning van die Raad deur toereikende verslagdoening nagekom – en aan die einde van die jaar in 'n evalueringsessie – tot die klaarblyklike tevredenheid van die voorsitter, die adjunkvoorsitter van die Raad en die voorsitter van die Finansiële Komitee.

## slot

Ek spreek graag my dank uit teenoor al die studente en personeel wat tot hierdie uitnemende prestasie bygedra het. Nege jaar ná die samesmelting is ons kernbesigheid gesond en groei dit. As daar na sleutelprestasiegebiede in hierdie verslag gekyk word, is dit duidelik dat die NWU se missie om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, binne bereik is. Ek bedank ook graag die Raad, die voorsitter van die Raad en die Uitvoerende Komitee, wat bestuur op kritiese maar konstruktiewe wyse ondersteun het.




DR T ELOFF
VISEKANSELIER



# finansiële stabiliteit

waarde toegevoeg
tot die ekonomie





14 669
studente kry grade/diplomas

R120,1 miljoen
beurse uit NWU-fondse

R277,9 miljoen
belê in eiendom,
aanleg en toerusting





16%
toename in totale inkomste
uit herhalende aktiwiteite

R104 miljoen
netto surplus

**41%** → **45%**

2011 2012

toename in akademiese
personeellede met PhD's
MAFIKENGKAMPUS

**2**

navorsers met **A**-graderings van die NNS

↓

vooraanstaande internasionale navorsers



**15**

navorsers met **B**-graderings van die NNS

↓

internasionaal geloofde navorsers

POTCHEFSTROOMKAMPUS

**82%**

gemiddelde slaagsyfer vir alle modules

VAALDRIEHOEKKAMPUS

Meer as

**10 000**

name in alumni-databasis

VAALDRIEHOEKKAMPUS

**R166 200**

NNS-navorsingstoekenning
vir Bedryfspsigologie
MAFIKENGKAMPUS

**34**

akademiese skole

**25**

navorsingsentiteite (totaal)

POTCHEFSTROOM-
KAMPUS

**513%**

toename in

**media dekking**




POTCHEFSTROOM-
KAMPUS

**2008** → **2012**

5 sportkodes 13 sportkodes

VAALDRIEHOEKKAMPUS

**5 000**

graad 12-leerders
van

**47**

skole
by ope week

MAFIKENGKAMPUS

# ons kampusse


mafikengkampus ....................................................82

potchefstroomkampus ............................................86

vaaldriehoekkampus ...............................................92

# mafikengkampus

## prestasies ten opsigte van die kampusplandoelstellings

Die volgende prestasies wat betref die kampusplan is in 2012 behaal:

- 'n Nuwe fokusarea genaamd Materiaalwetenskap-innovasie en  Modellering is vir die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie goedgekeur.
- Die kampsnavorsingsuitset het van 163 tot 197 eenhede toegeneem en 'n teiken van 0,83 eenhede per akademiese personeellid is bereik.
- Die getal akademiese personeellede met 'n doktorsgraad as hoogste kwalifikasie het van 41% in 2011 tot 45% toegeneem.
- Die getal postdoktorale genote het van 14 in 2011 tot 23 in 2012 toegeneem.

## kampushoogtepunte

- Drie akademici het nasionale toekennings vir hul uitstaande bydraes op hul gebiede ontvang. Dr Lebo-hang Katata is as die Invloedrykste Vrou in Wetenskap in Suid-Afrika benoem, me Annah Rakhudu het die HELTASA Uitstaande Onderrig/Leer-toekenning ontvang en prof Eno Ebenso het die 2012-toekenning vir Internasionale Leierskap in Navorsing gewen.
- 'n Aantal personeellede het pryse, toekennings of ander vorme van erkenning ontvang:
    - Prof Nicolene Barkhuizen van die Departement Bedryfpsigologie het 'n NNS-navorsingstoekenning van R166 200 ontvang.
    - Prof Nehemiah Mavetera en me Chipo Mavetera het die Toekenning vir die Beste Referaat op die 19e konferensie van die Internasionale Vereniging vir Besigheidsinligtingsbestuur ("IBIMA") in Spanje ontvang.
- Prof Mashudu Maselesele, voormalige dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, is vanaf Oktober 2012 as Viserektor: Onderrig, Leer en Navorsing aangestel.
- Twee senior regters het die kampus besoek om regstudente toe te spreek. Dit was regter Monica Leeuw, Regterpresident van die Noordwes-afdeling van die Hoër Hof, en regter Bess Nkabinde van die Grondwetlike Hof.
- In Oktober 2012 het twee regstudente, mnr Brewsters Soyaphi en me Sharon Dzwairo, aan die 21e Afrika-skynhofkompetisie in Menseregte by die Universidadé Eduardo Mondlane in Mosambiek deelgeneem. Die NWU-studente het al hul rondtes gewen.
- Toonaangewende akademici van die kampus het belangrike nasionale en internasionale konferensies toegespreek:
    - Prof Jamshid Moori was die hoofspreker by 'n konferensie in Iran oor Groepteorie, en hoofspreker by die Combinatorial Conference by Florida Atlantic-universiteit.
    - Prof Thebe Medupe was die sleutelredespreker by die konferensie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) oor Afrika-astronomie in Pretoria in September 2012.
    - Prof Eno Ebenso was 'n volsessiespreker by die 2e Internasionale Konferensie vir Berekening in Wetenskap en Tegnologie in Nigde, Turkye.
- Die kampus het twee musikante vir hul bydrae tot die musiekbedryf en hul rol in die bevordering van menseregte en maatskaplike geregtigheid deur musiek vereer. Hulle is adv Steve Kekana en mnr Babsy Mlangeni.
- In samewerking met die SAUK en Medi Publishing het die Mafikengkampus 'n nuwe eentalige Setswana-woordeboek, saamgestel deur prof Thapelo J Otlogetswe, van stapel gestuur.

## inleiding

Een van die beste kenmerke van die Mafikengkampus is die sin van 'n gemeenskaplike doel en gedeelde bestemming tussen die kampus en die gemeenskappe wat deur die kampus bedien word.

Die affiniteit van die kampus vir sy belanghebbendes het duidelik uit alle aspekte van sy bedrywighede in 2012 gespreek, vanaf die aard van die navorsing wat uitgevoer is tot die vennootskappe wat vir gemeenskapsverbintenis gevorm is. Die kampus se navorsingsfokus was hoofsaaklik op landelike ontwikkeling en armoedeverligting en het plaaslike, streeks- en nasionale prioriteite weerspieël.

Die kampus lewer ook 'n toenemende bydrae tot vaardigheidsontwikkeling en kennisoordrag. Gedurende die jaar is 2 403 kwalifikasies toegeken, wat 14% meer as in die vorige jaar was. In die geheel was 2012 'n bevredigende jaar vir die Mafikengkampus, wat die vermoë gedemonstreer het om strategie doeltreffend uit te voer en die teikens te behaal wat in die Kampusplan gestel word.

## studente-inskrywings 2012

| | |
|---|---|
| Voorgraadse studente | 8 866 |
| Geleentheidstudente | 14 |
| Honneursstudente | 481 |
| Nagraadse diploma/sertifikaat-studente | 242 |
| Meesterstudente | 639 |
| Doktorale studente | 194 |
| Totaal | 10 256 |

## samestelling van voorgraadse studente in 2012

| | | |
|---|---|---|
| Eerstejaars | Kontak | 2 272 |
| | Afstand | 71 |
| Seniors | Kontak | 4 886 |
| | Afstand | 1 471 |

## diplomas en grade in 2012 toegeken

| | |
|---|---|
| Sertifikate en diplomas | 927 |
| Baccalaureusgrade | 1 056 |
| Honneursgrade | 291 |
| Meestersgrade (insluitende MBA) | 115 |
| Doktorsgrade | 14 |
| Totaal | 2 403 |

## gegradueerdes per fakulteit in 2012

| | |
|---|---|
| Fakulteit Handel en Administrasie | 609 |
| Fakulteit Opvoedkunde | 866 |
| Fakulteit Regte | 84 |
| Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe | 389 |
| Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie | 455 |
| Totaal | 2 403 |

## onderrig-leer-aktiwiteite

Die Mafikengkampus streef daarna om 'n instaatstellende akademiese omgewing te skep waarin studente hul potensiaal kan ontdek en personeel lonende loopbane kan bou.

### ➞ Ontwikkeling van akademiese personeel

Gedurende 2012 het 25 akademici van verskillende fakulteite fase 2 van die Institusionele Kursus vir nuwe dosente bygewoon. (Hierdie kursus stel nuwe dosente aan beste praktyke in onderrig en leer bekend en knap die vaardighede van ervare dosente op.) As deel van die professionele ontwikkeling van dosente is 13 kapasiteitsbouwerkswinkels oor relevante navorsings- en onderrig-leer-onderwerpe aangebied.

Altesaam 18 dosente het Institusionele toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) ontvang. (ITOU is 'n inisiatief vir akademiese personeel om hulle te inspireer om hul onderrigvaardighede te ontwikkel.)

Vyf dosente is gekies as ontvangers van die Rapport-toekennings vir Topdosente vir die NWU se mees inspirerende dosente.

### ➞ Akademiese ontwikkeling van studente

Al vyf fakulteite het gedurende die jaar van Aanvullende Onderrig ("SI") gebruik gemaak, met die Fakulteit Handel en Administrasie wat die grootste gebruiker van SI was, gevolg deur die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie.

Die Skryfsentrum het studente oor akademiese dissiplines en studievlakke heen bygestaan met die verbetering van hul akademiese skryfvaardighede. Altesaam 279 studente het die sentrum in 2012 besoek.

'n Mentorskapprogram vir eerstejaarstudente is in 2011 begin en in 2012 voortgesit. In hierdie aanvanklike stadium is dit 'n loodsprojek in die Fakulteit Handel en Administrasie en die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie en is dit gerig op studente in die eerste jaar van die verlengde graadprogram.

Eerstejaarstudente is gedurende die oriëntasieprogram oor eFundi ingelig en basiese eFundi-opleiding is in Februarie en Maart in 2012 aangebied. Die kampus het 412 aktiewe werwe in 2012 gehad.

Altesaam 2 344 studente het aan die Klickers-program deelgeneem. (Hierdie program stel studente aan basiese rekenaargeletterdheidsvaardighede bekend.)

### ➞ Kwaliteitsversekering

Interne en eksterne evaluerings is op verskeie programme uitgevoer. Dit het gepaard gegaan met kampusbesoeke deur die betrokke professionele liggame. Vir meer besonderhede van die evaluerings wat in 2012 gedoen is, raadpleeg die Senaatsverslag, bladsy 38 en 39.



**➞ Programme goedgekeur**

Vier nuwe voorgraadse programme en vier nagraadse programme is vir die Mafikengkampus goedgekeur. Een van die nagraadse programme is 'n PhD in Arbeidsverhoudinge en sal vanaf 2014 aangebied word.

**➞ Uitvalsyfers**

Voorgraadse eerste-inskrywing-eerstejaars:

| Duur van kwalifikasie | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 jaar | 16% | 16% | 15% | 14% | 16% | 13% | 15% |
| 4 jaar | 18% | 11% | 12% | 7% | 7% | 12% | 11% |

## navorsingsaktiwiteite

In onlangse jare het die Mafikengkampus sy navorsingsuitset egalig verhoog en die navorsingsvaardighede van akademici en nagraadse studente egalig opgebou. Die gevolg hiervan was duidelik in die toename in die getal NNS-gegradeerde navorsers op die kampus, die deelname van personeel as sprekers by nasionale en internasionale konferensies en die erkenning wat navorsers ontvang het.

**➞ Navorsingsteun**

In Augustus 2012 het die Sentrum vir Navorsing oor Evaluering, Wetenskap en Tegnologie ("CREST") by Stellenbosch-universiteit 'n navorsingswerkswinkel op die Mafikengkampus aangebied. Ongeveer 30 personeellede van al die fakulteite het die werkswinkel bygewoon, wat op nagraadse studieleiding gefokus het.


**➞ NNS-gegradeerde navorsers**

Die onderstaande tabel verskaf detail oor gegradeerde navorsers per kategorie:

| Kategorie | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|
| B | - | - | 1 | 1 |
| C | 1 | 2 | 6 | 10 |
| L | 1 | 1 | 1 | 0 |
| Y | 1 | 1 | 1 | 2 |
| Totaal | 3 | 4 | 9 | 13 |

**➞ Navorsingsuitsette**

Uit die volgende grafiek is dit duidelik dat navorsingsuitsette wesenlik in 2011 en 2012 gegroei het, met al vyf fakulteite wat daartoe bygedra het. Dit is opmerklik dat die navorsingsuitset per fakulteit duidelik in 2012 toegeneem het.




**➞ Postdoktorale genote**

Die getal postdoktorale genote het in 2012 met nege toegeneem.

| 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| - | 1 | 2 | 3 | 6 | 14 | 23 |

**➞ Navorsingsentiteite**

'n Nuwe navorsingsfokusarea is goedgekeur, naamlik MaSIM (Materiaalwetenskap-innovasie en Modellering). Vir 'n lys van die navorsingsentiteite op die Mafikengkampus, raadpleeg bladsy 45 in die Senaatsverslag.

## implementering van kundigheid

Die Mafikengkampus het gedurende die jaar kundigheid met ander instellings, statutêre liggame, belanghebbendes en die nywerheid gedeel en op omvangryke wyse saamgewerk. 'n Aantal wesenlike tenders, wat in waarde van R500 000 tot ongeveer R10 miljoen gewissel het, is aan die kampus toegeken.

Om kleinskaalse boere rondom Mafikeng by te staan om toegang tot markgeleenthede te verkry, het die Skool vir Landbouwetenskappe aan die Mafikeng-boeremark in die Ngaka Modiri Molema-distrik deelgeneem.

Dit was in vennootskap met die Provinsiale Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling (DLLO), Mafikeng-munisipaliteit en Megacity-winkelkompleks. 'n Tweede mark, Taung-boeremark, is in die Dr Ruth Segomotsi Mompati-distrik van stapel gestuur. Die Skool vir Landbouwetenskappe is 'n vennoot, tesame met die DLLO en die Groter Taung-munisipaliteit.

Die Regsfakulteit was baie aktief om hul kundigheid aan belanghebbers beskikbaar te stel. Prof Melvin Mbao is deur die regering van die Republiek van Zambië aangestel om hom aan te sluit by 'n hoëvlakkomitee van kundiges om by die tegniese komitee vir die opstel van 'n nuwe grondwet vir Zambië aan te sluit.

Die Sentrum vir Gemeenskapsreg het regsdienste vir behoeftige mense verskaf en het 'n baie groot kliëntebasis nie net in Mafikeng nie, maar ook in die naburige gemeenskappe van Atamelang, Coligny, Lehurutshe en Vryburg bedien.

## bemarking en werwing

In April 2012 het die kampus sy eerste ope week vir Graad 12-leerders aangebied. Ongeveer 5 000 leerders

van 47 skole het die geleentheid bygewoon, wat 'n loopbaanuitstalling en 'n kampustoer ingesluit het. Later, in Julie, het die kampus 'n Winterskool vir 1 050 Graad 12-leerder aangebied. In Gauteng het 200 toppresterende leerders in Wiskunde en Wetenskap 'n opedag bygewoon wat deur die kampus gereël is, terwyl 134 leerders in Limpopo 'n soortgelyke gebeurtenis bygewoon het.

Hierbenewens het die departement tot die Ikateleng-projek vir Graad 12's op Saterdae bygedra. Ná slegs een jaar op die lug het die radiostasie NWU FM (105.5) daarin geslaag om 56 000 luisteraars te lok.

## studentesake op kampus

### ➞ Studentebestuur

Op 23 Junie 2012 het die Institusionele VSR 'n spesiale sitting gehou oor evaluering van die moontlikheid om die huisreëls vir die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus goed te keur. Die Mafikengkampus se Grondwet (huisreëls) is egter steeds geldig bevind.

'n Induksiesessie is in November 2012 vir die nuutverkose Kampus-VSR en sy substrukture gehou.

### ➞ Welstand en berading

Die Gesondheidsentrum het 'n verskeidenheid primêre gesondheidsorgdienste soos die behandeling van geringe aandoenings, gesinsbeplanning en vrywillige toetsing vir MIV en tuberkulose voorsien. Gedurende die jaar het meer as 130 studente op die kampus vrywillige toetsing en berading ondergaan.

Baie personeellede het van voorkomende dienste soos Pap-smere gebruik gemaak en het belangstelling in die mansgesondheidveldtog getoon.

'n Mentorskapprogram voorsien elke eerstejaarstudent van 'n ondersteunende omgewing wat 'n gladde oorgang van die hoërskool na die universiteit moontlik maak, akademies sowel as sosiaal, en 'n omgewing vir leiding en steun bied.

Die afdeling Studente-akademiese Ontwikkeling bied akademiese ontwikkeling en steun aan studente op alle vlakke. Aktiwiteite en programme sluit Aanvullende Onderrig, die Leeslaboratorium, die Skryfsentrum en Navorsingsondersteuning in. Hierbenewens speel individuele konsultasies ook 'n noodsaaklike rol. Ewe-kniehelpers het steeds die departement bygestaan om emosionele maats vir ander studente te wees. Hulle het reeds studente met probleme na die eenheid verwys.

### ➞ Antimisdaad-bewusmakingsprogram

Gedurende Mei 2012 is 'n skerp styging in kriminele aanvalle waargeneem op studente wat in die breër Mahikeng-gebied woonagtig is. In reaksie hierop het die kampus kragte met verskeie belanghebbers saamgesnoer en 'n suksesvolle antimisdaad-bewusmakingsoptog gereël. Hulle het 'n onderneming onderteken om misdaad te bekamp en het 'n petisie aan die speaker van die Noordwes Provinsiale Wetgewer en die premier van die provinsie voorgelê.

### ➞ Kulturele aktiwiteite en prestasies

Die kampus het Afrika-vryheidsdag op 24 en 25 Mei 2012 gevier, met die tema "Verlede, hede en toekoms". Die feestelikhede het 'n aanbieding ingesluit deur die LUR vir Sport, Kuns en Kultuur, Tebogo Modise, oor die geskiedenis en belangrikheid van Afrika-vryheidsdag.

Ander sprekers was prof S Gutto van Unisa en mnr Molema van Barolong Boora Tshidi Tradisionele Owerheid. Die Kampus-VSR het Vryheidsdag saam met die Kultuurunie op 26 April 2012 gevier.

In April 2012 het die Progressive Youth Alliance Che Guevera-dag herdenk, wat gepaard gegaan het met die bekendstelling van 'n boek oor die Argentynse revolusionêr.

Die 'Freshers Bash' vir eerstejaarstudente is op 28 April 2012 gehou. Die VSR van die Vaaldriehoekkampus en die Institusionele VSR was deel van die vieringe.

### ➞ Sportaktiwiteite en prestasies

Atlete van die kampus het in 2012 uitstekende prestasies gelewer:

- ⇨ Die aërobiese-oefeningespan het vyf goue medaljes, twee silwer medaljes en twee brons medaljes van die USSA Institusionele Aërobiese Oefeninge-kompetisie by die Universiteit van KwaZulu-Natal huis toe gebring.
- ⇨ Die Kampus het die 2012-USSA-liggaamsbou-kampioenskappe aangebied en het twee goue medaljes, twee silwer medaljes en 'n brons gewen. Die NWU-span het ook die algehele titel verower.
- ⇨ Die dameskaakspan het die vierde plek by die USSA-skaaktoernooi verower, wat by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in Port Elizabeth aangebied is.
- ⇨ Die karatespan het 'n silwer en 'n bronsmedalje verower by die USSA Institusionele Karate-kompetisie wat by die Universiteit van Johannesburg aangebied is.
- ⇨ By die USSA Institusionele Kompetisie het die gemengdedubbels-tafeltennisspan die vierde algehele plek ingeneem, en so ook die damespan.
- ⇨ Itumelang Mpa het die Noordwes-provinsie by die o/23 Nasionale Atletiekkampioenskap verteen-woordig en het 'n silwer medalje in die 4 x 400 m-aflositem gewen.

## slot

Een van die grootste suksesverhale by die Mafikeng-kampus oor die afgelope paar jaar was die beduidende toename in navorsingsuitset. Dit styg nog elke jaar en in 2012 het dit van 163 tot 197 eenhede toegeneem.

Nog 'n positiewe ontwikkeling was verhoogde een-dragtigheid en trots op die kampus onder personeel en studente. Om die waarheid te sê, die kampus was 'n sleutelrolspeler in interkampussport, met 217 personeellede wat in 2012 deelgeneem, vergeleke met 111 in 2011. Op alle fronte, van navorsing en die akademie tot sport en finansiële prestasie, was 2012 'n uitnemende jaar vir die Mafikengkampus.



PROF DAN KGWADI
KAMPUSREKTOR: MAFIKENG

# potchefstroomkampus

## prestasies ten opsigte van die kampusplandoelstellings

In 2012 het die kampus die meeste van sy teikens vir onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid behaal of oortref.

Van die belangrikste prestasies sluit die volgende in:

- Die Eenheid vir Oop Afstandsleer is tot stand gebring.
- 'n Rekordgetal studente, 42 338, het in 2012 ingeskryf.
- Twee nuwe NNS-navorsingsleerstoele is aan die kampus toegeken, wat ook verskeie nuwe navorsingsentiteite tot stand gebring het.

  Die kampus het ook 'n gesonde toename in navorsingsuitsette behaal.
- Onnodige rompslomp is waar moontlik verwyder.
- Die kampus het 'n premie op samewerking met ons susterkampusse geplaas en het daarop gefokus om verhoudinge met nasionale, provinsiale en plaaslike regering te verbeter, sowel as met die sakesektor.

## kampushoogtepunte

- Die Normbepalingsentrum vir Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid is amptelik van stapel gestuur om voordele aan gemeenskappe in die mynbousektor te bied.
- Die Studentejool-gemeenskapsdiens het 'n tweede plek in die MacJannet-prys vir Wêreldwye Burgerskap verower en het $5 000 ter ondersteuning van hul programme en aktiwiteite ontvang. Die MacJannet-prys word deur die Talloires Netwerk by Tufts-universiteit in die Verenigde State gereël.
- Die NWU-sonkarspan van die Fakulteit Ingenieurswese is as die gesamentlike wenner van die SASOL-sonkrag-uitdaging aangewys, tesame met Tokai-universiteit, die huidige wêreldkampioen.
- Die Potchefstroomse Sakeskool (PSS) het die Leierskapstoekenning vir Sakeskole by die 2012-wêreldonderwyskongres in Taj Lands End in Mumbai, Indië ontvang.
- Prof TT Cloete, 'n bekende digter, skrywer en ereprofessor, het 'n aantal van sy oorspronklike manuskripte aan die Ferdinand Postma-biblioteek geskenk.
- Prof Louis du Preez van die Skool vir Omgewingswetenskappe het gedurende 'n navorsingsbesoek aan die reënwoude van Suid-Amerika vyf nuwe platwurmparasiete in verskillende spesies ontdek.
- Die NWU het aan Swem Suid-Afrika (SSA) 'n borgskap van R360 000 gegee ten einde die span van 25 in staat te stel om die land by die FINA-wêreldkortbaankampioenskap in Istanbul, Turkye, te verteenwoordig.
- Prof LJ Grobler, dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, was die wenner van die 2012 Groen Nywerheidsleier-kategorie van die Green Supply Chain-toekennings.
- Die Skool vir Omgewingswetenskappe het die 9e Gekombineerde Kongres van die Grondwetenskapvereniging van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gewasproduksie en die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Onkruidwetenskappe vir 2012 aangebied.
- Terseus Liebenberg, NWU-atletiekafrigter, is vir die tweede jaar agtereenvolgens deur die SA Vereniging van Atletiekstatistici (SAAS) as Atletiek SA se Afrigter van die Jaar (2011) genomineer.

## inleiding

Met meer as 42 000 studente, 34 akademiese skole en altesaam 25 navorsingsentiteite is die kampus groot en divers. Die gladde, gekoördineerde funksionering hang in geen geringe mate nie af van die vermoë van die samestellende dele om hulself as deel van 'n groter geheel te sien, wat almal saamwerk om gemeenskaplike doelwitte te bereik.

Op grond van die algehele prestasie van die kampus was 2012 'n rekordjaar en het ons rede om uiters trots op ons talentvolle en innoverende personeel en studente te wees.

Die kampus het talle mylpale behaal en baie toekennings ontvang, terwyl daar steeds vordering gemaak is om 'n navorsingsgerigte kampus te word waar onderrig-leer en navorsing mekaar onderling versterk.

Gedurende 2012 was daar duidelik 'n lewenskragtige studentelewe op die kampus. Die Verteenwoordigende Studenteraad het studentebestuur verstewig deur sekere portefeuljes te herstruktureer en elke enkele koshuistradisie te evalueer.

Op die gebied van sport en kultuur het studente dwarsoor die kampus in nasionale en internasionale geleenthede uitgeblink.

## studente-inskrywings 2012

| | |
|---|---|
| Voorgraadse studente | 30 312 |
| Geleentheidstudente | 121 |
| Honneursstudente | 7 573 |
| Nagraadse diploma/sertifikaat-studente | 1 603 |
| Meesterstudente | 1 986 |
| Doktorale studente | 743 |
| Totaal | 42 338 |

## samestelling van voorgraadse studente in 2012

| | | |
|---|---|---|
| Eerstejaars | Kontak | 3 484 |
| | Afstand | 249 |
| Seniors | Kontak | 10 724 |
| | Afstand | 15 974 |

## diplomas en grade in 2012 toegeken

| | |
|---|---|
| Sertifikate en diplomas | 5 265 |
| Baccalaureusgrade | 2 975 |
| Honneursgrade | 2 183 |
| Meestersgrade (insluitende MBA's) | 507 |
| Doktorsgrade | 125 |
| Totaal | 11 055 |

## gegradueerdes per fakulteit in 2012

| | |
|---|---|
| Fakulteit Lettere en Wysbegeerte | 319 |
| Fakulteit Regte | 309 |
| Fakulteit Natuurwetenskappe | 594 |
| Fakulteit Teologie | 127 |
| Fakulteit Opvoedingswetenskappe | 6 420 |
| Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 1 433 |
| Fakulteit Ingenieurswese | 301 |
| Fakulteit Gesondheidswetenskappe | 1 552 |
| Totaal | 11 055 |

## onderrig-leer

Om 'n instaatstellende omgewing vir studente en personeel te skep, het die kampus daarop gefokus om deurlopend uitstaande onderrig-leer-programme te lewer, terwyl kwaliteit en doeltreffendheid verbeter word.

→ **Ontwikkeling van akademiese personeel**

Die jaarlikse Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) is vir nuutaangestelde akademici aangebied, en bykomende opleiding is oor onderwerpe soos evaluering en moderering gedoen. In 2012 het 72 dosente IKND-fase 1 en 2 bygewoon.

In 2012 het 34 dosente aan die jaarlikse Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid- (ITOU-) proses deelgeneem, 10 meer as gedurende die vorige jaar. Van die 34 dosente wat deelgeneem het, het 31 ITOU-toekennings ontvang.

Gedurende 2012 is 24 dosente gekies as ontvangers van die *Rapport*-toekennings vir Topdosente, vir die NWU se mees inspirerende dosente.

→ **Akademiese ontwikkeling en ondersteuning van studente**

Risikomodules is geïdentifiseer op grond van eksamenuitslae en bestuursinligting en is daarna deur Aanvullende Onderrig die hoof gebied, wat in 176 modules beskikbaar was. Altesaam 14 807 studente het aan 4 315 sessies deelgeneem.

Die Taakspan vir Onderrig-Leer-Tegnologie het die fakulteite bygestaan om tegnologie in te span. Dit het die aanbieding van 'n driedaagse konferensie oor Uitnemende Onderrig-leer en Innovasietegnologie vir die gebruik van tegnologie in die lesinglokaal ingesluit.

Die Leeslaboratorium, wat studente bystaan om hul lees- en leervaardighede te ontwikkel, het 3 576 studente hanteer. Studente kan leesopleiding in Engels of Afrikaans ontvang.

Die deurvloeisyfer is gereeld in al die fakulteite gemoniteer en waar afwykings van fakulteitsnorme geïdentifiseer is, is dit opgevolg en reggestel.

Die Fakulteit Ingenieurswese het die eerste groep Graad 12-leerders vir die Wetenskap, Ingenieurswese, Tegnologie en Gesondheid-Akademie ("SETH"-Akademie) geregistreer, waar beroepslui en dosente spesiale middagprogramme aanbied. Hierbenewens werf die kampus senior studente om kleingroepfasilitering vir eerstejaarstudente te doen wat akademiese probleme ondervind.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe het begin om twee nuwe Landbouprogramme, Agronomie en Landbou-ekonomie, te ontwerp.



Die ruimtetoewysing by die Ferdinand Postma-biblioteekgebou word deur 'n ruimtelike argitek hersien. In fase 1 van die projek sal gemeenskaplike navorsingsruimtes ingestel word om navorsing deur die voorsiening van 'n pasgemaakte omgewing vir alle nagraadse studente te ondersteun.

### ➞ Kwaliteitsversekering

'n Aantal formele interne en eksterne programevaluerings is by skole op die kampus afgehandel. Verder is maatreëls in spesifieke omgewings getref om kwaliteit oor die algemeen te verbeter, soos in die Eenheid vir Omgewingswetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe, waar kortkursusse aangebied word. Vir meer besonderhede, raadpleeg bladsy 38 en 39 in die Senaatsverslag.

### ➞ Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL)

Afstandsonderrig in Suid-Afrika, en veral by die NWU, is besig om 'n opwindende nuwe fase te betree met die totstandbrenging van die Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL) op die Potchefstroomkampus.

Hierdie eenheid sal die NWU posisioneer as 'n leier in afstandsonderrig in Suid-Afrika en sal amptelik vanaf 1 Januarie 2013 begin funksioneer.

Ter voorbereiding hierop het Natuurwetenskappe, Regte, Lettere en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe almal onderneem om programme vir aanlyn- en afstandsaflewering te ontwikkel.

Tegnologiese innovasie is van kritieke belang in onderrigleer, ongeag of dit deur kontakmetodes of afstandsaflewering plaasvind.

Die EOAL sal interaktiewe witbord-tegnologie gebruik om lesings aan te bied wat na studiesentrums regdeur Suid-Afrika uitgesaai sal word.

Ander prioriteite in die kampus se afstandsafleweringstrategie is kwaliteitsversekering, die uitbreiding van programme na die lande binne die Suider-Afrikaanse Ontwikkelings-gemeenskap, samewerking met die NWU se twee ander kampusse en planne om 'n eenvormige akademiese administrasiestelsel vir alle afstandstudente te ontwikkel.

### ➞ Uitvalkoerse

| Duur van kwalifikasie | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 jaar | 10% | 10% | 11% | 11% | 12% | 9% | 10% |
| 4 jaar | 11% | 8% | 11% | 12% | 9% | 8% | 7% |

Voorgraadse eerste-inskrywing-eerstejaars

## navorsingsaktiwiteite

Gedurende 2012 het die Potchefstroomkampus sterk daarop gefokus om 'n navorsingsgerigte kampus te word waar uitnemendheid in onderrig-leer en navorsing mekaar onderling versterk. Die kampus se navorsingsuitset vir die jaar was hoër as in 2011, met beduidende stygings in vaktydskriftipes en verwysings.

### ➞ Navorsingsondersteuning


Gedurende 2012 is strategiese fondse toegewys vir navorsers wat sabbatsverlof oorsee neem, asook vir internasionale besoekende wetenskaplikes. Addisionele beurse is aan internasionale meesters- en doktorsgraadstudente beskikbaar gestel, veral vir internasionale studente van die lande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG).

Twee navorsingsleerstoele is deur die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT)/Nasionale Navorsingsinstituut (NNI) en die NNS goedgekeur. Dit is die Leerstoele in Hipertensie in Afrika en Steenkoolnavorsing.

'n Eskom-leerstoel in Vrystellingsbeheer ten bedrae van R3,5 miljoen per jaar is goedgekeur. Verder is die Leerstoel in Kerningenieurswese vir 'n verdere termyn goedgekeur en is prof Markus Boettcher uit die VSA in die Leerstoel in Astrofisika en Ruimtewetenskap aangestel.

### ➞ Publikasie-uitsette

Navorsingsuitset het in 2012 aansienlik toegeneem, soos in die volgende grafiek aangetoon.




### ➞ Postdoktorale genote

Die getal postdoktorale genote het van 71 2011 tot 88 in 2012 toegeneem.

| 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 18 | 32 | 35 | 42 | 58 | 71 | 88 |

### ➞ NNS-gegradeerde navorsers

Gegradeerde navorsers per kategorie soos op 31 Desember 2012 was soos volg:

| Kategorie | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|
| A | 2 | 2 | 2 | 2 |
| B | 12 | 11 | 13 | 15 |
| C | 70 | 70 | 74 | 79 |
| L | 3 | 3 | 2 | 2 |
| P | 1 | 1 | - | 1 |
| Y | 20 | 20 | 16 | 17 |
| Totaal | 108 | 107 | 107 | 116 |

**➞ Navorsingsentiteite**

In Julie 2012 het die NWU-raad die totstandbrenging van 'n Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform (DWT/NWU "PCDDP") goedgekeur. As deel van hierdie platform is 'n grootskaalse opgradering van die vivarium voltooi.

Die Sentrum vir Waterwetenskap en -Bestuur is by die Normbepalingsentrum vir Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid formeel van stapel gestuur, en so ook die Sentrum vir Korporatiewe Bestuur, wat korporatiewe bestuur in regering, veral plaaslike regering, ondersoek.

'n Nuwe navorsingfokusarea is goedgekeur, naamlik INSINQ (Kwaliteit in Verpleegkunde en Verloskunde) en 'n nuwe nisarea, naamlik TRADE (Handel en Ontwikkeling). Vir 'n lys van die navorsingsentiteite op die Potchefstroomkampus, raadpleeg bladsy 45 in die Senaatsverslag.

## implementering van kundigheid

Gedurende 2012 is 'n wye verskeidenheid projekte onderneem om gemeenskappe te dien en op te hef.

Die Sentrum vir die Tekstegnologie (CTexT®) het 1 700 taalaanleer-programmatuureenhede vir isiXhosa, isiZulu, Afrikaans en Setswana aan African Health Placements geskenk, wat mediese praktisyns in landelike gebiede plaas.

Die Afrikasentrum vir Rampstudies ("ACDS") het die Girls in Risk Reduction-leierskapsprojek in Orkney en Potchefstroom voortgesit, wat jong mense in staat gestel het om te leer oor rampbestuur.

Sewe van die personeellede van die Fakulteit Teologie het aan die Bybelvereniging se Nuwe Brontaalgerigte Afrikaanse Bybelvertalingsprojek deelgeneem.

Daarby het die Regsfakulteit voortgegaan om die Rooigrond-gemeenskap behulpsaam te wees om hul sosio-ekonomiese regte te verwesenlik deur versoeke van die gemeenskap aan die provinsiale en nasionale regering en aan parlementêre leiers te rig. Die Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging (SGV) by die Fakulteit Ingenieurswese het gewerk aan 'n biodieselprojek wat diesel vir voertuie in die pendeldiens op die kampus sal voorsien.

Die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR) het 'n gemeenskapsverbintenis-komponent waarin nagraadse studente opgelei word. Dieselfde geld vir gemeenskapsontwikkelingsprogramme soos Farm Labour and General Health (FLAGH) en MIV-stigmatisering.

Net so moniteer die Simpatiese Aktiwiteit en Ambulante Bloeddruk in Afrikane- (SABPA-) projek van die Hipertensie in Afrika-navorsingspan ("HART") die kardiovaskulêre gesondheid van Potchefstroomse onderwysers en bied vir hulle streshanteringswerkswinkels aan.

Die Potchefstroomse Sakeskool se Adviesburo vir Kleinsake (ABKS) het 'n samewerkingsooreenkoms met die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) aangegaan om lede van sakekamers op te lei om die ABKS-program in Entrepreneursvaardighede aan te bied.

Die Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie (NINF), wat die Sentrum vir Kwaliteitsversekering van Geneesmiddels (CENQAM) insluit, het hul ISO 17025-akkrediteringstatus behou. Hierdie laboratorium is die grootste geakkrediteerde farmaseutiese toetslaboratorium in Suid-Afrika asook die enigste van sy soort wat met 'n Suid-Afrikaanse universiteit geassosieer is.

Ná 'n oudit deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) is RIIP/CENQAM as 'n WGO-prekwalifiserende laboratorium vir die monitering van die kwaliteit van geneesmiddels vir die WGO se Prekwalifikasieprogram bevestig.

## bemarking en werwing

'n Goedgestruktureerde studentewerwingsplan, bestaande uit 'n Graad 9-oueraand, loopbaanuitstallings, Graad 11- en 12-besoeke en individuele besoeke, is geïmplementeer. Hierdie program het daartoe bygedra dat die kampus meer as dubbel die hoeveelheid aansoeke van Graad 12-leerders ontvang het as wat die inskrywingsdoelstelling in die kampusplan was. Die kampus het ook deelgeneem aan die Ikateleng-projek, een van die mees suksesvolle programme vir Graad 12-leerders in die land. Dit is daarop gemik om die algehele eksamenuitslae van histories benadeelde leerders deur addisionele klasse in Wetenskap, Wiskunde en Engels te verbeter en sodoende tersiêre onderrig vir hulle toeganklik te maak.

Die kampus het 513% meer mediadekking as in die vorige jaar ontvang. Die kampus se gemeenskapsprojekte het in 21 media-artikels gefigureer en is ook op twee televisieprogramme genoem.

In 2012 is die handelsnaam-ambassadeur genaamd Pukki suksesvol bekend gestel. Pukki fokus hoofsaaklik op die studentemark. Die Alumni-kantoor het 27 byeenkomste in 2012 gehuisves. Hiervan was die hoogtepunt die reünie van die eerstejaarstudente van die klas van 1962 (50 jaar gelede).

## studentesake op kampus

**➞ Studentebestuur**

Gedurende 2012 het die Studenteraad daarop gefokus om die kwaliteit van studentelewe en -aktiwiteite te verbeter:

- 'n Nuwe portefeulje, interne koördineerder, is geskep. Die doel daarvan is om die Huisreëls van die SR en enige ander wetsvereistes wat studente raak, by te hou.
- Die SR het die Groen Kampus-projek geïnisieer om die belangrikheid van bewaring van die aarde se natuurlike hulpbronne uit te lig.
- Die Joolkomitee is herstruktureer met die oog op groter doeltreffendheid en koste-effektiwiteit.
- Die Menseregtekomitee van die SR het alle koshuistradisies geëvalueer en terugvoer daaroor aan elke huiskomitee gegee.

Die nuwe SR vir 2012/2013 is aangekondig. Slegs vyf van die 15 nuutverkose SR-lede was mans, met mnr Janco Jordaan as die nuwe voorsitter.

**➞ Welstand en berading**

Studenteberadingsdienste (SBD) se oogmerk is om toepaslike koste-effektiewe beradings-, ontwikkelings- en konsultasiedienste tot stand te bring. Die fokus is daarop om die totale ontwikkeling van die individu en

die studentegemeenskap te fasiliteer met die doel om studente toe te rus vir die eise van die arbeidsmark en die werkswêreld.

Hulle ondersteun ook studente om sinvolle studie- en loopbaankeuses te maak, bied werkswinkels oor studie- en lewensvaardighede aan en ondersteun studente met gestremdhede om ten volle deel te hê aan die opvoedkundige en ander fasiliteite wat op die kampus beskikbaar is.

In Julie 2012 het die Potchefstroomkampus ‘n MIV- en VIGS-programkoördineerder aangestel en sodoende hernude verbintenis tot bewusmaking en voorkoming van infeksie onder personeel en studente gedemonstreer.

Vrywillige berading en toetsing was tot die beskikking van die kampusgemeenskap deur die gesondheidsorgsentrum, wat ‘n eenstop primêre gesondheidsorgdiens voorsien en gekwalifiseerde gesondheidsorg-beroepslui in diens het, insluitende ‘n mediese dokter, maatskaplike werker en sielkundige.

Die InGryp-sentrum het krisisingrypings- en beradings-dienste gebied, insluitende MIV-berading en toetsing. Die 24 uur-krisislyn funksioneer baie goed en verseker dat noodgevalle professioneel hanteer word.

### ➞ Kulturele aktiwiteite en prestasies

Die kampus het steeds sy ryk en lewenskragtige tradisie van ondersteuning van die kunste voortgesit. NWU PUK-kunste en die Instituut vir Kunstebestuur en -Ontwikkeling (Artéma) het ‘n baie suksesvolle produksie van die musiekblyspel Grease aangebied.

Die NWU PUK Serenaders-koor was derde in die nasionale Ou Mutual-koorfees in Durban. Die koor het die kategorieë vir die beste dirigent van ‘n groot koor, die beste dirigent van ‘n standaardseksie en die beste Afrika-koor in die standaardkategorie gewen.

Gedurende die Aardklop-kunstefees het die NWU PUK-koor saam met die Johannesburgse Feesorkes en -koor in die produksie van die Stabat Mater deur Rossini gesing. In Julie het die NWU-gallery ‘n spesiale uitstalling van die werk van die internasionaal bekende kunstenaar Roger Ballen aangebied. Die NWU PUK-simfonieorkes het gedurende die jaar drie konsente opgevoer.

Die *Pukki*-talentkompetisie is vir die 29e opeenvolgende jaar aangebied. Studente kon in 13 verskillende kategorieë deelneem.

### ➞ Sportaktiwiteite en prestasies

Die kampus is bevoorreg om vier atlete en een afrigter by die 2012 Olimpiese Spele en Paralimpiese Spele in Londen te kon hê.

Hierdie persone was die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Sunette Viljoen | - | Spiesgooi |
| Casper Schutte | - | Spiesgooi |
| André Olivier | - | 800 meter |
| Sulette Damons | - | Hokkie |
| Terseus Liebenberg | - | Afrigter |

Tydens die kampus se sporterkentlikheidsfunksie is Sunette Viljoen as die Sportvrou van die Jaar benoem, terwyl die Sportman van die Jaar-toekenning aan André Olivier (atletiek) gemaak is.

Die junior toekennings is aan Zandré Kruger (netbal) en John-Roy Jenkinson (rugby) gemaak.

Nie minder nie as 25 sportmense van die kampus het hul nasionale kleure in 2012 vir ‘n breë spektrum van sportsoorte ontvang, vanaf baanatletiek, landloop en spiesgooi tot driesprong, boogskiet, hokkie, netbal en karate.

Baie goeie resultate is in die geheel by die USSA-toernooie van 2012 behaal:

- ⇨ Die kampusrugbyspan het in die tweede plek geëindig by die Sewesrugbytoernooi en die USSA 2012-toernooi, en het in die halfeindrondte van die Varsity Cup-toernooi gespeel.
- ⇨ Vir die tiende maal in 19 jaar het die Traumeel NWU PUKKE-atletiekklub die USSA-atletiektoernooi gewen en 14 goue medaljes huis toe gebring.
- ⇨ By die USSA 2012-hokkietoernooi het die damespan die eerste plek verower, en die manspan was agste.
- ⇨ In fietsry het die NWU PUK-dames die kompetisie asook die Geel- en Groentrui-afdeling gewen, en tweede in die Koningin van die Berge-kompetisie geëindig.
- ⇨ Die karatespan het die USSA-toernooi vir die 13e keer agtereenvolgens gewen.
- ⇨ Die muurbalspan was tweede by die USSA 2012-toernooi.
- ⇨ Die kampus se gholfspan was derde in die USSA 2012-gholftoernooi, en so ook die pluimbal-, rotsklim- en gimnastiekspan.

## slot

In die geheel was dit ‘n baie goeie jaar vir die Potchefstroomkampus, wat voordeel uit ‘n goed bedinkte Kampusplan, doeltreffende uitvoering en samehorige spanwerk oor fakulteite heen geput het.

Onnodige rompslomp is verwyder waar dit ook al moontlik was en struikelblokke vir lewering is geïdentifiseer en uit die weg geruim.

Ons het ‘n punt daarvan gemaak om ons suksesse te vier.

Die kampus sien uit na die uitdagings van 2013. Dit sluit in die uitbreiding van Eenheid vir Oop Afstandsleer, die vergroting van ons pogings om meer relevant en navorsingsgerig te wees, optimalisering van die gebruik van infrastruktuur, die uitstryking van knelpunte en die verstewiging van prestasiebestuur.

‘n Stewige fondament is gelê om die Potchefstroomse droom te verwesenlik, en ‘n baie positiewe klimaat vir verdere prestasies is geskep.

Dit is ‘n voorreg om so ‘n toegewyde span te lei, en ek is oortuig dat 2013 selfs beter resultate sal oplewer.



PROF HERMAN VAN SCHALKWYK
KAMPUSREKTOR: POTCHEFSTROOM

# 2012

10 256
mafikengstudente

58 752
ingeskrewe studente

6 158
vaaldriehoekstudente



42 338
potchefstroomstudente





2 403
kwalifikasies toegeken

4 atlete • 1 afrigter
betrokke by olimpiese en paralimpiese spele

70
internasionale studente uit
20
lande

# vaaldriehoekkampus

## prestasies ten opsigte van die kampusplandoelstellings

Die volgende strategiese prioriteite is in 2012 verwesenlik:

- 'n Strategie vir nouer samewerking tussen akademiese skole en die Departement Bemarking en Kommunikasie is geïmplementeer en het drie uiters suksesvolle mini-opedae tot gevolg gehad.
- Die kampus het sy finansiële doelstelling verwesenlik om derdegeldstroominkomste te verhoog, studente-debiteure te verminder, finansiële dissipline uit te oefen en nie die goedgekeurde begroting te oorskry nie.
- Die kampus het die gebruik van tegnologie in die lesinglokaal verhoog en verbeter, en so ook die gebruik van innoverende onderrig-leer-metodes.

## kampushoogtepunte

- Die kampus het ongeëwenaarde groei in studentetalle geniet en altesaam 6 158 studente is in 2012 geregistreer. Onder hulle was daar 70 internasionale studente uit 20 lande.
- As 'n verantwoordelike korporatiewe burger het die kampus 'n uiters suksesvolle program van stapel gestuur om elektrisiteit oor al sy bedrywighede te bespaar en is 'n Groen Komitee gevorm om toesig oor alle omgewingsvolhoubare projekte te hou.
- 'n Akademiese portuurmentorskapprogram is na die koshuise op en van die kampus af uitgebrei.
- Die onderrig-leer-teiken vir 2012 was om die algehele slaagsyfer van 82% te handhaaf. Die slaagsyfer van 81,70% wat behaal is, weerspieël die pogings van die akademiese personeel en die impak van gefokusde ingrepe en akademiese steundienste.
- Beduidende beleggings is gemaak in verbetering van die kwaliteit van die studentelewe deur akademiese geboue, studentekoshuise, sportfasiliteite en rekenaarsentrums te bou of op te knap.
- Die kampus het verskeie gesogte toekennings verower, insluitende 'n PMR-besigheidstoekenning (Golden Arrow) en die Global Business Round Table-toekenning. Die International Calvary Community Church-toekenning vir Uitnemendheid in Gemeenskapsbetrokkenheid is aan die kampusrektor toegeken.
- Meer as 10 000 name is in die databasis van kampusalumni ingesluit. In 22012 is 'n Alumni-advieskomitee tot stand gebring.
- Die kampus het die eerste *Innoveer Onderrig en Leer met Tegnologie*- (iTLT-) kompetisie in 2012 van stapel gestuur. Agt personeellede het die geleentheid gehad om Online Educa in Berlyn, Duitsland by te woon.
- Die kampus het die Eenheid vir Toegepaste Risikobestuur (ETRB) amptelik geopen.
- OPTENTIA is as 'n navorsingsfokusarea in die Fakulteit Lettere tot stand gebring, en Meertalige Spraaktegnologie ("MuST") is as 'n navorsingsfokusarea in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie tot stand gebring.

## inleiding

Oor die afgelope nege jaar sedert die samesmelting het die Vaaldriehoekkampus in 'n dinamiese voorkeurkampus ontwikkel waar funksionele meertaligheid beoefen en multikulturalisme gevier word. Die kampus het voortgegaan om 'n studentegesentreerde diens te voorsien wat diversiteit bevorder terwyl dit gelyktydig die statuur van onderrig-leer verhoog sodat ons goed afgeronde, suksesvolle studente kan lewer. Die kampus is trots om te kan berig dat die gemiddelde slaagsyfer vir alle modules wat aangebied is, 82% was. Hierdie prestasie was die gevolg van die doelgerigte pogings van die akademiese personeel, die impak van gefokusde ingrepe en akademiese steundienste, en die kampus se geïntegreerde benadering tot onderrig-leer, studente-sukses en studentewelstand. Gedurende die jaar het die kampus steeds 'n kultuur bevorder waarin alle studente tuis kan voel, in die wete dat hulle die ondersteuning het wat hulle benodig om 'n konstruktiewe studentelewe te lei, ten volle aan gesamentlike aktiwiteite deel te neem en deel van 'n lewenskragtige akademiese omgewing te wees.

## studente-inskrywings 2012

| | |
|---|---|
| Voorgraadse studente | 5 363 |
| Geleentheidstudente | 45 |
| Honneursstudente | 314 |
| Nagraadse diploma/sertifikaat-studente | 122 |
| Meesterstudente | 203 |
| Doktorale studente | 111 |
| Totaal | 6 158 |

## samestelling van voorgraadse studente in 2012

| | | |
|---|---|---|
| Eerstejaars | Kontak | 1 787 |
| | Afstand | 0 |
| Seniors | Kontak | 3 505 |
| | Afstand | 115 |

## diplomas en grade in 2012 toegeken

| | |
|---|---|
| Sertifikate en diplomas | 218 |
| Baccalaureusgrade | 740 |
| Honneursgrade | 190 |
| Meestersgrade (insluitende MBA's) | 48 |
| Doktorsgrade | 15 |
| Totaal | 1 211 |

## gegradueerdes per fakulteit in 2012

| | |
|---|---|
| Fakulteit Geesteswetenskappe | 753 |
| Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie | 458 |
| Totaal | 1 211 |

## onderrig-leer-aktiwiteite

Gedurende 2012 het die kampus ook stappe gedoen om akademiese personeel aan te moedig en te ondersteun om uit te blink, en studente om tot veelsydige graduandi te ontwikkel.

➞ **Ontwikkeling van akademiese personeel**

- Gedurende 2012 het 17 dosente van die Vaaldriehoekkampus die Institusionele kursus vir Nuwe Dosente fase 1 en 2 bygewoon.

  Tydens hierdie kursusse is nuwe dosente aan die beste praktyke in onderrig en leer bekend gestel is en die vaardighede van ervare dosente opgeskerp is.

- Verdere personeelontwikkeling het ook by wyse van die jaarlikse Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) plaasgevind, met tien dosente wat toekennings ontvang het.

- Die wenners van die *Rapport*-topdosenttoekennings het R50 000 elk ontvang.

➞ **Akademiese ontwikkeling en ondersteuning van studente**

- Die Aanvullende Onderrig- (SI-) program het in 2012 groei ervaar, met altesaam 218 SI-leiers wat in 170 modules aangestel is (105 in die Fakulteit Geesteswetenskappe en 65 in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie).

- Een van die strategiese prioriteite vir 2012 was om tegnologie in die lesinglokaal te benut en onderrig-leer-uitkomste te verbeter.

  Die direktoraat Akademiese Ontwikkeling en Steun (AOS) het kragte met die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie saamgesnoer om 'n uiters suksesvolle onderrig-leer-konferensie met die tema, "Tegnologie-integrasie en innovasie in hoër onderwys" aan te bied.

- Nog 'n inisiatief om die impak van tegnologie-gebruik binne die onderrig-leer-omgewing te ondersoek, was die loodsprojek in lesing-vaslegging.

  Videosnitte wat moeilike konsepte verduidelik, is op eFundi geplaas en op groot skaal deur studente gebruik.

- Ná die sukses van die 2011-loodsprogram vir portuurmentorskap in die koshuise is die program uitgebrei om alle koshuise op en van die kampus af in te sluit.

  Senior studente (mentors) en eerstejaarstudente is ten opsigte van geslag en studieprogramme by mekaar aangepas.

  Hoewel die program vrywillig is, het slegs 4,23% van die eerstejaarstudente in die koshuise nie die mentorskapsessies bygewoon nie.

- 'n Toewysing van R1,1 miljoen uit die strategiese fondse het die Kampusbiblioteek in staat gestel om hul voorraad E-hulpbronne en voorgeskrewe handboeke uit te brei.

  Die elektroniese volteks- en databasishulpbronne sluit nou toegang tot 73 000 titels via die A–Z-lys van vaktydskrifte in.

➞ **Kwaliteitsversekering**

Kwaliteitsversekering het 'n prioriteit op die Vaaldriehoek-kampus gebly. Verskeie evaluerings is gedoen, insluitende evaluerings van akademiese programme deur statutêre liggame. Vir meer besonderhede, raadpleeg bladsy 38 en 39 van die Senaatsverslag.



## ➞ Uitvalsyfers

Voorgraadse eerste-inskrywing-eerstejaars:

| Duur van kwalifikasie | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 jaar | 18% | 17% | 14% | 15% | 16% | 13% | 18% |
| 4 jaar | 16% | 18% | 16% | 8% | 10% | 10% | 17% |

# navorsingsaktiwiteite

Die Vaaldriehoekkampus het sy navorsingsportefeulje in 2012 verder gekonsolideer en verstewig, en daar bestaan 'n duidelike strategiese oogmerk om op navorsingskwaliteit eerder as -kwantiteit te fokus.

## ➞ Navorsingsondersteuning

'n Toekenningsfunksie is gehou om erkenning aan navorsers vir hul navorsingsuitsette te verleen, en prof Linda Theron het die toekenning vir die mees produktiewe navorser van die jaar ontvang.


Inisiatiewe om die navorsingskapasiteit van die fakulteite uit te bou is geïmplementeer. Die teiken is om 40% van die akademiese personeel binne twee jaar as navorsings-aktiewe personeel te hê en dan die getal tot 50% van die akademiese personeel uit te brei.

Kapasiteitsbou-inisiatiewe is geïmplementeer, wat mentorskap van junior navorsers, samewerkings-ooreenkomste in navorsing met ander universiteite en die aanstelling van vakkundiges as buitengewone professore insluit.

Befondsing van opkomende navorsers is beskikbaar gestel vir personeellede wat in die proses van voltooiing van 'n meestersgraad of PhD was.

## ➞ Publikasie-uitsette

Uit die volgende grafiek is dit duidelik dat navorsingsuitset in 2012 aansienlik gegroei het.




## ➞ Postdoktorale genote

Die postdoktorale genote het in 2012 met een verminder.

| 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| - | 1 | 1 | 3 | 5 | 4 | 3 |

## ➞ NNS-gegradeerde navorsers

Die tabel hieronder gee die besonderhede weer van gegradeerde navorsers per kategorie op die Vaaldriehoekkampus soos op 31 Desember 2012.

| Kategorie | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 |
|---|---|---|---|---|
| B | - | - | 1 | 1 |
| Y | 3 | 3 | 2 | 2 |
| C | 2 | 3 | 5 | 8 |
| Totaal | 5 | 6 | 8 | 11 |

## ➞ Navorsingsentiteite

'n Nuwe navorsingsfokusarea is goedgekeur, naamlik OPTENTIA (Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal). 'n Nuwe nisarea, naamlik MuST (Meertalige Spraaktegnologie), is ook goedgekeur.

Dit is bykomend by die bestaande fokusarea, Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET).

# implementering van kundigheid

Op die Vaaldriehoekkampus, soos op die ander kampusse, bestaan implementering van kundigheid uit twee elemente, waarvan die een gemeenskapsdiens en die ander kommersialisering van kundigheid is. In 2012 het hierdie kampus sukses in beide komponente behaal.

Vir gemeenskapsverbintenis is die primêre temas armoedeverligting, die benutting van tegnologie vir opvoedkundige doeleindes, eko-welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging.

Die Sentrum vir Ondernemingsontwikkeling (SOO), wat in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en IT gehuisves word, het steun en opleiding aan plaaslike nuwe en opkomende entrepreneurs met potensiaal gebied.

Die fakulteit het ook die Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur (STRB), wat by die Quest-konferensie-sentrum geleë is, van stapel gestuur.

Hierdie sentrum sal gespesialiseerde opleiding bied aan beroepslui wat 'n beter begrip van risikobestuur op nagraadse vlak verlang.

'n Derde inisiatief was die stigting van die Serious Games Institute–South Africa (SGI-SA), wat die enigste van sy soort in die land is. Die SGI-SA wil aan mense toon dat daar waardevolle geleenthede in onderrig en leer deur ernstige rekenaarspele is.

As 'n geaffilieerde organisasie van die internasionale Serious Games Institute, wat by die Coventry Universiteit in die Verenigde Koninkryk gesetel is, het SGE-SA in 2012 verskeie werkswinkels aangebied.

## bemarking en werwing

Hoogtepunte vir 2012 het die volgende ingesluit:

- Twee mini-opedae is gedurende die loop van die jaar gehou.
- Die jaarlikse opedag het meer as 2 000 voornemende studente gelok.
- Die Alumnikantoor het 'n jaarlikse prestigereünie en twee sakeontbytforums aangebied.

In 'n strategiese poging om korporatiewe skenking te verbeter, het die Alumnikantoor, in samewerking het die fondsinsamelingskantoor, die "Alumni Feather Fund" bekend gestel.

## studentesake op kampus

**➞ Studentebestuur**

- Die 2012/2013-KVSR en Huiskomitees is gedurende Augustus verkies en die studenteleiers het verskeie opleidingskampe bygewoon.
- Altesaam 1 834 studente het aan die Tuiskoms-program, 'n inisiatief vir gemeenskapuitreiking, deelgeneem. Liefdadigheidsorganisasies en instansies wat by die projek baat gevind het, het die Johan Heyns-kliniek, die Mathwala-weeshuis en vier gesondheidsorgsentrums in Boipatong ingesluit.
- Die KVSR het uiters suksesvolle jeugdagvieringe by Groenpunt Korrektiewe Dienste aangebied.

**➞ Welstand en berading**

Die kampus het 'n omvattende verskeidenheid ondersteuningsdienste en -strukture wat vir studentewelstand voorsiening maak. Behalwe die daaglikse lewering van primêre gesondheidsorgdienste het die kampuskliniek ook verskeie Welstandsdae vir personeel en studente aangebied. NRO's en verskaffers van primêre gesondheidsorg wat deelgeneem het, was HEAIDS, die SA Epilepsievereniging, SA Orgaanskenkersvereniging, SANRA, SA Nasionale Bloeddiens, die Gautengse Departement van Gesondheid en KANSA.

Om wêreld-VIGS-dag te herdenk, het die kampus 'n geleentheid getiteld "Be a hero, stay a zero" aangebied. MIV-berading en -toetsing is aangebied, tesame met ander gesondheidsverwante siftingsdienste.

Die Vaaldriehoekkampus het hulle by organisasies uit 60 lande oor al sewe kontinente aangesluit en op 11 Februarie 2012 die Wêrelddag van Vreugde ("World Happy Day") gevier. Die kampus was een van slegs drie plekke in Suid-Afrika wat gekies is om aan die geleentheid deel te neem, onder toesig van die OPTENTIA-navorsingsprogram.

**➞ Kulturele aktiwiteite en prestasies**

'n Kultuurfees is aangebied met die tema "Vier jou wortels – jou kultuur, my kultuur, ons kultuur", waartydens die kampusgemeenskap verskillende inheemse tradisies en gewoontes ondersoek het.

Vir die eerste keer op die kampus is 'n Mnr en Mej NWU-Vaal-kompetisie aangebied. Die wenners het die kampus by die Mnr en Mej. SA Kampus-kompetisie verteenwoordig en het onderskeidelik tweede en eerste gekom.

Arbeidsverhoudingebestuur en Bedryfpsigologie binne die Fakulteit Geesteswetenskappe het die vierde "Diversiteit in die Suid-Afrikaanse Werksplek"-aanbieding gehou.

Vier studente het hulle by eweknieë van dwarsoor die wêreld aangesluit met die bywoning van die 29e internasionale spitsberaad van die Golden Key International Honour Society in Atlanta, Georgia.

Die aanlyn-studentekoerant, *Student 24/7*, was steeds 'n gewilde kommunikasiemiddel en het sy tweede bestaansjaar gevier. 'n Lisensie vir die kampusradiostasie, *River FM*, is goedgekeur en meer as 100 studente het die oudisies vir die keuring van aanbieders bygewoon. Die doel is om minstens 30 studente as aanbieders te hê.

**➞ Sportaktiwiteite en prestasies**

Sport op die kampus gaan van krag tot krag en die aantal mededingende sportkodes het van slegs vyf in 2008 tot altesaam 13 in 2012 toegeneem. Deelname aan die koshuis- en mededingende ligas het ook toegeneem.

Kampusspanne in die volgende sportkodes het aan die USSA-toernooi deelgeneem: dans, skaak, rugby, sewesrugby, krieket, hokkie, sokker (mans sowel as dames) liggaamsbou en netbal.

Die liggaamsbouspan het hul eerste plek in die USSA-liga behou en die toekenning vir die bes presterende span in die toernooi ontvang.

Die netbalspan is tot die A-afdeling bevorder, terwyl die rugbyspan die C-afdeling gewen het en na die B-afdeling bevorder is. Die krieketspan het hul posisie in die A-afdeling behou.

Goeie vordering is met die beskikbare sportfasiliteite gemaak. Die kampus het nou drie velde wat vir sokker en rugby gebruik word, drie netbalbane, drie krieketvelde, twee hokkievelde en twee volledig toegeruste gimnasiums.

## slot

As daar na die prestasies vir 2012 teruggekyk word, is dit duidelik dat baie bereik is om die gestelde strategiese doelwitte in onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid te verwesenlik.

Om die voortgesette sukses van ons pogings te verseker, moet ons proaktief by die hele Suid-Afrikaanse onderwysstelsel betrokke wees, van vroeë kinderopvoeding af en verder. Sonder uitnemendheid op elke vlak van ons stelsel kan ons nie hoop om goed voorbereide nuwe eerstejaars te kry nie.

Vorentoe sal ons steeds ten nouste met belanghebbers in die sakewêreld, regering en gemeenskappe saamwerk om die toepaslikheid van ons programme te verstewig, te help om vaardigheidstekorte die hoof te bied en hoër onderwys van gehalte vir meer burgers toeganklik te maak.



PROF THANYANI MARIBA
KAMPUSREKTOR: VAALDRIEHOEK

# inkomste

R2 713,3 miljoen

totale inkomste

R863,8 miljoen


self-gegenereerde inkomste

R718,1 miljoen

studentverwante inkomste
= 26,5% van totale inkomste


R1 111,5 miljoen

staatsubsidie
= 41% van totale inkomste



**2011 → 2012**

R63,3 miljoen netto surplus → R104 miljoen netto surplus



# uitgawes

R2 609,3 miljoen

totale uitgawes

R1 359,8 miljoen

personeeluitgawes = 50,1%
van totale inkomste

R1 142,5 miljoen

bedryfskoste
= 42,1% van totale inkomste

R52,9 miljoen

kapitaaluitgawes
op opgraderings

# ons finansies

verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en
uitvoerende direkteur: finansies en fasiliteite ........................................... 98

gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 31 desember 2012 .. 105

gekonsolideerde staat van omvattende inkomste vir die jaar
geëindig 31 desember 2012 ........................................................................ 106

# verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en uitvoerende direkteur: finansies en fasiliteite


Die finansiële oorsig vir die jaar geëindig 31 Desember 2012 word onder die volgende opskrifte aangebied:

## winsgewendheid en groei


Die universiteit se opgehoopte reserwes het in die 2012 finansiële jaar verbeter weens 'n netto surplus van R104,0 miljoen (2011: R63,3 miljoen), wat 3,8% (2011: 2,7%) van die totale inkomste verteenwoordig. Die totale inkomste van die universiteit het met 17,1% tot R2 713,3 miljoen gestyg, terwyl die totale uitgawes met 15,7% tot R2 609,3 miljoen vir die 2012 finansiële jaar toegeneem het.

Die beskikbare fondse het tot 21,9% (2011: 16,6%) van totale ekwiteit toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die styging in die surplus en omvattende inkomste, sowel as 'n styging in fondse beskikbaar vir aanbouings aan en opknappings van eiendom, aanleg en toerusting.

**Totaal (ander omvattende inkomste uitgesluit)**





**Beskikbare fondse: Geoormerkte fondse**




Die totale inkomste van die universiteit uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd vervreemding van EAT, van die hand sit van beleggings en ander omvattende inkomste) het met 16,0% tot 'n totale inkomste van R2 693,4 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawes uit herhalende aktiwiteite met 15,7% tot altesaam R2 609,3 miljoen vir die 2012 finansiële jaar toegeneem het. Die surplus van die 2012 finansiële jaar vanaf herhalende aktiwiteit verteenwoordig 3,1% (2011: 2,9%) van die totale herhalende inkomste.

**Bedryfsaktiwiteite**




Die universiteit se opbrengs (uit herhalende aktiwiteite) op aangewende kapitaal (totale bates minus bedryfslaste) het tot 3,7% verbeter (2011: 3,4%). Dit is hoofsaaklik die gevolg van 'n styging van 23,1% in die bedryfsurplus toeskryfbaar aan 'n algehele styging in alle bronne van inkomste en 'n styging van 12,1% in kapitaal aangewend. Laasgenoemde is die gevolg van 'n styging in eiendom, aanleg en toerusting en langtermynbeleggings.

**Opbrengs op aangewende kapitaal**



Die universiteit se inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 41,0% (2011: 43,1%) van die totale inkomste. Die rede vir die daling in hierdie persentasie is toeskryfbaar aan 'n gemiddeld hoër styging in al die ander hoofbronne van inkomste.

Die studentverwante inkomste het met 25,2% toegeneem vir die 2012-jaar (2011: 21,4%). Dit kan toegeskryf word aan die jaarlikse styging van 9,6% in klasgelde, die styging in studentetalle en 'n styging in die modules waarvoor daar ingeskryf is. Die totale studentverwante inkomste verteenwoordig 26,5% (2011: 24,7%) van die totale inkomste.


Totale uitgawes het met 15,7% (2011: 14,8%) toegeneem.

Personeelvergoeding het met 15,2% (2011: 13,9%) toegeneem. Die totale koste van personeeluitgawes was 50,1% (2011: 50,9%) van totale inkomste. Die afname is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n hoër styging in inkomste van 17,1%.


Bedryfsuitgawes het met 16,8% (2011: 17,0%) gestyg en verteenwoordig 42,1% (2011: 42,2%) van totale inkomste. Die styging kan toegeskryf word aan die bykomende uitgawe om die styging in ander bronne van inkomste te genereer, sowel as 'n paar spesifiek begrote uitgawes, waarvan die belangrikste items beurse (R21,5 miljoen) en water en elektrisiteit (R11,0 miljoen) is.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasie, amortisasie en finansieringskoste het met 3,9% (2011: 4,2%) toegeneem, wat hoofsaaklik te wyte is aan depresiasie as gevolg van die groot belegging in eiendom, aanleg en toerusting wat deur middel van die DHOO se projek van geoormerkte befondsing vir infrastruktuur en doeltreffendheid gefinansier is.

**Totale inkomste per kategorie**





**Totale uitgawes per kategorie**



## solvabiliteit

Die totale laste (R1 173,3 miljoen) uitgedruk oor opgehoopte reserwes (R1 441,9 miljoen) dui aan dat die universiteit se verhouding van skuld tot beskikbare fondse tot 0,81 (2011: 0,79) gestyg het. Dit kan toegeskryf word aan 'n styging van 24,1% (R68,6 miljoen) in uitgestelde inkomste, en 'n styging van 7,1% (R20,4 miljoen) in handels-/ander krediteure en inkomste vooruit ontvang.


**Totale laste: Opgehoopte reserwes**




Die totale laste uitgedruk oor totale bates het tot 0,45 (2011: 0,44) vir die 2012 finansiële jaar toegeneem. Die totale laste word 2,23 maal (2011: 2,27 maal) deur totale bates gedek.

Solvabiliteitsverhoudings gee steeds 'n duidelike aanduiding dat die universiteit solvent is en in staat is om sy verpligtinge op die lang en kort termyn na te kom.

**Totale laste: Totale bates**



## likiditeit


Die bedryfskapitaalverhouding dui aan dat die bedryfslaste 0,86 maal (2011: 1,04 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien die ontleding in randwaarde uitgedruk word, het die bedryfsbates met R45,5 miljoen vir die 2012 finansiële jaar toegeneem, terwyl bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R16,9 miljoen toegeneem het.

Die hoofrede vir die daling in die bedryfsbates is ‘n daling in kontant en kontantekwivalente, wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die belegging in eiendom, aanleg en toerusting (hoofsaaklik toeskryfbaar aan die voorwaarde van die DHOO se infrastruktuur- en doeltreffendheidbefondsingstoelae wat bepaal dat die universiteit ‘n wesenlike persentasie van die totale belegging uit sy eie fondse moet bydra ten einde die toelae te ontvang, die sogenaamde medebefondsings-beginsel). Dit is ook as gevolg van kontant wat na langtermynbeleggings oorgeplaas is (wat met R102,8 miljoen toegeneem het, netto van herwaardasie, terwyl 81,7% van die beleggingsinkomste herbelê is). Die hoofredes vir die styging in bedryfslaste is 'n styging in handels- en ander krediteure (R28,9 miljoen), en ‘n styging in deposito’s en voorafbetaalde inkomste wat ontvang is (R8,5 miljoen).


Die kontantvloeisituasie word noulettend gemoniteer om ‘n optimale balans tussen langtermyn- en korttermynbeleggings te bereik sodat beleggingsinkomste geoptimaliseer word sonder om die vloei van besigheid in die gedrang te bring.

Die universiteit se verhouding van kontant en kontant-ekwivalente tot bedryfslaste het van 0,77 in 2011 tot 0,55 gedurende die 2012 finansiële jaar afgeneem, wat hoofsaaklik aan die oorplasing van kontant en kontant-ekwivalente na langtermynbeleggings en die belegging in eiendom, aanleg en toerusting (EAT) toe te skryf is.

**Bedryfsbates: Bedryfslaste**




**Kontant en kontantekwivalente: Bedryfslaste**




## hefboomfinansieringsverhoudings

Hefboomverhoudings ontleed die mate waarin langtermynfinansiering as 'n bron van finansiering gebruik word. Dit is 'n aanduiding van likiditeit op die langer termyn.


Nie-bedryfslaste verteenwoordig 36,2% (2011: 34,6%) van totale fondse wat aangewend is.

**Nie-bedryfslaste: Nie-bedryfslaste + ekwiteit**




Die totale nie-bedryfslaste uitgedruk oor ekwiteit vir die 2012 finansiële jaar het tot 56,7% (2011: 52,8%) gestyg. Die styging in nie-bedryfslaste is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n styging van 27,3% (R72,2 miljoen) in uitgestelde inkomste (wat hoofsaaklik geoormerkte subsidie is wat vir belegging in EAT ontvang is) en 'n styging in na-aftree-voordele/-verpligtinge van 15,4% (R55,4 miljoen).

**Nie-bedryfslaste: Ekwiteit**




## kontantvloei

**Surplus gegenereer met betrekking tot kontantvloei**

Die universiteit het 'n surplus van R104,0 miljoen vir die 2012 finansiële jaar gegenereer, en die netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite het R314,8 miljoen bedra. Die totale netto kontantvloei het met R63,7 miljoen vir dieselfde finansiële jaar afgeneem as gevolg van 'n oordrag van kontant en kontantekwivalente na langertermynbeleggings (R102,8 miljoen), sowel as belegging in eiendom, aanleg en toerusting (R277,9 miljoen). Vir die 2011 finansiële jaar het die netto kontantvloei met R117,9 miljoen afgeneem. Die NWU verkeer steeds in 'n lewensvatbare kontantvloeisituasie.

**Kontant en kontantekwivalente & beleggings**




## toegevoegde waarde

Met betrekking tot die universiteit as 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) het die NWU weereens wesenslike waarde tot die ekonomie toegevoeg en kan die volgende uitgelig word:


- 14 669 (2011: 15 093) studente het gedurende 2012 grade en diplomas ontvang.
- R120,1 miljoen (2011: R98,6 miljoen) is uit eie fondse as beurse aan studente toegeken, wat 'n styging van 21,8% (2011: 24,8%) verteenwoordig.
- Die belegging in eiendom, aanleg en toerusting beloop R277,9 miljoen (2011: R242,8 miljoen), wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die DHOO se befondsing vir infrastruktuur en doeltreffendheid wat vir die tydperk 2010 – 2012 ontvang is, asook 'n nuwe siklus van befondsing vir 2012 – 2015.

## slot

Die universiteit was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2012 finansiële jaar te verwesenlik:

- Om totale bates met 11% (2011: 15%) te verhoog deur die toelae vir infrastruktuur wat van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang is asook eie fondse in eiendom, aanleg en toerusting te belê terwyl langtermynbeleggings verhoog word.
- Om die netto surplus uit herhalende aktiwiteite tot 3,1% (doelwit: tussen 3% en 6%) te verhoog deur middel van 'n algehele styging in alle bronne van inkomste, sowel as om 'n gesonde solvensieposisie en optimale likiditeitsvlakke gedurende die 2012 finansiële jaar te handhaaf, wat verseker dat die NWU 'n lopende saak bly.
- Om beurse wat aan studente toegeken word te verhoog (beurse is met 21,8% vermeerder).
- Om die afhanklikheid van staatsubsidie-inkomste te verminder tot 41% (doelwit: minder as 40%).

Die Raad en bestuur is saam daartoe verbind om die NWU op so 'n wyse te bestuur dat die gesonde finansiële stand in 2013 gehandhaaf sal word.



MNR JJ KITSHOFF
VOORSITTER: FINANSIëLE KOMITEE



PROF IJ ROST
UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

# gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 31 desember 2012

| | 2012 R'000 | % | 2011 R'000 | % |
|---|---|---|---|---|
| **BATES** | | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | 2 308 378 | 88.3 | 2 001 444 | 85.0 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 1 192 724 | 45.6 | 1 006 808 | 42.8 |
| Beleggingseiendomme | 21 815 | 0.8 | 22 312 | 0.9 |
| Ontasbare bates | 7 320 | 0.3 | 8 001 | 0.3 |
| Langtermynbeleggings | 920 915 | 35.2 | 811 092 | 34.5 |
| Beleggings in geassosieerdes | 42 | 0.0 | 24 | 0.0 |
| Uitgestelde inkomstebelastingbates | 62 | 0.0 | 66 | 0.0 |
| Pensioenfonds | 126 744 | 4.9 | 120 123 | 5.1 |
| Ongeskiktheidsreserwefonds | 38 756 | 1.5 | 33 018 | 1.4 |
| **Bedryfsbates** | 306 817 | 11.7 | 352 270 | 15.0 |
| Voorraad | 21 338 | 0.8 | 19 765 | 0.8 |
| Handels- en ander debiteure | 88 984 | 3.4 | 72 335 | 3.1 |
| Kontant en kontantekwivalente | 196 495 | 7.5 | 260 170 | 11.1 |
| **Totale bates** | 2 615 195 | 100.0 | 2 353 714 | 100.0 |
| **FONDSE EN LASTE** | | | | |
| **Fondse beskikbaar** | 1 441 914 | 55.1 | 1 318 202 | 56.0 |
| Opgelope fondse | 1 441 600 | 55.1 | 1 318 012 | 56.0 |
| Nie-beherende belang | 314 | 0.0 | 190 | 0.0 |
| **Totale laste** | 1 173 281 | 44.9 | 1 035 512 | 44.0 |
| **Nie-bedryfslaste** | 816 945 | 31.2 | 696 067 | 29.7 |
| Langtermynlenings | 86 536 | 3.3 | 93 267 | 4.0 |
| Na-aftreevoordele | 393 335 | 15.0 | 337 933 | 14.4 |
| Uitgestelde inkomste | 337 074 | 12.9 | 264 867 | 11.3 |
| **Bedryfslaste** | 356 336 | 13.7 | 339 445 | 14.3 |
| Handels- en ander krediteure | 255 675 | 9.9 | 226 803 | 9.6 |
| Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid | 4 | 0.0 | 71 | 0.0 |
| Huidige gedeelte: Langtermynlenings | 10 699 | 0.4 | 10 321 | 0.4 |
| Huidige gedeelte: Na-aftreevoordele | 20 731 | 0.8 | 20 944 | 0.9 |
| Huidige gedeelte: Uitgestelde inkomste | 15 929 | 0.6 | 19 559 | 0.8 |
| Studentedeposito's en vooruitbetaalde inkomste | 53 298 | 2.0 | 61 747 | 2.6 |
| **Totale fondse en laste** | 2 615 195 | 100.0 | 2 353 714 | 100.0 |

# gekonsolideerde staat van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 desember 2012

| | 2012 R'000 | % van totale inkomste | 2011 R'000 | % van totale inkomste |
|---|---|---|---|---|
| HERHALENDE ITEMS | 84 545 | 3.2 | 68 400 | 2.9 |
| **Inkomste** | 2 693 358 | 99.3 | 2 322 782 | 100.2 |
| Staatsubsidies en -toekennings | 1 111 470 | 41.0 | 998 270 | 43.1 |
| Onderrig- en ander gelde | 718 082 | 26.5 | 573 491 | 24.7 |
| Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander) | 183 426 | 6.8 | 143 047 | 6.2 |
| Inwoning en voedseldienste | 220 409 | 8.1 | 200 015 | 8.6 |
| Dienste - entrepreneursaktiwiteite | 307 781 | 11.3 | 274 190 | 11.8 |
| Private skenkings en toekennings | 30 059 | 1.1 | 26 635 | 1.2 |
| Beleggingsinkomste | 122 131 | 4.5 | 107 134 | 4.6 |
| **Uitgawes** | 2 608 813 | 96.1 | 2 254 382 | 97.3 |
| Personeelvergoeding | 1 359 764 | 50.1 | 1 180 333 | 50.9 |
| Bedryfskoste | 1 142 531 | 42.1 | 977 802 | 42.2 |
| Depresiasie en amortisasie | 92 181 | 3.4 | 83 383 | 3.6 |
| Finansieringskoste | 14 337 | 0.5 | 12 864 | 0.6 |
| NIE-HERHALENDE ITEMS | 19 929 | 0.7 | (5 022) | (0.2) |
| **Inkomste** | 19 929 | 0.7 | (5 022) | (0.2) |
| Wins/(verlies) met verkoop van EAT | 7 548 | 0.3 | (6 926) | (0.3) |
| Wins/(verlies) op beleggings | 12 351 | 0.4 | 1 848 | 0.1 |
| Deel van wins van geassosieerdes | 17 | 0.0 | 24 | 0.0 |
| Ander nie-herhalende inkomste | 13 | 0.0 | 32 | 0.0 |
| **Uitgawes** | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| **Netto surplus voor belasting** | 104 474 | 3.9 | 63 378 | 2.7 |
| Inkomstebelasting | 524 | 0.0 | 87 | 0.0 |
| **Surplus vir die jaar** | 103 950 | 3.9 | 63 291 | 2.7 |
| ANDER OMVATTENDE INKOMSTE (AOI) | 19 762 | | 2 325 | |
| Pensioenfonds - surplus/(tekort) | 6 621 | | (8 966) | |
| Ongeskiktheidsreserwefonds - surplus/(tekort) | 5 738 | | (1 368) | |
| Netto waarde wins/(verlies) op beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates (netto van belasting) | 7 403 | | 12 659 | |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | 123 712 | | 65 616 | |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| - Noordwes-Universiteit (Surplus en AOI) | 123 588 | | 65 600 | |
| - Nie-beherende belang (Surplus) | 124 | | 16 | |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | 123 712 | | 65 616 | |

# lys van afkortings

| A | |
|---|---|
| ABKS | Adviesburo vir Klein Sakeondernemings |
| AGLA | Verpligte geïntegreerde module (indien in Afrikaans gedoen) |
| AGLE | Verpligte geïntegreerde module (indien in Engels gedoen) |
| AHI | Afrikaanse Handelsinstituut |
| AHP | African Health Placements |
| AMBA | Association of MBAs |
| AOO | Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning |
| AOS | Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling |
| Artéma | Instituut vir Kunstebestuur en -ontwikkeling |
| ASEM | Advent Sport Entertainment and Media |
| ASRS | Afrika-sentrum vir Rampstudies |
| AUTHeR | Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing |

| B | |
|---|---|
| BGSEB | Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| BIS | Bestuursinligtingstelsels |
| Boloka | Die NWU se digitale argief wat navorsingsmateriaal versamel, bewaar en versprei |
| BPKO | Bemarking, Promosie en Kommunikasie in Onderwys |
| BTW | Belasting op Toegevoegde Waarde |
| BVOO | Basiese Volwasse Onderrig en Opleiding |

| C | |
|---|---|
| CareerZone | 'n Aanlyn-loopbaanportaal |
| CENQAM | Sentrum vir Kwaliteitsversekering van Medisyne |
| CTexT® | Sentrum vir Tekstegnologie |

| D | |
|---|---|
| DALRO | Dramatic, Artistic and Literary Rights Organisation |
| DEVNOMICS | Developmentnomics |
| DGA | Diensgeoriënteerde Argitektuur |
| DHOO | Departement van Hoër Onderwys en Opleiding |
| DVD | Digitale Veelsydige Disket – 'n optiese skyfstoorformaat |
| DWT | Departement Wetenskap en Tegnologie |

| E | |
|---|---|
| Educause | 'n Organisasie sonder winsbejag waarvan die missie is om hoër onderwys te bevorder deur die intelligente gebruik van inligtingstegnologie te bevorder. |
| eFundi | Die NWU se e-leerbestuurstelsel |
| Eidos | 'n Onafhanklike organisasie sonder winsbejag wat toegewy is aan die waarde van idees en maatskaplike verandering |
| Eish! | Die NWU se interne personeeltydskrif (nie 'n afkorting nie) |
| EOAL | Eenheid vir Oop Afstandsleer |
| EPE | Eksterne programevaluerings |
| ETH | Eidgenössische Technische Hochschule |

| F | |
|---|---|
| FAST | Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie |
| FIA | Federation Internationale de l'Automobile |
| FLAGH | Farm Labour and General Health |
| FVSO | Forum vir Voortgesette Samewerking in Ontwikkeling |

| G | |
|---|---|
| GIRRL | Girls In Risk Reduction Leadership |
| GOD | Gevorderde Onderwysdiploma |
| GR | Geoktrooieerde Rekenmeester |

| H | |
|---|---|
| HART | Hipertensie in Afrika-navorsingspan |
| HEAIDS | Hoëronderwys-MIV/VIGS-program |
| HELTASA | Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderrig en Leer in Hoër Onderwys |
| HESA | Hoër Onderwys Suid-Afrika. |
| HOKK | Hoëronderwyskwaliteitskomitee |
| HOKR | Hoëronderwys-kwalifikasieraamwerk |
| HySA | Hydrogen South Africa |

| I | |
|---|---|
| IAUP | Internasionale Assosiasie van Universiteitsrektore |
| IBIMA | Internasionale Vereniging vir Besigheidsinligtingsbestuur |
| IDU | Programmatuur wat as 'n begrotings- en verslagdoeningshulpmiddel in gebruik geneem is |
| IEASA | Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika |
| IF | Institusionele Forum |
| IFRS | International Financial Reporting Standards |
| IIGVOF | Institusionele Indiensnemingsgelykheid- en Vaardigheidsontwikkelingsforum |
| IKAS | Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde |
| IKHIK | Institusionele Korporatiewe en Handelsmerkidentiteitkomitee |
| IKND | Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente |
| IKNI | Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie |
| IKT | Inligtings- en Kommunikasietegnologie |
| InGryp | 'n Ingrypingsentrum op die Potchefstroomkampus wat krisisingrypings- en beradingsdienste bied |
| INSINQ | Kwaliteit in Verpleegkunde en Verloskunde (navorsingsfokusarea op die Potchefstroomkampus) |
| IOHS | Institusionele Beroepsgesondheid en Veiligheid |
| IPE | Interne Programevaluering |
| ISWO | Instituut vir Sportwetenskap en -Ontwikkeling |
| IT | Inligtingstegnologie |
| iTLT | innoveer Onderrig-en-Leertegnologie |
| ITNU | Institusionele Toekennings vir Navorsingsuitnemendheid |
| ITOU | Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid |
| IVSR | Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad |

| K | |
|---|---|
| KEL | Kosmetiekeffektiwiteitslaboratorium |
| KPA | Kritieke Prestasie-areas |
| Kuali KFS | Kwaliteit- finansiële oopbronprogrammatuur vir hoëronderwysinstellings |
| KV | Curriculum Vitae |
| KVB | Klanteverhoudingsbestuur |
| KVBA | Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie |
| KVSR | Kampus- Verteenwoordigende Studenteraad |

| L | |
|---|---|
| LBS | Leerbestuurstelsel |
| LibQUAL | 'n Suite van dienste wat biblioteke gebruik om gebruikers se menings oor dienskwaliteit te verkry, te volg, te gebruik en daarvolgens op te tree |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad |

| M | |
|---|---|
| MASARA | Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings |
| MaSIM | Materiaalwetenskap-innovasie en Modellering (navorsingsfokusarea op die Mafikengkampus) |
| MGSA | Medisyneverbruik in Suid-Afrika |
| MIV | Menslike Immuniteitsgebrekvirus |
| MK | Mafikengkampus |
| MUSICA | Jaarlikse koorfees |
| MuST | Meertalige Spraaktegnologieë |
| MVS | Modulêre Verkoelingstelsels |
| MvV | Memorandum van Verstandhouding |

| N | |
|---|---|
| NAFSA | Association of International Educators |
| NAGCAS | Nasionale Vereniging van Nagraadseloopbaan-adviesdienste |
| NBS | Nasionale Beroepsertifikaat |
| NEHAWU | National Education, Health and Allied Workers Union |
| NEKGN | Nasionale Etiekkomitee vir Gesondheidsnavorsing |
| NIIC | Navorsingsinstituut vir Industriele Farmasie |
| NKR | Nasionale Kwalifikasieraamwerk |
| NLDTF | National Lottery Distribution Trust Fund |
| NNI | Nasionale Navorsingsinstituut |
| NNS | Nasionale Navorsingstigting |
| NOBIE | Nasionale Organisasie vir die Bestuur van Intellektuele Eiendom |
| NRO | Nieregeringsorganisasie |
| NSFAS | Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente |
| NSS | Nasionale Seniorsertifikaat |
| NVAOOSA | Nasionale Vereniging van Afstandsonderrig en Oop Leer in Suid-Afrika |
| NWFCU | Northwest Federal Credit Union |
| NWU | Noordwes Universiteit |
| NWU & U | Die NWU se alumnipublikasie |

| O | |
|---|---|
| OAL | Oop Afstandsleer |
| OCLC | 'n Wêreldwye koöperatiewe biblioteekvereniging wat dienste en navorsing voorsien om toegang tot die wêreld se inligting te verbeter |
| ODS | Oop Datastoor |
| OLT | Onderrig-en-leer-tegnologie |
| OOOP SETA | Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyke se Sektorale Onderwys en Opleidingsowerheid |
| OpenCMS | Oopbron-inhoudbestuurstelsel in Java geskryf |
| OPTENTIA | 'n Navorsingsfokusarea op die Vaaldriehoekkampus wat fokus op positiewe psigologie by die werk |
| Oracle-ERP | Oracle Enterprise Resource Planning |
| OVSA | Onderwysvereniging van Suid-Afrika |

| P | |
|---|---|
| PARSED | Navorsing oor Openbare Aangeleenthede vir Dienslewering |
| PCDDP | Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform |
| PGS | Primêre Gesondheidsorg |
| PhASRec | Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie |
| PK | Potchefstroomkampus |
| PKM | Program- en Kwalifikasiemengsel |
| PRMIA | Professional Risk Managers' International Association |
| Pukki | Die Potchefstroomkampus se gelukbringer |
| PwC | PricewaterhouseCoopers |

| R | |
|---|---|
| REMeasure | 'n Nuwe posevalueringstelsel |
| RGN | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| RHO | Raad op Hoër Onderwys |
| RSS-toevoer | 'n Dokument (wat 'n "toevoer", "webtoevoer" of "kanaal" genoem word) en wat volledig opgesomde teks- plus metadata bevat. |

| S | |
|---|---|
| SABS | Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde |
| SAFHOGB | Suid-Afrikaanse Forum vir Hoëronderwys-gemeenskapsbetrokkenheid |
| SAKAI | 'n Gemeenskap van akademiese instellings wat saamwerk om 'n e-leeromgewing te ontwikkel |
| SAKO | Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid |
| SANORD | Southern African-Nordic Centre |
| SANNON | Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsings- en Onderwysnetwerk |
| SAPTU | Suid-Afrikaanse Parastatale en Tersiêre Instellings-unie |
| SARChI | Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel-inisiatief |
| SAS | Studente-administratiewe Stelsels |
| SASU | Suid-Afrikaanse Studente-unie |
| SAVAS | Suid-Afrikaanse Vereniging van Atletiekstatistici |
| SAVMDP | Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediens-professies |
| SAVR | Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad |
| SAVWG | Suid-Afrikaanse Vereniging vir Werwing van Graduandi |
| SENVO | Sentrum vir Verkeerveiligheidsopvoeding |
| SGI-SA | 'n Inisiatief wat mense wys dat daar waardevolle geleenthede in onderrig en leer deur ernstige rekenaarspele is. |
| SHARE | Elektroniese Rekordbestuurstelsel |
| SHOT | Sentrum vir Hoëronderwystransformasie |
| "SI" | Aanvullende Onderrig |
| SJGD | Studentejool-gemeenskapsdiens |
| SKJGS | Sentrum vir Kinder-, Jeug- en Gesinstudies |
| SOO | Sentrum vir Ondernemingsontwikkeling |
| STREAM | Strengthening African Higher Education through Academic Mobility |
| SUV | Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding |
| SVGV | Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging |
| SvU | Sentrum van Uitnemendheid |
| SWWB | Sentrum vir Waterwetenskappe en -Bestuur |

| T | |
|---|---|
| THRIP | Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne in die Nywerheid |
| TIA | Tegnologie-innovasieagenskap |
| TOK | Transformasietoesigkomitee |
| TPT | Toelatingspunttelling |
| TRADE | Handel en Ontwikkeling ('n navorsingsfokusarea op die Potchefstroomkampus) |
| TREES | Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Gemeenskap |
| TRIGA | 'n Klein kernreaktor wat deur die maatskappy General Atomic ontwerp en vervaardig word. |

| U | |
|---|---|
| UNAIDS | Gesamentlike Verenigde Nasies-program oor VIGS |
| UNESCO | Verenigde Nasies se Onderwys-, Wetenskap- en Kultuurorganisasie |
| UNICEF | Verenigde Nasies se Noodfonds vir Kinders |
| UNIPREP | Universiteitsvoorbereidingsprogram |
| UNISA | Universiteit van Suid-Afrika |
| UPSET | Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings |
| URVF-SA | Universiteitsraadvoorsittersforum Suid-Afrika |
| USSA | Universiteitsport Suid-Afrika |

| V | |
|---|---|
| VBR | Vereniging van Beheerrade |
| VDK | Vaaldriehoekkampus |
| VE | Voltydse Ekwivalent |
| VIGS | Verworwe Immuniteitsgebreksindroom |
| VITDSAU | Vereniging van Inligtingstegnologiedirekteure aan SA Universiteite |
| VK | Verenigde Koninkryk |
| VK | Visekansellier |
| VOKT | Vereniging vir Opvoedkundige en Kommunikasietegnologie |
| VOO | Verdere Onderwysersopleiding |
| VSA | Verenigde State van Amerika |
| VSR | Verteenwoordigende Studenteraad |
| VU | Vrije Universiteit Amsterdam |
| VvOL | Vakkundigheid van Onderrig en Leer |
| VW | Volkswagen |

| W | |
|---|---|
| WBP | Werknemersbystandprogram |
| WBTI | Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting |
| WGL | Werkgeïntegreerde Leer |
| WGO | Wêreldgesondheidsorganisasie |
| WiFi | 'n Gewilde tegnologie wat 'n elektroniese toestel toelaat om data draadloos (met gebruik van radiogolwe) oor 'n rekenaarnetwerk uit te ruil, insluitende hoëspoed-internetverbindings. |
| WIT | Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie |
| WITG | Wetenskap, Ingenieurswese, Tegnologie en Gesondheid |
| WGW | Werknemergesondheid en -welstand |
| WorkWell | Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |

# erkenning

## navrae en kontakbesonderhede

**NWU Institusionele Kantoor**
Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika
Tel: +27 (18) 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za
Webwerf: www.nwu.ac.za

**Mafikengkampus**
Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735, Suid-Afrika
Tel: +27 (18) 389 2144
E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

**Potchefstroomkampus**
Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika
Tel: +27 (18) 299 2769
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

**Vaaldriehoekkampus**
Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900, Suid-Afrika
Tel: +27 (16) 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za

## jaarverslag-taakspan

Mee N Engelbrecht, J Jansen van Vuuren,
en A van der Merwe, en mnr  L Jacobs.

**fotografie**
NWU-diensverskaffers en kollegas

**ontwerp en uitleg**
SUN MeDIA
Tel: +27 (21) 808 2762

**drukwerk**
SUN MeDIA
Tel: +27 (21) 808 2762

Die 2012-jaarverslag is deur die Institusionele Kantoor se departement Institusionele Bevordering gepubliseer. Die jaarverslag verskyn ook op die NWU se webtuiste by http://www.nwu.ac.za/af/i-gm/index_a.html. Hierdie publikasie is ook in Engels beskikbaar.